# Hersiene Teks

# van die

# Psalms en Skrifberymings

# (Totius 1937)

**CALVYN JUBILEUM BOEKEFONDS**

Deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Deputies of the Reformed Churches in South Africa

www.cjbf.co.za

Posbus 20004, Noordbrug, 2522
+27(0)18-297-3986
+27(0)18-294-1042
vs@cjbf.co.za

PO Box 20004, Noordbrug, 2522
+27(0)18-297-3986
+27(0)18-294-1042
cp@cjbf.co.za

# INHOUDSOPGAWE


**PSALMS ..... 10**

Psalm 1 ..... 11
Psalm 2 ..... 12
Psalm 3 ..... 14
Psalm 4 ..... 15
Psalm 5 ..... 16
Psalm 6 ..... 18
Psalm 7 ..... 20
Psalm 8 ..... 22
Psalm 9 ..... 23
Psalm 10 ..... 25
Psalm 11 ..... 27
Psalm 12 ..... 28
Psalm 13 ..... 29
Psalm 14 ..... 30
Psalm 15 ..... 31
Psalm 16 ..... 32
Psalm 17 ..... 33
Psalm 18 ..... 35
Psalm 19 ..... 39
Psalm 20 ..... 41
Psalm 21 ..... 42
Psalm 22 ..... 44
Psalm 23 ..... 47
Psalm 24 ..... 48
Psalm 25 ..... 49
Psalm 26 ..... 51
Psalm 27 ..... 52
Psalm 28 ..... 54
Psalm 29 ..... 55
Psalm 30 ..... 56
Psalm 31 ..... 58

Psalm 32 ........ 61
Psalm 33 ........ 63
Psalm 34 ........ 66
Psalm 35 ........ 68
Psalm 36 ........ 71
Psalm 37 ........ 72
Psalm 38 ........ 75
Psalm 39 ........ 78
Psalm 40 ........ 79
Psalm 41 ........ 81
Psalm 42 ........ 83
Psalm 43 ........ 85
Psalm 44 ........ 86
Psalm 45 ........ 88
Psalm 46 ........ 90
Psalm 47 ........ 92
Psalm 48 ........ 93
Psalm 49 ........ 94
Psalm 50 ........ 96
Psalm 51 ........ 98
Psalm 52 ........ 100
Psalm 53 ........ 101
Psalm 54 ........ 102
Psalm 55 ........ 103
Psalm 56 ........ 105
Psalm 57 ........ 106
Psalm 58 ........ 107
Psalm 59 ........ 108
Psalm 60 ........ 110
Psalm 61 ........ 111
Psalm 62 ........ 112
Psalm 63 ........ 114
Psalm 64 ........ 116

Psalm 65 ........ 117
Psalm 66 ........ 119
Psalm 67 ........ 121
Psalm 68 ........ 122
Psalm 69 ........ 127
Psalm 70 ........ 129
Psalm 71 ........ 130
Psalm 72 ........ 133
Psalm 73 ........ 136
Psalm 74 ........ 139
Psalm 75 ........ 141
Psalm 76 ........ 142
Psalm 77 ........ 143
Psalm 78 ........ 145
Psalm 79 ........ 149
Psalm 80 ........ 150
Psalm 81 ........ 152
Psalm 82 ........ 155
Psalm 83 ........ 156
Psalm 84 ........ 158
Psalm 85 ........ 160
Psalm 86 ........ 161
Psalm 87 ........ 163
Psalm 88 ........ 164
Psalm 89 ........ 166
Psalm 90 ........ 169
Psalm 91 ........ 171
Psalm 92 ........ 173
Psalm 93 ........ 175
Psalm 94 ........ 176
Psalm 95 ........ 178
Psalm 96 ........ 179
Psalm 97 ........ 181

Psalm 98 .......... 183
Psalm 99 .......... 184
Psalm 100 .......... 185
Psalm 101 .......... 186
Psalm 102 .......... 187
Psalm 103 .......... 190
Psalm 104 .......... 192
Psalm 105 .......... 195
Psalm 106 .......... 199
Psalm 107 .......... 202
Psalm 108 .......... 206
Psalm 109 .......... 207
Psalm 110 .......... 209
Psalm 111 .......... 210
Psalm 112 .......... 211
Psalm 113 .......... 212
Psalm 114 .......... 213
Psalm 115 .......... 214
Psalm 116 .......... 216
Psalm 117 .......... 218
Psalm 118 .......... 219
Psalm 119 .......... 222
Psalm 120 .......... 235
Psalm 121 .......... 236
Psalm 122 .......... 237
Psalm 123 .......... 238
Psalm 124 .......... 239
Psalm 125 .......... 240
Psalm 126 .......... 241
Psalm 127 .......... 242
Psalm 128 .......... 243
Psalm 129 .......... 244
Psalm 130 .......... 245

Psalm 131 ... 246
Psalm 132 ... 247
Psalm 133 ... 249
Psalm 134 ... 250
Psalm 135 ... 251
Psalm 136 ... 253
Psalm 137 ... 256
Psalm 138 ... 257
Psalm 139 ... 258
Psalm 140 ... 260
Psalm 141 ... 262
Psalm 142 ... 264
Psalm 143 ... 265
Psalm 144 ... 267
Psalm 145 ... 268
Psalm 146 ... 270
Psalm 147 ... 272
Psalm 148 ... 274
Psalm 149 ... 275
Psalm 150 ... 276
**SKRIFBERYMINGS ... 277**
1 Lofsang van Maria (*Magnificat*) ... 278
Lukas1:46-55 ... 278
2 Lofsang van Sagaria (*Benedictus*) ... 279
Lukas 1:67-79 ... 279
3 Lofsang van Simeon (*Nunc dimittis*) ... 280
Lukas 2:29-32 ... 280
4 Engelesang ... 281
Lukas 2:8-20 ... 281
5 Die Woord het vlees geword ... 283
Johannes 1:14 ... 283
6 Die Kruiswoorde ... 284
Matteus 27:45, 46; Lukas 23:34, 43, 46; Johannes 19:26, 27, 28-30 ... 284
7 Die Lydenspsalm ... 286

Jesaja 53 ........ 286
8 Die lied van die Lam ........ 288
Op. 5:9-14 ........ 288
9 Die lied van Verlossing ........ 289
Openbaring 7:9–17 ........ 289
10 Paastriomf ........ 291
Romeine 8:33-36 ........ 291
11 Hemelvaart ........ 292
Handelinge 1:8–12 ........ 292
12 Vreugde en Wee ........ 293
Openbaring 12:10–12 ........ 293
13 Pinkster ........ 294
Handelinge 2:1–4, 16–21 ........ 294
14 Pinksterbelofte ........ 295
Esegiël 36:25–28 ........ 295
15 Laat jul kinders tot My nader ........ 296
Matteus 18:10–14; 19:14–15; Markus 10:14-16, ........ 296
16 Die lied van Saligheid ........ 297
Matteus 5:3–12 ........ 297
17 Die hart na Bo (*Sursum corda*) ........ 298
Matteus 6:25–34 ........ 298
18 Kom na My toe ........ 299
Matteus 11:25–30 ........ 299
19 Die Vaderliefde van God ........ 300
Lukas 15: 18–24 ........ 300
20 Lied van die sugtende skepsel ........ 301
Romeine 8:19–27 ........ 301
21 Die Liefde ........ 303
1 Korintiërs 13:1–8 ........ 303
22 Troos ........ 304
Jesaja 40:1–11 ........ 304
23 Verby ........ 306
Openbaring 21:1–4 ........ 306
24 Verkiesingsjubel ........ 307
Efesiërs 1:3–14 ........ 307
25 Seënbede ........ 309

Op. 1:4-6 .... 309
26 Die Tien Gebooie .... 310
Eksodus 20:1–7; Strofe 11: Romeine 3:10–12, 6:4 .... 310
27 Ek Glo .... 312
Die Twaalf Artikels / Apostoliese geloofsbelydenis .... 312
28 A Onse Vader .... 313
Matteus 6:9–13 .... 313
28 B Onse Vader .... 314
29 Halleluja .... 315
Openbaring 19:1–9 .... 315
30 ‘n Nuwe Wêreld .... 317
Openbaring 22:1–5 .... 317
31 Christus die Oorwinnaar (*Christus Triumphator*) .... 318
Openbaring 19:11–16 .... 318
32 God is Koning .... 319
Openbaring 11:15–19 .... 319
33 Wat ‘n Liefde .... 320
1 Johannes 3:1–5 .... 320
34 Die HERE is God .... 321
Jesaja 45:1–11 .... 321
35 Aan God alleen die eer (*Soli Deo Gloria*) .... 322
Romeine 11:33–36 .... 322
36 Lofsang van die 144 000 .... 323
Openbaring 14:2–5 .... 323
37 Oorwinnarslied by Eindgerig .... 324
Openbaring 15:2 – 4 .... 324
38 Die eerste liefde .... 325
Openbaring 2:1–7 Aan Efese .... 325
39 Getrou tot die dood .... 326
Openbaring 2:8–11 Aan Smirna .... 326
40 Word wakker .... 327
Openbaring 2:12–17 Aan Pergamus .... 327
41 Bewaar my Woord .... 328
Openbaring 2:18–28 Aan Tiatira .... 328
42 Jy is dood .... 329
Openbaring 3:1–6 Aan Sardis .... 329

43 Omdat jy my Woord bewaar het........ 330
Openbaring 3:7–13 Aan Filadelfia ........ 330
44 Ek wag al voor die deur........ 332
Op. 3:14-22 Aan Laodisea ........ 332
45 Die Nuwe Jerusalem........ 333
Op. 21:10-27 ........ 333
46 Dag van wraak ........ 335
Openbaring 20:11–15 ........ 335
47 Priesterlike Seën........ 336
Numeri 6:24–26........ 336
48 Apostoliese Seën ........ 337
2 Korintiërs 13:13 ........ 337
49 Môresang........ 338
50 Aandsang........ 339

# PSALMS

## Psalm 1

1:1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan
waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of saam sit waar die spotglans in die oog is,
waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering,
bedags en snags weer in gedagt'nis bring.

1:2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant,
sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur sagte lentelugte,
sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen teenspoed wat hom in sy werk sal stuit;
wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

1:3 So is die sondaar nie; sy aardse tyd
is wisselspel en onbestendigheid.
Hy is soos kaf  aan stormwind prysgegewe;
in nietigheid, so eindig hy sy lewe;
hy hou nie stand voor God se aangesig
wanneer Hy oorgaan tot die strafgerig.

1:4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan;
sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het;
maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het –
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

## Psalm 2

2:1 Wat dring en dryf die wilde heidendom,
dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom,
en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek
en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: “Kom nou, laat ons hul bande breek
en van hul juk vir altyd ons ontslaan!”

2:2 Maar God die HEER van wie die regterstoel
bo sterre staan, sien van sy hoogtes neer;
Hy lag en spot dat hul so vrugt'loos woel
en, magteloos, verniet hul krag verteer.
God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog;
dan gloei die onweersligte in die lug.
Dis God wat spreek! Hy donder van omhoog
en jaag sy skrik hul in die aangesig.

2:3 “Durf jy dit waag om met my krag te twis?
Om uit my hand die Godsgesag te wring,
weerstand te bied teen wie almagtig is?
Vrees vir my toorn, verdwaasde sterweling!
Vergeefs wil jul my heerskappy weerstreef.
Ek het my Vors gesalf – wee wie Hom hoon! –
op Sionsberg van heiligheid omgeef,
waar Hy sal heers vanaf sy hemeltroon.”

2:4 En Ek, dié Vors, so hoog in mag en eer,
sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
“Ek self (sê God) het U gegenereer:
U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Ál wat U eis, dit gee Ek U gewis.
Sodat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis
en wêreldwydtes tot u heerskappy.

2:5 “U sal die trotsaards met u ysterstaf
soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;
U sal, as U u hand oplig tot straf,
hul opstandslus tot in die grond verderf.”
O konings, graag gehuldig en geëer -
laat nooit u hoogheid Gods Gesalfde hoon!
O regters, wat oortreders regstug leer,
aanvaar die tug wat u sy liefde toon.

2:6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd
met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid,
buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want gou kan God se gramskap jul verteer
net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER,
wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

## Psalm 3

3:1 Hoe groei my teenparty!
Hoe dring hul naderby!
Ek hoor al hoe hul laster:
“Hy het geen heil by God.”
Hul hoon my met hul spot
en keer my altyd vaster.
Maar U sal hulle stuit;
U voer die oorlog uit,
my God, my skild, my ere!
U sal my eer herstel,
U sal my kop optel,
want U verhoor my, HERE!

3:2 Van God se trou bewus,
was slaap my veil’ge rus
tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees,
hoe sterk hul ook mag wees
wat my beangs gemaak het.
Staan op, verlos my, HEER!
Verbreek hul tande weer!
U tem die oorlogsvolke!
Aan U die heil alleen!
Stort oor u volk u seën
soos druppels uit die wolke.

## Psalm 4

4:1 Verhoor my, HEER, in donker dae,
God van my reg, stuur troos vir my!
U wat my red uit hinderlae,
hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry,
hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer?
Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede?
Word leuentaal deur jul begeer?

4:2 Weet dat die Heer vir Hom tevore
ŉ gunst'ling afgesonder het,
en hy is, deur God self verkore,
nooit op sy swerftog ooit verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red.
O dienaars van die sonde, bewe!
Oortree nie teen sy heil'ge wil.
Deursoek jul hart, oordink jul lewe,
as eensaamheid jul bed omswewe,
verwag die HEER en wees net stil.

4:3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe?
Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe,
en Hom alleenlik aan te klewe,
op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë:
Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë,
sien op ons neer in mededoë,
verlig ons hart en ons gemoed!

4:4 U het my hart meer vreug gegewe
as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe,
met mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid.
Ek sal gerus gaan slaap in vrede
en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede,
U waak oor my in teënhede,
dat ek kan veilig woon, o HEER!

## Psalm 5

5:1 O HEER, neem my gebed ter ore!
Kan ek die regte woord nie spreek –
U weet wat in my woel en smeek;
my sug, as spraak nog ongebore,
is nie verlore.

5:2 Ek roep om hulp, ek is onmagtig,
die vleuels van my siel gebind.
Maar U, my Koning, wees u kind
in al sy swakheid tog gedagtig,
en reddingskragtig.

5:3 Wanneer die daglig straal oor rande
van skemerende berge neer,
dan bid en wag ek op U, HEER,
berei vir U my offerande
met will'ge hande.

5:4 O God, wat groot is van vermoë,
wat woon in smettelose lig,
U sal die goddeloosheid rig;
U kan die sondaar voor u oë
geensins gedoë.

5:5 U, HEER, verdelg die leuenspreker.
Hy wat sy hand met bloed bevlek
en gruwels met bedrog bedek -
hy terg, as bose wetverbreker,
die hoogste Wreker.

5:6 Maar ek, uit krag van u meedoë
mag ingaan in u heiligdom,
tot voor u tempelwoning kom
met ware Godsvrees, voor u oë
diep neergeboë.

5:7 Lei my in u geregtighede,
beskaam my vyande en baan
die pad waarop my voet moet gaan.
O hoor my pelgrimsmôrebede:
Bewaak my skrede!

5:8 Hul mond is altyd onwaaragtig,
hul binneste op kwaad bedag,[1]
hul keel 'n ope graf wat wag;
hul gladde tong, in woorde magtig,
is leuenagtig.

---

[1] Bedag: bedink (het); vooruit bedink om voorbereid te kan wees;

5:9 Waarom, o HEER, met hul geduldig?
Dis hemeltergers wat daar woel!
Verdryf hul van u regterstoel.
Hul leef in misdaad menigvuldig:
Verklaar hul skuldig!

5:10 Maar laat in eewge blydskap lewe
wie by U skuil in veil’ge hut,
en laat hul juig, deur U beskut.
U Naam, grootmagtig en verhewe,
bied vreugdelewe.

5:11 Daar 's vreugde, want u mag bekroon hul,
u seën is oor hul ryk en mild,
u sorg is om hul soos 'n skild,
u welbehae, HEER, beloon hul,
u guns verskoon hul.

## Psalm 6

6:1 Wil my, o HEER, nie straf nie,
wys my in toorn nie af nie,
sien my genadig aan;
laat in my teëspoede
'n alte strenge roede
my nie met gramskap slaan!

6:2 Laat, HEER, u oog in strakheid
nie neersien op my swakheid.
Genees my, merk tog hoe
die smart my siel beswaar het,
die skrik in my gevaar het
tot in my beend’re toe.

6:3 My siel, deur skrik bewoë,
smeek om u mededoë;
my hart keer om en om.
In my verbrys’ling kla ek,
o HEER, hoe lank nog, vra ek,
voor daar verligting kom?

6:4 Kom weer tot my bevryding,
verlos my uit my lyding,
straal goedheid op my af.
Want daar's geen lofgedagte
vir U in dood se nagte,
geen lofstem in die graf!

6:5 Hoe moeg is al my lede,
waar ek in angstighede
van geen verposing weet.
Die gansenag deurweek ek
my bed met trane, smeek ek
om redding uit my leed.

6:6 My oog is deur my kwale
verdof en sonder strale,
verouderd van geween;
waar ek in my ellende
verdruk word deur 'n bende
van haters om my heen.

6:7 Gaan weg in julle boosheid,
o werkers van godloosheid,
want God kom naderby.
In my geween en smeking,
verbrys'ling en verbreking
verhoor die HERE my.

6:8 Waar is my opponente?
'n Skrik het daardie bende
verstom en om laat keer.
Hul hoogheid lê aan bande,
'n oogwink – en hul skande
daal op hul koppe neer.

## Psalm 7

7:1 HEER, my God, by wie ek skuiling,
redding soek – my teenparty
wat my jaag op al my spore,
dring gedurig naderby.
As u hand my nie verlos nie,
sal hul lewend my verslind,
soos 'n leeu die arme skaaplam
wat hy sonder herder vind.

7:2 HEER, my God, wat is my sonde?
Het die skuld my aangekleef
dat ek kwaad hom aangedoen het
wat met my as vriend wou leef?
Nee, ek het die hand van vriendskap
reddend na hom uitgesteek,
ook al was die band van vriendskap
deur sy vyandskap verbreek.

7:3 As ek met 'n valse weegskaal
leed vir guns en kwaad vir goed
vir my vyand afgeweeg het,
laat sy wraak my dan ontmoet.
Laat hom my dan jaag en inhaal
en my lewe nie verskoon,
my vertrap, my eer verneder
en my in die stof laat woon.

7:4 HEER, ontwaak en keer sy woede
met die vuurskerm van u wraak!
Daag hom voor die hoogste Regter;
en, o HEER, verhoor my saak!
Spreek u vonnis voor die volke
oor hom uit en gooi hom neer!
Keer dan majesteitlik, HERE,
na die eewge hoogtes weer.

7:5 Hoor, o Regter van die volke!
Doen aan my, o God, tog reg!
Bid ek reg, o hoor my bede
na die waarheid van my weg!
Straf die goddelose bende,
stel hul boosheid perk en paal!
Help my, U wat hart en niere
met u kennislig deurstraal.

7:6 Soos 'n held met skild gewapen
aanstap sonder kommernis,
so voel ek by God my veilig
wat my skild en helper is.
Want Hy is die hoogste regter
wat die lyer reg verskaf;
elke dag ontvlam sy wraakvuur
wat die onregwerkers straf.

7:7 As die vyand in sy oormoed
hom nie in sy loop laat stuit,
dan ruk God, hoewel lankmoedig,
eindelik sy slagswaard uit.
Dan span Hy sy boog en mik Hy
met sy pyle, skerp en spits;
en die vyand, voor hy neerplof,
sien die dodelike blits.

7:8 Want hy was gevul met onreg,
kwaad en leuens het hy versin;
en nou stort hy self, die grawer,
in sy eie vangkuil in.
Sal ek dan die HEER nie loof nie
en sy Naam nie hulde bring?
Nie oor groot verlossingsdade
van die Allerhoogste sing?

*Alternatief:*

Ek sal die HERE loof en prys [2]
en sy Naam my hulde bring;
oor die groot verlossingsdade
van die Allerhoogste sing.

[2] Die Bybelteks is nie in vraagvorm nie

## Psalm 8

8:1 Daar is geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid -
of orals blink u Naam en majesteit.

8:2 U het, o HEER, wat troon oor alle dinge,
uit kindermond en stem van suigelinge
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg
wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

8:3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan –

8:4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so veel geskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die eng'le om u troon.

8:5 U laat hom heers. Tot aan die verste strande
gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o HEER, dit onder hom gestel,
dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

8:6 Die os en skaap en wat in wildheid lewe,
die voëls wat deur hoë lugte swewe,
al wat deurkruis die paaie van die see –
tesaam het U dit in sy mag gegee.

8:7 Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid –
of orals blink u Naam en majesteit.

## Psalm 9

9:1 Ek sal van ganser harte, HEER,
u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is,
aan wie my lofsang toegewy is;

9:2 omdat my vyand, hoe gedug,
teruggewyk het en gevlug;
omdat hy voor u oë wég is,
en, HEER, my saak deur U besleg is.

9:3 Die Regterstroon het U bestyg,
U het die heidendom gedreig,
sodat die sondaars uitgewis is
van hul geen naam voor u gesig is.

9:4 Die vyande het omgekom;
hul stede is nou stil en stom,
kliphope waar geen pad of spoor is,
dis al wat van hul grootheid oor is.

9:5 Maar bo wat wissel en vergaan,
bly ewig God se rykstroon staan.
Hy vel sy vonnis uit die wolke,
regverdig oordeel Hy die volke.

9:6 Die HEER sal, soos 'n rotsskans, dek
wie hier getrap word op die nek.
Hy is 'n vesting hoog verhewe,
en sal in nood hul nooit begewe.

9:7 Die hart van hul wat U bely,
sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertroue,
is by U veilig en behoue.

9:8 Sing lof aan Hom op Sions troon,
vertel sy roem waar volke woon!
Geen bloedskuld waar Hy nie van weet nie,
of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.

9:9 Bewys aan my genade, HEER,
en sien op my ellende neer!
U wat my aan die dood ontruk het,
kyk, hoe my haters my verdruk het!

9:10 Dan vind my tong weer nuwe stof,
in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade,
so groot in nuwe reddingsdade.

9:11 Die heid'ne, deur hul waan mislei,
stort in die kuil vir my berei;
die strik wat hul vir my bestem het,
is dié wat nou hul voet omklem het.

9:12 O oordeel vol geheimenis,
wat meld dat God regverdig is!
Hoe raak verstrik in eie nette
wie geen ontsag het vir Gods wette!

9:13 Die goddelose moet weer wyk,
teruggaan na die doderyk;
die grafkuil wat God wyd gemeet het,
daarin versink wie Hom vergeet het.

9:14 Behoeftiges wat kwyn in leed,
sal God nie eindeloos vergeet;
Hy sal die hoop van hul bestendig
wat hier verdruk is en ellendig.

9:15 Staan op, o HEER; die mens word sterk!
Vergeld die heid'ne na hul werk!
Verskrik hul, groot in goddeloosheid,
maar nietig voor U in hul broosheid!

## Psalm 10

10:1 Waarom, o HEER, bly U so ver weg staan?
Waarom is U verborge in die nood –
terwyl die trotsaard, in sy hoogmoed groot,
dring met geweld op die verdrukte aan?

10:2 Laat hom gevang word wat met lis beraam;
wat juig wanneer sy planne hom geluk,
wat prys wanneer die gierigaard verdruk,
maar God verag en grootpraat teen sy Naam.

10:3 Die goddelose wandel in sy waan:
hoogwys het hy sy neus omhooggesteek,
vermetel het sy mond dit uitgespreek:
"Daar is geen God!" En rustig stap hy aan.

10:4 Hy is voorspoedig waar sy voetstap gaan:
"Hoog in die hoogte, eind'loos ver," dink hy,
"is Gods gerig: geen loon of straf vir my."
En hy verag dié wat hom teëstaan.

10:5 Hy roem dat hy sal standhou vir altyd,
en dat hy nooit ooit in die kwaad sal kom.
Hy vloek, bedrieg, gaan met verdrukking om;
sy tong saai kwaad en ongeregtigheid.

10:6 Net soos 'n leeu wat loer, lê hy gereed.
Hy vang sy prooi deur aan sy net te trek
en sleep hom weg, diep in sy wegkruipplek;
die arme slag hy daar – wie sal dit weet?

10:7 Hy smaad die HEER en dink: "God het vergeet.
Hy sluit sy oog en sien dit nimmermeer."
Tree toe, en wil die arme red, o HEER;
dit is genoeg as U maar sien en weet.

10:8 Ons gee dit oor in ons bekommernis
aan U, o HEER, die helper van die wees.
Verbreek die arm van hom wat U nie vrees,
vergeld die kwaad totdat daar niks meer is.

10:9 Die HEER is Koning, ewig en altyd;
die heidendom moet voor Hom ondergaan.
maar die geroep hoor Hy goedgunstig aan
van wie ootmoedig op sy bondstrou pleit.

10:10 God sal hul hoor en sal die hart verkwik
van arme⁀en wees aan wie Hy reg verskaf,
maar op verdrukkers daal sy strenge straf,
hul brose arm sal niemand meer verskrik.

## Psalm 11

11:1 Ek skuil by God in al my onweersdae.
Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:
“Vlug soos 'n duif met snelle vleuelslae
die berge in, van vrees en vyand vry!

11:2 “Hul span die boog; die pyl is op die snare
om die opregtes heimlik om te bring.
Wat kan hy doen as die geweldenare
die reg verbreek en uit die land verdring?”

11:3 Daar is 'n God, 'n God wat hoog verhewe
uit sy paleis – sy bouwerk is so skoon! –
die oog het op wie laag op aarde lewe;
sy oordeel vel Hy van sy hoë troon.

11:4 Die HERE toets hul wat regverdig lewe,
maar haat hom wat vir geen gewelddaad vrees;
hy word aan strikke⁀en vuurgloed oorgegewe,
'n gloeiwind sal sy straf vir onreg wees.

11:5 Die HEER is reg, regverdig is sy handel.
Hy min die reg en bly daaraan getrou.
Opregtes vind die uitkoms van hul wandel:
hul sal die aangesig van God aanskou.

## Psalm 12

12:1 Red, red en hoor, o HEER,
geen vrome is daar meer;
getrouheid, in die land reeds klein,
het nou daaruit verdwyn.

12:2 Die mens praat onopreg,
'n woord met leuens deurvleg;
die taal wat van hul lippe gly,
is blote vleiery.

12:3 Mag God die lip uitroei
waarvan die vleitaal vloei,
die tong wat vry en onbewaak
vermetel is van spraak.

12:4 Hul sê: “Ons tong is sterk,
in slimheid onbeperk.
Ons lippe is aan ons getrou;
wie kan ons dan weerhou?”

12:5 “Oor wie verkwyn in druk
en sug in ongeluk,
sal Ek nou opstaan in verweer,
hul uitred,” sê die HEER.

12:6 Die woorde van die HEER
is rein, gelouter meer
as allersuiwerste metaal,
gereinig sewe maal.

12:7 Die HEER sal in gevaar
sy volk altyd bewaar;
as lis en laagheid triomfeer
dan waak en sorg die HEER.

## Psalm 13

13:1 Hoe lank sal U my bly vergeet,
hoe lank voor U weer van my weet?
Hoe lank sal ek in donkerhede
geen antwoord hoor op my gebede,
en ongetroos wees in my leed?

13:2 Hoe lank, o HEER, sal sorg en smart
hul laer opslaan om my hart?
Hoe lank die vyand met behae
my aansien in my angs en plae –
my siel mistroostig en verward?

13:3 O HEER, my God, sien my tog aan,
wil my ellende gadeslaan;
U wat so groot is van vermoë,
verlig die donker van my oë
dat ek nie nou al dood sal gaan.

13:4 Laat hulle wat in oormoed my
vervolg en met hul swaard bestry –
laat hul nie roem op groter kragte,
of smalend sê in hul gedagte:
“Ons het oorwin, daar struikel hy!”

13:5 O HEER, ek sal U nooit laat gaan.
My hoop bly op u goedheid staan.
My hart sal oor u redding bly wees,
my lofsang sal U toegewy wees,
want U het aan my welgedaan.

## Psalm 14

14:1 Vermeetle dwaas wat hoogwys spot,
sê in sy hart: “Daar is geen God.”
Hul dade is afgryslik, sleg;
geeneen wat goed doen in sy weg.

14:2 God het die mens se werk bekyk,
hoe dit vanuit die hemel lyk,
of Hy ook by die mensekind
verstand mét ware Godsvrees vind.

14:3 Maar almal het tot groter kwaad
in hul ontaarding God verlaat.
Van almal is die dade sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.

14:4 Is daar dan by die sondaarskind,
hul wat my volk soos brood verslind,
geen kennis van die waarheid meer,
dat hulle God nie soek en eer?

14:5 Maar skielik het hul skrik gekom:
God slaan hul deur sy oordeel stom.
Maar oor sy volk, tot spot gemaak,
het Hy regverdiglik gewaak!

14:6 Hy is 'n rots om na te vlug
vir wie, ellendig, tot Hom sug.
Mag die gebede nooit verstom:
“Laat Israels heil uit Sion kom!”

14:7 As Israels God in hul ellend
sy volk se lotgeval wil wend,
sal Jakob jubel, bly van gees,
en Israel sal vrolik wees.

## Psalm 15

15:1 Wie styg so hoog in heil en eer,
dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER,
kan op u heil’ge berg verkeer
en intrek in u heil’ge woning?

15:2 Dié wat, opreg in sy gemoed,
na Gods verhewe eis wil handel,
hom vir bedrog en leuen hoed;
en, is dit voor- of teëspoed,
die waarheid praat in hart en wandel.

15:3 Dié wat nie deel in skinderpraat,
geen kwaad doen aan sy metgesel nie;
hy wat nie uit verborge haat
die laster oor sy lippe laat,
en dit nie aanhoor of vertel nie.

15:4 Dié wat hom van die manne keer
wat God en sy bevel nie vrees nie;
maar die godvrugtiges wil eer,
en in sy eed nie valslik sweer,
of aan sy woord ontrou wil wees nie.

15:5 Dié wat geen hoop op roof wil stel
en woekerwinste nie begeer nie,
geen omkoopgeld hom af laat tel
om wie onskuldig is, te kwel –
hy sal nie wankel immermeer nie.

## Psalm 16

16:1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou!
Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou,
geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aard' U ken en vrees, o HERE,
húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

16: 2 Wie hier 'n ander god met gawes eer,
dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer;
sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker,
my lot is in sy hand vir ewig seker.

16:3 My erfdeel hier op aard' is mooi vir my;
so lieflik uitgemeet die skoonste streke.
Ek loof die HEER wat deur sy raad my lei;
selfs in die nag, bewus van my gebreke,
kom diep uit my ŉ dwingende verlange
om God te dank in stille lofgesange.

16:4 'n Ydel vrees beklem my nou nie meer:
ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, ek gee Hom juigend eer:
"Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,
nog veilig woon, omdat die HEER naby is.

16:5 U sal my siel nie oorgee in die dood,
my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot
verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreug en volle vrede,
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

## Psalm 17

17:1 O HERE, wil my tog verhoor;
my saak – U weet dit – is regverdig.
En wil my smeking nou verwerdig
dat dit kan opklim in u oor.
Dit is geen valsheid as ek vra nie,
my lippe bewend in gebed:
Ag, as U maar my saak wou red,
U wat geen onreg kan verdra nie.

17:2 U weet wat in my hart is nou,
want dikwels in die stille nagte
het U my hart en my gedagte
tot in my diepste grond deurskou.
Ek sien nou helder, want u woorde
laat kyk my by die mens verby;
U't my geleer,– ek sal vermy
die pad na goddelose oorde.

17:3 My treë hou ek in u spoor,
en dat my voet nie weg sou gly nie,
is my geen helper so naby nie!
Ek roep; ag, wil my tog verhoor.
U is my redder – niemand anders!
Gee my u gunsbewyse, want
ek skuil net by u regterhand
vir sterk en sluwe teëstanders.

17:4 Net soos die appel van die oog,
bewaar my so, Getroue, Sterke!
Oordek my met u eewge vlerke,
met u bewaring van omhoog;
sodat die skaar wat my omring het,
vergeefs na my sal soek, o God,
vergeefs sal jubel oor my lot
as hul al amper my bespring het.

17:5 Niks wat hul meegevoel meer wek,
en niks weerhou hul trotse woorde.
Alreeds kom hul uit alle oorde
en wil ons op die grond vastrek.
Geen leeu is slimmer in sy planne
as hul wat op my lê en wag;
geen roofdier, vinnig op die jag,
is sluwer as die sluwe manne.

17:6 Staan op, o HEER, en wil hul stuit!
Verlos my van die goddelose;
u hand, u swaard, laat dit die bose
terneer werp; laat hul in hul buit
u toorn as skat dra tot hul sterwe.
Laat hul dit as ’n sondesaad
weer aan hul kinders agterlaat,
wat dit húl kinders weer laat erwe.

17:7 'n Beter lot is dan my deel:
as ek ontwaak, ná my benouing,[3]
sal ek U sien in klare⁀aanskouing**,**
versadig met u beeld geheel.

[3] Benou,benouing: bang, beangs wees/maak

## Psalm 18

18:1 Ek het U hartlik lief, o HEER!
U is my sterkte, my verweer.
Die HEER’s my rots, my vesting sterk,
my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil,
my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil,
by wie ek vas en veilig skuil.

18:2 Tot U, van wie my lofsang is,
roep ek in my bekommernis
en – van my vyand word ek vry!
Want bande van die dood het my
omring en strome van verderf,
wat aanstorm uit die donker wyk
van kuil en graf en doderyk,
met kwellings waar die hart by sterf.

18:3 Benoud het ek tot U gevlug;
na U geroep met sware sug;
ek het in doodsangs uitgebreek
en God, my God, om hulp gesmeek.
Hy het geluister, my verhoor:
my stem het luid omhooggerys,
het deurgedring in sy paleis,
en opgeklim tot in sy oor.

18:4 Toe het die aard' se ingewand,
die berge in hul vaste stand
gebeef, gesidder skrik-verras,
omdat die HERE toornig was.
Rook uit sy neus het opgegaan,
vuur wat verteer na alle kant
het uit sy lippe voortgebrand,
en kolegloed het uitgeslaan.

18:5 Die hemel het ontsag betuig
en by Gods neervaart neergebuig;
en donkerheid van watervloed,
'n onweersnag was om sy voet.
'n Gérub was sy oorlogswa.
Hy het gevlieg en aangesweef
– terwyl dit om Hom skud en beef –
op vleuels van die wind gedra.

18:6 Die donker hemel was sy hut,
die donker nag het Hom beskut:
in waterduisternis alom
en diktes van die wolkkolom.
Deur glanse voor Hom, om Hom heen,
sy gloriewese gans oordek,
het swaar sy wolk verbygetrek
met onweersvuur en haelsteen.

18:7 Die HEER‘t laat dreun die hemel oor,
die hoogste God sy stem laat hoor,
sy stem mét vuur en haelsteen,
die drie tesaam en wild deureen.
Hy het sy pyle uitgestuur
en húl verstrooi wat my beveg,
sy weerlig deur hul heen gevleg
en hul verwar in onheilsuur.

18:8 In beddings waar die waters loop,
raak rotse tot hul wortels oop.
Die see wyk uit sy stille skoot
en spoel die aardfondasie bloot.
So‘t God die wêreld, stomverbaas,
laat sidder vir sy dreigement,
Hom bulderend omlaag gewend
as Hy 'n storm van gramskap blaas.

18:9 Sy hand het Hy van bo gestrek,
gegryp, uit dieptes my getrek,
my vyande, te sterk vir my,
beteuel in hul raserny.
Hul‘t aangestorm. 'n Dag van nood!
Maar God, my helper, was naby;
in ruimtes is ek uitgelei,
want sy behae⁀in my was groot.

18:10 Die HEER't my ondanks hul geweld,
na my geregtigheid vergeld;
en na die reinheid van my hand
doen Hy sy woord aan my gestand.
Ek het nie, aan sy stem ontrou,
sy pad verlaat, aan hul gelyk
wat goddelooslik af wou wyk,
maar het my aan sy spoor gehou.

18:11 Sy insetting, dié was voor my,
ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom
en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys,
en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand
en Hy't my reg my toegewys.

18:12 Barmhartig en vol medely,
is U vir wie barmhartig bly;
en wie opreg is, U sal hom
ook met opregtheid teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin,
hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn,
is U ook self verkeerd van sin.

18:13 Die HEER verlig die harde juk
van wie hier sug in leed en druk;
maar Hy verneder dié wat hoog
en ydel is van hart en oog.
My lamp brand in die donker uur;
God het my donker opgeklaar!
Met God storm ek 'n leërskaar
en spring ek oor 'n stad se muur!

18:14 Gods weg is gans volmaak soos Hy,
sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal.
Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou.
Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer,
op wie ons altyd weer kan bou.

18:15 God het met krag my aangegord;
deur Hom't my weg gelyk geword.
Hy laat my voete op dié baan
so maklik soos 'n  ribbok gaan,
en lei my na die hoogtes van
oorwinningsvreug en heerskappy;
my hande leer Hy om te stry,
dat ek 'n koperboog kan span.

18:16 Die skild van redding gee U my,
u regterhand was my naby;
u goedheid het my aangeraak
en my uit kleinheid groot gemaak.
My voet was deur u guns weer vry,
my enkels het my nie gefaal;
ek het my vyand ingehaal,
verdelg, geeneen het oorgebly.

18:17 Ek het hul gans en al verslaan,
van hul‘t  geeneen weer opgestaan.
U het my aangegord met moed,
hul het gestruikel voor my voet.
My teëstanders het geval,
U het my vyand weg laat vlug;
vir haters was ek so gedug
dat hul verslaan is, heeltemal.

18:18 Hul het geroep, geen hulp gekry,
ook tot die HEER – Hy‘t stilgebly.
Ek maal hul fyn soos stof, en laat
hul spat soos modder uit ’n straat.
God red my as my dienaars twis,
en maak dat uit die heidendom
die nasies na my voetbank kom
en aan my onderdanig is.

18:19 Hul was gehoorsaam as hul oor
net van my roem en dade hoor.
Hul het al kruipende gekom;
uit vestings skuif hul, kragloos, krom.
Die HERE leef! Lof aan my Rots!
Sy Naam word deur my groot gemaak!
Hy gee my op my vyand wraak
en breek die volke in hul trots.

18:20 U wat my red, my hoog verhef,
die vyand fnuik, tiranne tref –
U wil ek loof, U singend eer,
U by die nasies groot maak, HEER,
en U vir groot verlossings prys!
Aan u gesalfde⁀is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag:
Aan U die eer en roem en krag!

## Psalm 19 [4]

19:1 Die hoë hemelrond
vertel met blye mond
Gods heerlikheid en eer.
En, wonderbaar deurglans,
vermeld die wye trans
die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid
en duisendstemmig uit
die lof aan Hom verskuldig.
Die nag se stille stap
meld kunde⁀en wetenskap
wat Hom voortdurend huldig.

19:2 Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar dié toon
wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf,
geen oor so onbeskaaf,
wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemellyn
wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor
dié skeppingstaal nie hoor –
tot roem van God almagtig.

19:3 Hy't in die wonderbou / van eewge hemelblou
die son se tent gestig.
Dié's soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom
met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld
Van hoë hemeltranse,
Hy het sy swaai en spoor, / die ganse wêreld oor
Wat blink van gloed en glanse.

19:4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet,
en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is,
die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly
en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig
wat afstraal op die oë.

---

[4] Die uitleg van hierdie Psalm verskil totaal van die oorspronklike gedig van Totius. Gelukkig het dié fout geen invloed op die melodie nie. Om dit reg te stel, is eenvoudig. Strofes 1 en 2 dien as voorbeeld.

19:5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein
van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer,
regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – ja, fyner duisendvoud –
geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet –
daar's niks wat daarby haal nie.

19:6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan,
en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin
'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan
en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog
diep in my hart bly steek het.

19:7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad
u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry
van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond,
o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees –
my Rots, op wie 'k gebou het.

## Psalm 20

20:1 O, mag die HERE u verhoor
in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God
u dek in oorlogstyd!

20:2 Mag Hy sy heil en bystand stuur
uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun,
van waar u hulp sal kom.

20:3 Mag Hy aan al u offers dink
van fynste spys, en nou
u offerbrand wat voor Hom geur,
met welgevalle⁀aanskou

20:4 Mag Hy, die ryke God, u gee
al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam –
mag u dié guns ontvang!

20:5 Ons wil oor u oorwinning juig –
die vaandels jubel mee!
Ons loof die Naam van onse God.
Mag Hy u wens u gee!

20:6 Nou weet ek dat die HERE sy
gesalfde sal verhoor;
uit heil'ge hemel antwoord Hy,
tot magsdaad aangespoor.

20:7 Daar is wat op hul strydwaens roem,
op oorlogsperde trots;
maar ons sal ons beroem in God,
ons helper en ons rots.

20:8 Hul almal't inmekaargesak,
geval, voor ons geswig;
maar ons het kragtig opgestaan
en ons weer opgerig.

20:9 Verlos die koning, troue HEER,
en sterk hom in die stryd!
Verhoor ons as ons tot U roep
in druk en oorlogstyd!

## Psalm 21

21:1 U maak, o HEER, die koning bly,
omdat u arm so sterk is,
sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry;
U het wat hy begeer,
geweier nóg gekeer.

21:2 U kom hom vriend'lik tegemoet
met stroom van goeie dinge
en ryke seëninge.
U het 'n kroon van fynste gloed,
van voorspoed en geluk,
hom op die hoof gedruk.

21:3 Hy het van U, o God, begeer
om baie lank te lewe.[5]
U het dit hom gegewe.
So word sy dae altyd meer,
so leef hy eindeloos,
vir ewig en altoos.

21:4 Hoe hoog is deur u hulp sy staat:
U‘t majesteit en ere
op hom gelê, o HERE.
Sy seën ken geen tyd of maat;
en van u aangesig
straal vrolikheid en lig.

21:5 Die vors vertrou in vrede⁀en stryd
op God se alvermoë,
Hom seën die Alhoë;
en deur sy goedertierenheid
sal, hoe dit ook mag gaan,
sy voete vas bly staan.

21:6 U hand sál al u haters vind;
vir hul is u verskyning
verbranding en verdwyning.
Die toorn van God sal hul verslind,
'n wraakvuur van die HEER
hul heeltemal verteer.

[5] Kyk Keil und Delitzsch; 1 Kon.1:31

21:7 Hul somervrug, hul lenteblom,
hul kroos sal U verderwe;
U sal hul weg laat sterwe.
Ons vind van hul, waar ons ook kom,
geen spoor of teken meer –
só het U hul verteer.

21:8 Met onheil het hul U omring,
teen U hul slinkse planne
vergeefs gesmee, die manne
wat U nou tot die vlug sal dwing;
u pyle, goed gerig,
skiet U in hul gesig.

21:9 Verhef U in u sterkte, HEER,
en laat u groot vermoë
gesien word voor die oë
van almal wat U roem en eer!
Ons buig ons voor u mag
en prys u heldekrag.

## Psalm 22 [6]

22:1 My God, my God, waarom verlaat U **my**,
terwyl 'k alleen my sware stryd moet **stry**,
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde **ly**?
Op al my **vrae**
kan ek van U, deur al my lydens**dae**,
geen antwoord **kry**;
deur donker lydens**nagte**
bly ek nie stil, maar daar's geen heil te **wagte**,
geen woord vir **my**.

22:2 Tog sprei U, HEER, u reddingsglans ten toon
waar U, die Heil'ge, by u volk wil woon
en op die vleuels van hul lofsang troon.
Die jammerklagte
het U gehoor van verre voorgeslagte;
hul is gered! In stille Godsvertroue
het hul ontvlug, steeds veilig en behoue
op hul gebed.

22:3 Maar ek, ek is 'n wurm – 'n man nie meer,
'n smaad van wie deur spotsug my onteer.
"Laat dit maar oor," so roep hul, "aan sý HEER!"
My heilsverwagting
krenk hul met hoofgeskud en diep veragting
van lipgebaar. "Wat kla hy so verslae?
Laat God hom red. Hy't mos in hom behae.
Vertrou Hom maar!"

22:4 Die lewenslig het U my laat aanskou;
aan moedersbors het U my laat vertrou,
verwagtingsvol die oog op U laat hou.
My hele lewe
was aan u sorg blymoedig oorgegewe;
daar was by my, as suigling by my moeder,
geen vrees, want U, my helper en behoeder,
was my naby.

---

[6] Volgens die versstruktuur en die rympatroon moet die woorde in kort en langer reëls gedruk word. Dit staan ook so in die onveranderde 1937-uitgawes, en in die Versamelde Werke. Dit is die skryfwyse volgens die intensie van die outeur, en is noodsaaklik vir die leser/sanger om die verwikkelde rym- en ritmeskema te geniet en te waardeer. Die eerste strofe is so uiteengesit as voorbeeld.

22:5 Wees dan my hulp, hou U nie ver van my!
Die nood kwel my, benoudheid is naby;
daar's buiten U, terwyl 'k so bitter ly,
geen hulp te wagte.
Die Basansbulle met hul reusekragte
omsingel my. Hoe wild en ongebonde
dring hul soos leeus met oopgespalkte monde
al naderby!

22:6 Ek's uitgestort en vloei soos water weg;
daar is geen been wat aan sy been meer heg;
my hart, soos was, smelt uit my binnest' weg.
My krag versterwe
soos glans en kleur verdwyn uit erdeskerwe
al droog en dof. My tong verstom en klewe
vas aan my mond; U lê my, uitgelewe,
dood in die stof.

22:7 Om my staan honde wat my wil bespring:
'n bende skenders[7] staan om my 'n kring.
Hul staal het my deur hand en voet gedring.
Met welgevalle
sien hul die skouspel aan wat my vervalle,
siek lyf hul bied. My klere, dié verdeel hul;
oor my gewaad werp hul die lot; so speel hul
met my verdriet.

22:8 Maar U, o HEER, wees U nie ver van my!
U is my krag, kom tot my hulp naby,
en maak my siel, my enigste, weer vry
van kloue⁀en tande,
van oorlogswaard en greep van moord'naarshande.
Tog is dit goed met my; in die beklemming
van buffelhorings ruis die reddingstemming
deur my gemoed.

22:9 Ek wil, o HEER, u Naam my loflied wy,
in broederkring verkondig en bely
hoe goed U was vir my, en hoe naby.
Nakomelinge
van Jakob, volk van soveel seëninge,
en Israel, geslag van gunstelinge –
laat wie God vrees, uit altyd wyer kringe
sy lof vertel.

[7] Skender: honer, lasteraar, smader, onteerder

22:10 Die HEER het hom wat diep ellendig is
nie afgewys in sy bekommernis,
maar hom gehoor omdat Hy naby is.
HEER, álle dinge –
my liefde, lof en soetste mymeringe,
uit U is’t ál. Al my geloftes bring ek,
en waar u volk vergader is, daar sing ek
met lofgeskal.

22:11 Sagmoediges sal aansit saam met my;
dié wat God soek, sal dan sy Naam bely.
Vir hul sal God sy tafel steeds berei.
Versprei die tyding:
“Die volke sal, in altyd voller wyding,
tot God hul keer; hul kom, die mensgeslagte
en konings met hul koninklike wagte,
om Hom te eer.”

22:12 Die wêreldgrotes eet hul offermaal,
bid saam met hul wat in die stof moet daal,
met wie, verswak, nog nouliks asemhaal,
so klein van kragte;
wat leef en nog sál leef, 'n reeks geslagte,
húl kondig aan: “Groot is Gods reddingsdade.
Die HEER alleen, wat groot is van genade,
het dit gedaan!” [8]

[8] T.w.v. rym, al was **volbring** so mooi na die betekenis en die verwysing: “dit is volbring.”

## Psalm 23

23:1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters –
so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van sy geregtighede.

23:2 En is ek soos 'n skaap in doodsgevare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontneem, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is en verkwikking.

23:3 U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof drup olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae;
en in u huis, daar bly ek al my dae.

## Psalm 24

24:1 Die ganse aarde, land en meer
met al wat leef, is U s'n HEER!
U het die waters in hul woede
beteuel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond
op wye see en watervloede.

24:2 Wie sal die Godsberg op kan gaan,
en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede?
Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg,
en trou is aan sy woord en ede.

24:3 Geregtigheid daal op hom neer;
'n seën verkry hy van die HEER,
wat stil hom volg op al sy skrede.
Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bevel,
en wat Hom soek in hul gebede.

24:4 Verhoog, o poorte, nou die boog;
rys, eewge deure, rys omhoog,
want Hy klop aan, die Erekoning!
Wie is die Vors, vol majesteit?
Die HEER, geweldig in die stryd –
dis Hy wat optrek na sy woning.

24:5 Rys op, o poorte, deure! Rys!
Wie is die Vors wat dit kom eis?
Hy, wat oordek met roem en ere,
sy tien en tien maal duisend tel
as Hy sy leërorde stel –
Hý is die Vors, HEER van die here!

## Psalm 25

25:1 Tot U hef ek hart en hande;
op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande,
oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertroue wandel,
maar U tref hul met u smaad
wat hier trouelooslik handel.

25:2 Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;
want U is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte.

25:3 Dink aan my in u genade
as ek biddend voor U pleit;
want getroue liefdesdade
is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer
van 'n ydel jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER,
ál my sondes my vergewe!

25:4 God is goed in al sy handel,
en sy pad is enkel reg;
daarom laat Hy sondaars wandel
in die waarheid van sy weg.
Hy sal met sy hand hul lei
wat verdwaal was en verlore;
wie sagmoedig is, laat Hy
wandel op sy regte spore.

25:5 Ja, Gods weg is goedheid, waarheid,
en sy werk altyd getrou
vir wie sy verbond bewaar het
en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam tot eer,
al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER,
swaar gesondig in my lewe.

25:6 Wie's die man wat hier benede
in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede
voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand
hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land
sal sy nageslag beërwe.

25:7 Gods geheim'nis is die lewe
vir wie wandel in sy vrees;
en Hy't sy verbond gegewe
om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER
wat my so getrou gelei het,
want Hy lei my voete weer
uit die net wat hul gesprei het.

25:8 O my God, ontferm U oor my
in my diepe ongeluk;
eensaam is ek – o verhoor my! –
gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant,
is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand
my verlos uit al my node.

25:9 Sien my leed aan uit die hoë,
hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes voor u oë
alles weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag
wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag –
vol van haat en ongeduldig.

25:10 Red my van geweldenare;
U's my steun in teëspoed
Laat opregtheid in gevare,
met die onskuld, my behoed.
Red u volk, o troue HEER,
uit die hand van sy bestryder,
wees vir Israel altyd weer
'n genadige bevryder!

## Psalm 26

26:1 O HEER, doen aan my reg!
Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer.
Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek,
ek sal nie wankel, troue HEER!

26:2 Beproef my van omhoog,
deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my.
Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange,
want dis u waarheid wat my lei.

26:3 Ek sit nie met hom saam
wat slu ŉ plan beraam
– hy voer dit skelm en listig uit.
Met dié wat in hul lewe
u woord en wet weerstrewe,
sal 'k geen verbond of vriendskap sluit.

26:4 Ek was, aan U verpand,
in onskuld nou my hand;
ek sal, as ek my offer bring,
verskyn voor u altare,
en fees hou met die skare
wat vrolik van u wonders sing.

26:5 Vol blydskap is my siel
wanneer ek voor U kniel
wat woon waar aardse lig verdwyn.
Hoe lief het ek u woning,
die plek, o Hemelkoning,
waar U in heerlikheid verskyn.

26:6 O HERE, ruk u kneg
nie met die sondaars weg
en met die manne van geweld!
Daar is in hulle hande
die daad van skade⁀en skande
saam met die glans van omkoopgeld.

26:7 My God, doen aan my reg!
Ek wandel in u weg.
Verlos my, hoor my smeking aan!
U liefde⁀en lof verklank ek,
in u vergaadring dank ek,
U het vir my die pad gebaan.

## Psalm 27

27:1 God is my lig, my heil: ek sal nie vrees nie;
Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, ek hoef nie bang te wees nie,
want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop
in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet,
en stort ineen omdat hul God vergeet.

27:2 Al bou 'n leër om my heen sy walle
om my te vang en om my dood te kry;
al kom 'n oorlog met sy duisendtalle,
ek sal nie vrees; op God verlaat ek my.
Een ding, dit het ek allermees begeer:
om in u huis, so lank ek leef, o HEER,
te woon, en daar in stilheid wag te hou,
te peins waar ek u lieflikheid aanskou.

27:3 In tyd van teenspoed is U my bevryder;
U laat my veilig in u skuiltent bly.
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder,
U het my deur die dieptes heen gelei.
Ek bring my offers met 'n jubelklank
en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.
O luister na my stem wanneer ek ly,
wees my genadig, HEER, en antwoord my!

27:4 My hart sê my, omring deur donkerhede:
"O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede;
verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER,
die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie
ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

27:5 Verlaat is ek van vader en van moeder;
tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en behoeder,
wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer,
omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty,
en wil my van die valse tong bevry.

27:6 As ek op aard', deur soveel smart omgewe,
omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe
die goeie van Gods hand nog sal aanskou –
dan het ek lankal in my druk versmag.
Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk,
Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

## Psalm 28

28:1 Ek roep U aan, o HERE, hoor!
Gee bystand en ’n ope oor.
As U bly swyg, dan sal ek word
soos een wat in die grafkuil stort.

28:2 O hoor die stem waarmee ek smeek,
met hande na U uitgesteek;
o hoor my in u heil’ge plek
waar donkerheid u ark oordek

28:3 Ruk my nie weg in jammerstaat
met al die werkers van die kwaad,
wat wel hul woorde glad vernis,
maar in hul hart is haat en twis.

28:4 Vergeld hul nou hul bose daad,
die vrug van selfgebroude kwaad;
beloon hul na hul werk en sin,
en skink hul eie drank hul in.

28:5 Omdat hul op die HEER se werk,
die hoogheid van sy hand nie merk,
sal Hy wat alle werk deurskou,
hul afbreek en hul nie meer bou.

28:6 Ek sal God loof, Hy het sy oor
geopen en my stem gehoor;
my sterkte en my hulp is Hy,
'n skild my altyd dig naby.

28:7 Dus steun my hart net op u mag,
en jubel ek met al my krag.
U is ons skild en ons verweer,
'n rots vir u gesalfde, HEER!

28:8 Verlos ons uit benoudheid, HEER,
en seën u bondsvolk altyd weer;
wees hul 'n herder vir altyd,
en dra hul tot in ewigheid!

## Psalm 29

29:1 Eng'lemagte, loof die HEER,
Sing die HEER se krag en eer!
Al die duisende tesaam –
sing die ere van sy Naam!
Eng'le – alle hemelinge –
laat dit opklink uit jul kringe!
Dien God, groot deur almagsdade,
in die skoonste feesgewade!

29:2 Dis sy stem wat, hooggedug,
rol en ratel deur die lug
as die onweerstorme woed
bo die donker watervloed;
en dit dreun met forse klanke
koninklik deur wolkebanke;
alles beef en staan verwonder
as die God van ere donder.

29:3 Dis die HEER se stem wat spreek
as die trotse seders breek;
as hul spring soos kalwers op
Libanon se hoë top.
Berge kom saam in beroering:
Hermon spring in groot vervoering,
Libanon, met sederbosse,
huppel soos die wilde osse.

29:4 Dis die HEER se stem wat vuur
uit die donderwolke stuur;
weerligpyle skiet Hy neer,
Kades bewe van dié weer.
Bosse word ontbloot, en reë
word oorval deur skrik en weë.
In die tempel van sy ere
sê hul almal: Dis die HERE!

29:5 Onweerstorms het uitgewoed.
God sit bo die watervloed;
kleurig soos die reënboogkrans
sweef daarbo sy vredeglans;
en die grote wêreldstigter,
Hy, die sterke onweersrigter,
Hy laat op sy erf benede
druppels daal van seën en vrede.

## Psalm 30

30:1 Ek sal met hart en mond, o HEER,
u roem verkondig en u eer;
U het in guns na my gebed
geluister en my uitgered,
sodat die man wat my bestry het,
nie oor my smart hom kon verbly het.

30:2 My God, U het my op my klag
genees, en al my smart versag;
U het my siel, deur angs beroer,
diep uit die graf weer opgevoer,
terwyl U ander neer laat daal het,
maar my daar lewend uitgehaal het.

30:3 Sing nou, Gods gunsgenote, bly,
'n danklied aan die HEER gewy.
Spreek lof, bring in gedagtenis
sy Naam wat hoog en heilig is!
Al laat Hy ons 'n oomblik bewe,
sy goedheid duur ons hele lewe.

30:4 Die droefheid wat ons hart verskeur,
– wanneer ons saans mistroostig treur
en uitbreek in ons jammerklag –
sal, soos die pelgrim, net oornag;
want nouliks word die dag gebore
of jubelsange kom na vore.

30:5 Ek het gesê in voorspoedtyd:
“Ek wankel nie in ewigheid.”
Want, HEER, u guns het my bewaak,
U het my rotsberg vas gemaak.
Maar sluit U net vir my u oë –
dan bewe ek, van skrik bewoë.

30:6 Toe was, o HEER, my hart weer week;
ek het geroep en U gesmeek:
“Moet ek dan sterf? Sal ooit my stof
die mond kan open tot u lof?
Sal dit die luister van u waarheid
ooit kan verkondig in sy klaarheid?”

30:7 Hoor, HEER; betoon u guns aan my!
Hoor, troue helper, wees naby
wanneer ek biddend op U wag!
Toe het die HEER my rougeklag
verander in die jubelreie[9]
van sangers op hul feesgetye.

30:8 In plaas van rou en harteleed
het U met blydskap my omklee;
my roukleed uitgetrek, my weer
met vreug omgord, sodat my eer
nie swyg: U bring ek al die ere,
U sal ek ewig loof, o HERE!

[9] Rei: hier koor; groepsang.

## Psalm 31

31:1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig
teen wind en stormgety,
is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig.
Bevry my, hoor my bede
na u geregtighede.

31:2 O luister tog en red 'n lyer.
As stormwind om my huil,
wil ek by U kom skuil,
Wees my 'n vesting, o Bevryder,
waar op 'n berg verhewe,
ek digby U kan lewe!

31:3 U is my eewge rots, o HERE!
Diep in u veil'ge sy
sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam tot ere,
tot ek die net verby is
wat voor my voet gesprei is.

31:4 Ek gee my gees oor in u hande,
my Redder, wat my trou
in u beskerming hou.
Ek haat hul wat met offerbrande
hul neerbuig voor die gode.
Ek steun op God in node.

31:5 In U, my God, wil ek weer bly wees;
die guns wat U my bied,
wil 'k lofsing in my lied.
U was dit wat my wou naby wees,
wat my in guns aanskou het
toe ek op U gebou het.

31:6 U het my nimmer oorgegewe
aan vyande wat wreed
gesoek het na my leed.
Deur U, bevryder van my lewe,
kan ek met vrye treë
nou wandel op u weë.

31:7 Toon nou, o HEER, u mededoë,
verhoed my ondergang;
ek is beklemd en bang!
'n Diep verdriet verdof my oë,
my siel is moeg van klagte,
my liggaam sonder kragte.

31:8 'n Bitter smart verteer my lewe;
my tyd word deur geklag
verslyt die ganse dag.
Ek voel my kragte my begewe[10].
My ongeregtighede
deurwoel my kranke lede.

31:9 Ek word bespot, beskimp deur praters;
minagtend en met haat
hoor ek die bure praat.
Selfs vroeër vriende is nou haters:
my, reeds in smart verlate,
vermy hul op die strate!

31:10 Ek is vergeet soos een wat dood is;
ek is – wie dink daaraan? –
soos iets wat al vergaan.
Hul skinder nou dat ek in nood is,
en daar is geen verkwikking,
net onrus en verskrikking.

31:11 Terwyl hul raad hou teen my lewe
en teen my saam wil span
met 'n geheime plan,
het ek aan U my oorgegewe.
Van U is my verwagting
by smaadtaal en veragting.

31:12 HEER, in u hande is my tye;
ek steun in al my leed
op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye.
Red my, o sielsbevryder,
van vyand en bestryder.

31:13 Ontneem my nie u wonderlig nie:
kyk in u goedheid neer,
en red my tog, o HEER!
Laat my nie voor my haters swig nie.
Laat nooit verleë sug nie
wie biddend tot U vlug nie.

31:14 Beskaam, verskrik die goddelose,
laat hul in skande kom.
Laat in die dood verstom
die valse lippe van die bose,
hul wat my heilsverwagting
bespot het met veragting.

---

[10] Begewe: verlaat, in die steek laat

31:15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome
vir wie opreg van gees
wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome,
as almal klaar bemerk het
die heil wat U bewerk het.

31:16 U steek hul weg, al u vereerders;
geborge in die lig
van God se aangesig.
U steek hul weg vir samesweerders,
bewaar u gunstelinge
van hul beskuldiginge.

31:17 Loof, loof die HEER vir sy ontferming,
so wonderbaar en groot
aan my, sy gunsgenoot.
Ek steun altyd op sy beskerming,
by Hom skuil ek die beste
in veiliger geweste.

31:18 In moedeloosheid neergeboë,
het ek, deur vrees geja,
voorheen te gou gekla:
"Ek het verdwyn, wég van u oë."
Ook dán is voor u ore
my roepstem nie verlore.

31:19 Bemin die HEER, sy gunstelinge!
Hy sal jul nooit verlaat,
maar straf die trotse daad
deur goddelike regsgedinge.
Wees sterk dan, bly behoue,
in stille Godsvertroue.

## Psalm 32

32:1 Welsalig wie, vol skuld, nog in die lewe
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergeef en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER nie een sekonde
toereken al die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry,
voor God ootmoedig al die skuld bely.

32:2 Toe ek voor U, al worstelend, verstom het,
geen boetgebed my uit die hart gekom het,
het my gebeente onder my geklag,
verswak en uitgeteer die ganse dag.
U hand het swaar gedruk op al my lede:
bedags geen rus, en snags geen stem van vrede;
my krag het weggedroog van uur tot uur
soos velde in die somerson se vuur.

32:3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie
my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem,
U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes
om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan,
dit skaad hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

32:4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is,
’n veil’ge skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring,
en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder!
U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil’ge paaie lei,
my oë sal vir altyd op jou bly.

32:5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier;
of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,
wat mensehand moet dwing met toom en tuig
tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.
Die goddelose man het baie smarte;
maar wie op God vertrou van ganser harte,
hom sal die HERE, onder leed en rou,
gedurig met sy liefde bly omvou.

32:6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding!
Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis.
Sing, wie opreg van hart en wandel is!

## Psalm 33 [11]

33:1 Sing vrolik, hef die stem na bowe;
regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe
en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange –
stem van sterk verlange
om die HEER te dank –
by die smeltend-skone
harp- en sitertone,
lof en eer verklank!

33:2 Sing nuwe sange, nuutgebore,
gedrewe deur die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore
moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegesê is
in Gods Woord wat reg is,
het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke
sien ons in sy werke –
waar en reg soos Hy.

33:3 Hy min die reg in alle dinge,
want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe
sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë
deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n verre / leërskaar van sterre
skitterend laat lig.

33:4 Hy laat die wilde wêreldseë
geweldig aanswel tot 'n hoop;
in voorraadskuur, omlaag geleë,
stuit Hy die waters in hul loop.
Voor Hom, Skepper-HERE / van die see en mere,
van wat is en leef,
moet die verste strande, / volke⁀in al die lande
skrikverslae beef.

[11] Volgens die versstruktuur en die rympatroon moet die woorde in reëls van afwisselend 4½ en viervoetige jambiese versreëls gedruk word. Dit staan ook so in die onveranderde 1937-uitgawes, en in die Versamelde Werke. Dit is die skryfwyse volgens die intensie van die outeur, en behoort gerespekteer te word. Die rymskema is afwisselend; d.w.s. die eerste reël rym met die derde; die tweede reël met die vierde. Twee reëls in paarrym vorm die sentrum van die strofe, gevolg deur 'n herhaling van die omarmende rym van die eerste vier reëls. Die rym-uitgange is afwisselend manlik en vroulik. Die eerste twee strofes is so uiteengesit as voorbeeld.

33:5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig
wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig,
Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne
in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is
en verbreek hul raad.

33:6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie;
dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie;
bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom uitverkore
volk is van dié God;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl Heer is
en dié God húl God.

33:7 Die HEER wat bo die wentelkringe
van son en maan sy rykstroon stig,
aanskou die mens en alle dinge –
daar's niks bedek voor sy gesig.
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning,
sien Hy, Skepper-HEER,
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë
op sy skepsel neer.

33:8 Die HEER kyk uit die hoë hemel
en sien die mensekinders aan;
Hy ken hul hart, oor hul gewemel
laat Hy sy heil'ge oë gaan.
Sterke leërmagte met hul wapenkragte,
wat geveg toe gaan –
duisende getelde manne, stryders, helde
bring geen redding aan.

33:9 Die oorlogsperd wen nie die slag nie,
hoe hy ook aanstorm met geweld;
hy red die mens nie met sy krag nie
al kom hy dreunend oor die veld.
Maar die HEER se oë / straal met mededoë
op wie, klein van krag,
voor Hom stilverslae / in hul donker dae
op sy goedheid wag.

33:10 Sy mag verskyn dan uit die hoogte
en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte,
in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte
op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, / en ons hulp beswyk nie
waar ons hart op bou.

33:11 In God, dié God wat ons beveilig,
voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig,
vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader
met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade
as ons op U wag!

## Psalm 34

34:1 In weelde⁀en ongeluk,
altyd sal ek die HERE prys;
altyd vir Hom my lof laat rys,
in voorspoed en in druk.
Ek sal sy lof besing
tot roemtaal kragtig aangespoor.
Sagmoediges, hul sal dit hoor
en bly hul lofsang bring.

34:2 Kom, maak die HERE groot!
Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,
aan Hom wat groot is en naby,
die helper in die nood.
Ek het in my gebed
die HEER gesoek. In guns het Hy
my noodgeroep gehoor en my
uit al my vrees gered.

34:3 Hul oog was op die HEER,
en het van blye vreug gestraal;
nou bring by hul geen lastertaal
'n blos van skaamte meer.
Ellendiges maak Hy
– wanneer hul in verdrukking kerm,
en niemand hom oor hul ontferm –
uit hul benoudheid vry.

34:4 Gods sterke Engel wil
'n laer van beskutting wees
óm almal wat die HERE vrees.
Hy maak hul onrus stil.
Ervaar dan en aanskou
hoe waaksaam God is en hoe goed.
Hoe salig is nou my gemoed
as ek op Hom vertrou!

34:5 O heil’ge volk van God,
geheilig om sy volk te wees,
jul hoef geen honger ooit te vrees,
God waak oor julle lot.
Die jong leeu, groot van moed,
ly honger op die skrale jag,
maar hulle wat die HEER verwag,
ontbreek dit aan geen goed.

34:6 Kom, kinders, hoor na my!
Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie's dit wat lewensduur begeer
en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra
na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad,
en jaag die vrede na.

34:7 God wend sy aangesig
teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan
deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer
op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag
en red hul altyd weer.

34:8 Die HEER's die hart naby
wat gans gebroke⁀is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur,
verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom dit altyd weer,
die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier
red hulle keer op keer.

34:9 Sy beend're word bewaar:
God sorg dat daar geeneen van breek.
Maar wie hom haat – die onheil wreek
Hy op die skuldenaar.
Die HEER sal hul bewaar,
sy volk wat op sy hulp vertrou.
Hy sal hul in sy guns aanskou
en skuldig nooit verklaar.

## Psalm 35

35:1 Verdedig tog my regsaak, HEER,
en laat u hand my vyand keer!
Gryp áán die wapens van die stryder:
die skild en spies, o my Bevryder!
Belet hul optog, tree vooruit
om my vervolgers gou te stuit.
Sê aan my siel wat op U wag:
“Ek is jou heil en veil’ge krag.”

35:2 Wil U die vyande beskaam
wat wreed ŉ plan teen my beraam!
Laat hulle wyk in onvermoë,
hul het my ongeluk voor oë!
Laat hul soos kaf word voor die wind,
en laat Gods Engel hulle vind,
verstrooi, verjaag op donker pad.
En maak dit voor hul voete glad!

35:3 Want sonder oorsaak het hul my
'n kuil gegraaf, 'n net gesprei.
Laat onheil gou die bose manne
beskaamd maak met hul onheilsplanne!
Laat hulle struikel in hul gang;
die net vir mý gespan, húl vang;
en laat, terwyl ék dan bly staan,
húl daarin val en ondergaan!

35:4 My siel sal in die HERE juig
en Hom, vir hulp, my dank betuig;
my beend’re saam spreek tot u ere
en sê: “Wie is soos U, o HERE,
wat die ellendige bevry
van dié wat sterker is as hy?
Die arme – dat hy U mag loof -
verlos van dié wat hom beroof?”

35:5 Getuies wat my teëstaan
kom nou met bose vrae aan,
wil my verskrik – die tongehelde
wat enkel kwaad vir goed vergelde
en – vir my siel, verlatenheid.
Toe hulle siek was, al die tyd,
was ek in rougewaad omknel
en het my siel met vas gekwel.

35:6 Ek het in droefheid, keer op keer,
gebid vir hulle, altyd weer.
Soos oor 'n vriend, soos oor 'n broeder,
soos een wat weeklaag oor sy moeder,
het ek getreur, in rou gebuk.
Maar as ek struikel in my druk,
dan kom hul vrolik bymekaar,
belaster my, die ganse skaar.

35:7 Daar’s tafelspotters, roekeloos,
en lae mense, slinks en boos,
wat almal breek deur wet en bande,
en teen my kners hul met hul tande.
Hoe lank sal U dit sien, o God?
Vergun my siel ‘n beter lot;
verlos my deur u sterke hand
uit hierdie leeus se klou en tand!

35:8 Nou sal aan u groot majesteit
in almal se teenwoordigheid
my lof- en pryssang weer gewy wees.
Laat hul maar net nie oor my bly wees
wat sonder oorsaak met my twis
en sonder grond my vyand is.
Laat hul nie juig wat in hul waan
die oë skimpend op my slaan.

35:9 Hul mond praat nie van vrede, nee;
hul hart, wat diep sy planne smee,
bedink die fynste listighede
teen stille vriende van die vrede.
Hul blaf na my met ope mond;
hul skimptaal wat my diep deurwond,
bespot my leed; hul is verbly
oor al die smart wat ek moet ly.

35:10 U sien dit aan. Ag, swyg nie stil;
beslis, o HEER, tog my geskil;
ontwaak, tree op tot my beskerming,
en toon my nou u groot ontferming!
Doen reg aan my in hierdie stryd,
o HEER, na u geregtigheid;
en laat die spotters, dag vir dag,
nie juig nie oor my treurgeklag!

35:11 Laat hul wat my so fel bestry
nie sê: “Ons het ons wens verkry!”
Laat my dié smaad nie ondervind nie
dat hul kan sê: "Ons‘t hom verslind" nie!
Laat hulle rooi van skaamte word
wat skande oor my uit wou stort,
sodat my trotse teenparty
hom nooit kan groot hou teenoor my.

35:12 Laat hulle juig en blydskap smaak
wat bly is oor my goeie saak.
Laat hul u altyd prys en lofsing
vir vreug wat U u dienaar toebring:
“Die HEER is groot en goed daarby,
wat vrede vir sy kneg berei.”
Dan prys my tong met groot ontsag
u reg, u lof die ganse dag.

## Psalm 36

36:1 Die boosheid van die bose man –
my diepste hart getuig daarvan:
“Gods vrees is uit sy oë.”
Hy vlei homself, in kwaad verstyf,
dat God sy bose wanbedryf
sal toelaat voor sy oë.
Bedrog en onreg is sy woord.
Hy gaan in sy onwysheid voort
en vrees geen bose handel.
Hy maak oornag sy planne reg,
en kom dan op die sondaarsweg
om in sy kwaad te wandel.

36:2 U goedheid, HEER, is hemelhoog;
u trou tot by die wolkeboog.
U reg is hoog verhewe
en staan soos berge, vas van voet;
u oordeel is 'n diepe vloed;
U sorg vir al wat lewe.
Hoe kosbaar is u guns, o God!
Hoe vlug die mensekinders tot
u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die oorvloed van u huis;
U laaf hul uit 'n stroom wat bruis
uit dieptes van ontferming.

36:3 Van al wat leef, is U die bron;
van alle lig, die eewge son
wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees
oor wie opreg u ken en vrees
en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap,
of bose hand in ballingskap
my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad
vir altyd in 'n jammerstaat
waarin hul magt'loos sterwe.

## Psalm 37

37:1 Vertoorn jou oor die bose nooit:
hul sal verkwyn, hul raak verstrooid
soos gras wat gou verdor, vergaan,
soos spruitjies wat maar kort bly staan.

37:2 Vertrou op God: jou hart en hand
in troue diens aan Hom verpand.
Verlustig jou in Hom altyd
wat mild'lik gee en nooit verwyt.

37:3 Laat ydel sorg jou nimmer kwel,
wil aan die HEER jou sorg vertel:
Hy sal jou reg, soos middagglans,
laat skitter aan 'n helder trans.

37:4 Al bruis dit in jou omdat lis
en leuen hier voorspoedig is –
swyg voor die HEER, gerus en stil,
jou wil verenig met sy wil.

37:5 Wag op die HEER in lydsaamheid,
wees traag tot toorn: Hy ken sy tyd.
Kwaaddoeners stort in hul verderf;
wie God verwag, sal alles erf.

37:6 'n Rukkie nog, en kyk dan weer –
die goddeloses leef nie meer!
Sagmoediges sal alles erf
en vrede sonder end verwerf.

37:7 Vertoornd bedink die bose lis
teen wie voor God regverdig is.
Die HEER lag oor die domme waan:
Hy weet die dag van straf kom aan.

37:8 Die bose kom – hul haat gewek,
hul boog gespan, hul swaard getrek.
Die arme, so ellendig al,
sal voor hul wapens neer moet val!

37:9 Hom wat opreg is, klein van krag,
swak tot verweer, wil hulle slag.
Maar wee, hul swaard sal húl deursteek,
Die HERE sal hul boë breek.

37:10 ’n Bietjie is vir vromes meer
as geld waarop die bose teer:
God breek die arms waar hul op leun,
maar vromes sal Hy ondersteun

37:11 en met behae hul aanskou,
hul erfdeel sal hul ewig hou;
ook in die dag van hongersnood
versadig Hy sy volk met brood.

37:12 Maar goddeloses sal vergaan
soos gras wat op die weiveld staan;
Gods vyande, hoe skoon van skyn,
sal soos 'n rookwolk gou verdwyn.

37:13 Die bose leen – en het te min.
Gods volk deel uit en – daar’s gewin;
want sy geseëndes sal hier bloei;
wie Hy vervloek, word uitgeroei.

37:14 'n Man se stap is vas en heg
as God behae‘t in sy weg;
en as hy val, bly hy nie lê;
“Ek help hom op,” het God gesê.

37:15 Ek was aanskouer van veel kwaad,
maar nooit dat God sy volk verlaat,
of dat hul nageslag om brood
moes bedel tydens hongersnood.

37:16 Veeleer skenk hy genadebrood
aan die wat wankel in hul nood.
Sy nageslag strooi om hul heen,
en op hul spoor ontspruit 'n seën.

37:17 Verlaat die paaie van die kwaad.
Die HEER bemin die regte daad.
En in 'n erfdeel, wonderskoon,
daar sal jy voor die HERE woon.

37:18 Die HEER sal vir sy gunsgenoot
beskutting wees tot in die dood.
Die sondaar hou voor Hom nie stand;
regverdiges beërf die land.

37:19 Hul mond bring enkel wysheid voort,
en reg spreek daar uit elke woord.
Gods wet is in hul hart geplant,
en deur sy krag hou hulle stand.

37:20 En as die bose op hul loer,
sal God hul uit die strik ontvoer.
Hul regsaak, volgens sy besluit,
voer Hy vir hul regverdig uit.

37:21 Wag op die HEER met vaste stap,
en hoop op Hom in vreemd'lingskap,
totdat die aard' jou erfdeel word,
die bose voor jou neer moet stort.

37:22 Die goddelose sal vergaan,
al sien ek hom as pragboom staan;
'n tydjie nog, dan soek ek weer,
maar hy staan op sy plek nie meer.

37:23 Let op die vrome wat opreg
met God verkeer in woord en weg;
merk op die man wat God hier vrees:
sy lewensend sal vrede wees.

37:24 Oortreders word dan uitgewis
mét kinders en gedagtenis.
Die HEER's 'n helper groot van mag
vir die regverdige geslag.

37:25 Hy is 'n toevlug in die nood,
Hy is 'n hulp oneindig groot.
Hy maak hul van die vyand vry,
hul skuil by Hom, Hy's hul naby.

## Psalm 38

38:1 Straf tog nie in ongenade
my misdade,
HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde⁀en sondeskuld.

38:2 Pyle tref my oor my sonde
en het wonde
in my hart geboor soos staal.
Ja, die hand wat hul gedryf het
in my lyf, het
self ook op my neergedaal.

38:3 Niks is aan my sonder wond nie,
niks gesond nie,
om u grimmigheid, o HEER!
Weens my ongeregtighede
is geen vrede
in my beendere ooit meer.

38:4 Al my ongeregtighede
druk my lede,
want my sonde weeg te veel.
Soos ’n vrag die pakdier neerdruk
as hy afbuk
druk oortredings my terneer.

38:5 Al my kwale en my plae
wek mishae
en 'n walging, my te sterk.
Ag, hoe lelik is die wonde
van die sonde
as mens op sy dwaasheid merk!

38:6 Krom en heel terneergeboë
voor u oë
gaan ek heeldag in die rou.
In my liggaam is ontsteking
en verbreking –
niks is heel meer aan my nou.

38:7 Uitgeteer deur al my klagte
is my kragte
gans verbrysel en tot niet.
In my hart se afgrond ruis dit,
aaklig bruis dit –
daarom kerm ek in verdriet.

38:8 HEER, U weet hoe hart en sinne
staan daarbinne
as ek worstel in my leed.
Voor U is my sugte⁀en sorge
nie verborge,
U wat alles sien en weet.

38:9 Ag, hoe klop my hart en bewe;
uitgelewe
is my krag en weggeteer.
Oë, heeltemal ontluister,
skemerduister,
sien geen daglig amper meer.

38:10 Ver van my, uit diep mishae
vir my plae,
het my vriende weggegaan.
Selfs verwante wil nie bly nie
naby my nie,
maar hul staar van ver my aan.

38:11 Vyande lê hinderlae;
in my plae
dreig hul met die laaste slag.
Altyd knoei hul, altyd veins hul,
en bepeins hul
my verderf die hele dag.

38:12 Maar daar is in my geen oor nie
wat wil hoor nie:
soos 'n dowe hou 'k my dom.
Hul kom my van kwaad beskuldig,
maar geduldig
hou ek mond en lippe stom.

38:13 Want U, HEER, ontferm U oor my,
en verhoor my.
Op U bou 'k – wat my ook tref.
Laat my vyand nooit oor my nie
hom verbly nie –
oor my wank'ling hom verhef.

38:14 Want in al my leed en wee
dreig my treë
altyd weer om uit te gly.
HEER, ek kerm in onvermoë
voor u oë,
en my smart is steeds voor my.

38:15 Ja,'k bely voor U my sonde
onomwonde
en bekommerd oor my kwaad.
Maar my vyand lewe pragtig,
altyd magtig
en in hoog verhewe staat.

38:16 Dié wat goed vergeld met boosheid
en godloosheid,
hul word groot en sterk in mag;
hul omsluit alkant my weë,
staan my teë,
omdat ek u wet betrag.

38:17 Wil my, HEER, in hierdie lewe
nie begewe;
wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyer,
o Bevryder
wat my altyd uit wou red!

## Psalm 39

39:1 Ek het gesê: Ek wil my weg bewaar,
geen klagte oor my tong laat gaan;
in onheil wil 'k my mond en spraak bedwing,
terwyl die vyand voor my staan,
sodat hy in sy ongeduld oor my
geen vreug of voordeel sal verkry.

39:2 In stilheid was ek stom, ek het geswyg
ook van wat goed is, maar my smart
is aangewakker tot 'n lydensvlam,
en daar was hitte in my hart
by my gesug, sodat my tong moes spreek,
maar met die stem van een wat smeek:

39:3 O HEER, maak my my lewensend bekend;
my dae is by U getel.
En leer my tog hoe kort van duur ek is:
'n handbreed is my tyd gestel;
'n asemteug en – ek is dit weer kwyt!
Ja, elke mens is nietigheid.

39:4 Die mens skiet vlugtig soos ’n skim daarheen,
net soos 'n skadu wat verdwyn.
Hul woel vergeefs, hul bring verniet byeen
wat vir die oog begeerlik skyn.
En niemand weet wie ná sy dood sal erf
wat hy met soveel sorg verwerf.

39:5 En nou, wat is dit waarop ek nog wag?
Ek hoop op U alleen, o God!
Red my van skuld, die oorsaak van my smart,
en laat die dwaas nie met my spot;
dan swyg ek stil, want U het dit gedoen;
ek wil my met u wil versoen.

39:6 Te swaar is al die strawwe van u hand.
Wend u kastyding van my af!
As U die mens in u gestrengheid tref,
verwelk sy skoonheid by u straf.
Net soos 'n weefstof wat die mot verteer –
so nietig is die mens, o HEER!

39:7 Hoor my gebed, merk op my hulpgeroep,
as ek in trane voor U ly.
Ek is 'n vreemd'ling wat maar kom en gaan,
soos ook my vaders was voor my.
Maak my weer vrolik, sien my vriend’lik aan
voordat ek in die graf ingaan.

## Psalm 40

40:1 Ek het die HEER lank in my druk verwag –
Hy het Hom na my neergebuig.
Toe ek bedruk was en bedreig,
het Hy geluister na my jammerklag.
Hy wat aan my gedink het,
toe ek so diep gesink het
in modderige slyk,
Hy laat my rotsvas staan,
Hy laat my veilig gaan –
my voetstap sal nie wyk.

40:2 'n Nuwe lied ruis oor my lippe nou,
'n lofsang aan God toegesing.
'n Ganse skaar wat my omring,
sal‘t sien en vrees en op die HEER vertrou.
O soete Godsvertroue!
Welsalig en behoue
wie wegvlug na Hom heen,
op leuenaars nie ag,
van trotsaards niks verwag,
maar steun op God alleen!

40:3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond
u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde⁀aan U gelyk?
Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe⁀of offerande,
gebring deur mensehande,
was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor,
dat ek u woord kan hoor
as hoogste dankbewys.

40:4 Net om u wil te doen soos in u Boek
– die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit vir my voorgeskrywe staan,
dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande
in will'ge offerande –
al wat ek is en het;
diep in my ingewand
waar liefde⁀en ywer brand,
dra ek u heil’ge wet.

40:5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor:
daarvan in groot vergadering
vry-uit die blye boodskap bring,
uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het,
u heil wat ons geblyk het,
u guns oneindig groot –
sal ek my hulde bring
in groot vergadering
van vriend en vreuggenoot.

40:6 Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid.
Bly met u liefde⁀en trou om my,
want ramp en onheil is naby
en om my heen. En in my hart is stryd.
Die sonde⁀uit ver verlede
vervolg my in die hede;
my oog het glans nóg gloed.
Hoe groot’s my sondes al!
hoe eind'loos in getal!
In my’s geen krag, geen moed.

40:7 Mag dit, o HEER, mag dit U maar behaag
om my te red. Verhoor my gou!
Beskaam, laat bloos my vyand nou
wat na my soek, my in sy strik wil jaag.
Wil hulle rugwaarts slinger –
my vyand en verdringer
wat op my lewe mik.
As onheil my bedreig
laat dan hul spotlag swyg,
oorweldig hul met skrik!

40:8 Laat wie U soek, o God, my hulp in nood,
met almal wat u heil ervaar
in sielsangs en in doodsgevaar,
nou sing en sê: “Die HEER alleen is groot!”
Al is ek arm, ellendig,
Hy dink aan my bestendig.
Hy is die HEER by wie
daar redding is vir my.
U’s tot my hulp naby.
My God, vertoef tog nie!

## Psalm 41

41:1 Welsalig wie die arme in verdriet
sy hulp en bystand bied!
God sal hom red; in onheil en gevaar
sal Hy hom steeds bewaar.
God sal sy lewe⁀in sware tyd bewaak
en hom gelukkig maak;
hom nimmer oorgee, dat sy teenparty
oor hom die oorhand kry.

41:2 As hy in lyding op die siekbed is,
gee God hom lafenis;
sy liggaamspyn en alles wat hy ly,
heel God en maak hom bly.[12]
Daarom roep ek: Wil my genadig wees
en my, o HEER, genees!
Want, ag, ek weet die oorsaak van my wee:
ek het teen U oortree!

41:3 My vyande verheug hul oor my nood
en hunker na my dood.
Hul sê: "Wanneer kom hy tog tot 'n val,
hy, met sy naam en al?"
Hul kom asof hul op my siekte ag;
hul harte lieg en lag!
Want gaan hul weg en is hul op die straat,
dan bly hul oor my praat.

41:4 My haters kom byeen, staan skelm opsy
en fluister kwaad teen my!
Hul sê: "Iets skand'liks is op hom gestort;
toe het hy siek geword!
Nou dat hy lê, sal hy nie opstaan weer."
Selfs wie met my verkeer,
my troue vriend, wat by my eet, dié hef
sy voet om my te tref.

41:5 Wil my, o HEER, weer oprig uit my kwaal
dat ek hul t'rugbetaal!
Hieraan weet ek dat U, so na aan my,
behae het in my:
geen vyand wat oor my verwagte val
sal juig met vreuggeskal;
in my opregtheid steun U my, o HEER,
U lig straal op my neer.

[12] Vgl . Keil und Delitzsch; Lamparter: God **verander (heel)** die toestand, **daarom** … (reël 4 en 5)

41:6 Laat ons God loof, die God van Israel!
Laat elk sy roem vertel!
Van ewigheid tot ewigheid gee eer
aan onse God en HEER!

## Psalm 42

42:1 Soos ‘n wildsbok in woestyne
hyg van dors na die genot
van die helder blink fonteine,
smag my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER,
na die Lewensbron; wanneer
sal ek ingaan oor die drempel;
en verskyn in God se tempel?

42:2 Trane stort ek in my klagte,
want die spotters vra vir my:
“Waar’s jou God?” My dae⁀en nagte
gaan in droefenis verby.
Nog hoor ek die feesgedruis
wat weerklink het om u huis,
toe 'k ’n skaar daarheen gelei het,
my met hul in God verbly het.

42:3 O my siel, waarom onrustig?
En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig
as die vyand jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk
laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig!
In sy lof sal 'k my verlustig.

42:4 'k Dink aan God in donker dae
uit die land van die Jordaan;
Hermon hoor my kerm en klae,
met die klein gebergte, aan.
Droefheid gryp my binneste⁀ aan,
As u golwe oor my gaan,
as my smart my wil oorrompel,
diep U waters ingedompel.

42:5 Maar die HEER sal in my lewe
weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe,
sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag,
want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe
na die oorsprong van my lewe.

42:6 HEER, my Rots, op U vertrou ek.
Waarom dan vergeet U my?
Ganse dae⌒en nagte rou ek
onder druk en dwing'landy;
want ek hoor die vyand spreek
wat my met sy spot deursteek,
en my toeroep met veragting:
"Waar’s die God van jou verwagting?"

42:7 O my siel, waarom onrustig?
En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig
as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk
laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig!
In sy lof sal 'k my verlustig.

## Psalm 43

43:1 HEER, doen my reg, hoor my gebede,
bepleit my regsaak tog vir my!
Want waar ek heengaan, elke skrede,
beleër my ’n bose, wrede,
'n huigelende teenparty
wat my my saak bestry.

43:2 My God, ek steun op u vermoë,
U is die sterkte van my hart.
Waarom gaan ek dan neergeboë –
asof verstote voor u oë,
my siel bekommerd en benard –
gedurigdeur in swart?

43:3 Stuur, HEER, uit hemelse geweste
u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste,
want daar is ‘t my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei,
my in u diens verbly.

43:4 Dan gaan ek in na Gods altare,
tot God, my God, my vreug en lied;
dan speel ek saam met harpenare,
en vir U klink my blye snare –
vir U wat my, ná kort verdriet,
vir ewig vreugde bied.

43:5 My siel, wat treur jy nog verslae
en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae;
strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod –
my redder is my God!

## Psalm 44

44:1 O God, ons het met eie ore
en van ons vaders lank tevore
gehoor hoe hul u werke roem –
die werk deur U van ouds gedoen,
hoe U die nasies met u hand
verdryf het en hul uitgeroei het,
terwyl u volk, deur U geplant,
hier welig deur u seën gebloei het!

44:2 Hul swaard het hul dit nie laat erf nie,
hul arm het geen triomf verwerf nie.
Dit was ú hand, ú arm, die lig
wat afglans van u aangesig,
wat hul met guns en seën bestraal.
Gebied dan uit u hoë woning
dat Jakob die triomf behaal –
U self, o God, U is my koning!

44:3 Ons sal hul omstoot met die horing,
en hul vertrap soos kaf van koring.
Ja, dié wat teen ons op wil staan
sal ons net in u Naam verslaan,
want ek vertrou nie op my boog
of swaard waarmee ek my omgord het.
U red ons, sodat voor ons oog
ons haters kragteloos geword het.

44:4 Dus vloei daar daagliks dank en ere:
U Naam loof ons vir ewig, HERE!
En tog het U ons nou verstoot,
U maak ons skaam, ons skande groot.
U was ons altyd so naby,
maar trek nou nie meer mét ons leër nie;
ons vlug al voor die teenparty;
hul plunder ons, en niemand keer nie.

44:5 Soos slagvee word ons oorgelewer,
verwilder deur die wederstrewer.
HEER, U verkoop u volk verniet:
dié spotprys kan geen wins U bied!
U maak ons tot 'n spot en smaad
in ballingskap se donker ure,
'n spreekwoord van dié wat ons haat
en 'n veragting by ons bure.

44:6 My skande is gedurig voor my,
en smaadbesef maar altyd oor my;
want daar’s 'n mond wat laster braak,
'n oog wat listig loer op wraak!
Dit alles het oor ons gekom;
maar steeds het ons U nie vergeet nie
of met bedrog gehandel om
u heilsverbond met ons te breek nie.

44:7 Geen afgod het ons hart bekoor nie,
ons voet het nie u pad verloor nie;
tog kwyn ons in 'n woeste plek
waar diepe donker ons oordek.
Het ons Gods Naam dan ooit vergeet?
Tot afgodsdiens ons ooit begewe?
Sou God, wat harte ken, nie weet
en speur wat binne-in ons lewe?

44:8 Om u ontwil moet ons nou swerwe,
gemartel moet ons heeldag sterwe;
om u ontwil dryf hul ons aan
soos vee wat na die slagbank gaan.
Ontwaak tog, HEER, dit is nou tyd!
Waarom verstoot U ons vir ewig?
Waarom deur u afwesigheid
ons pyn en smart nog meer verhewig?

44:9 Waar skuil die lig wat eers gestraal het,
wat van u aanskyn neergedaal het?[13]
Waarom vergeet U ons ellend,
ons onderdrukking sonder end?
Die moed is min, die gees is dof;
ons self lê op die grond, onmagtig.
Staan op en red ons uit die stof,
wees aan u goedheid weer gedagtig!

[13] Aanskyn: gesig, teenwoordigheid. Ook voorkoms, uiterlik. HAT p 9

## Psalm 45

45:1 My hart, ontroer deur mymering,
sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf,
is soos 'n pen wat vaardig skryf.

45:2 U's skoon! Geen skoon wat daarby haal.
Bevallig[14]heid van trek en taal
is oor u lippe uitgestort –
U wat deur God geseën word.

45:3 Gord aan u wapens tot die stryd,
o Held, u glans en majesteit!
U sal oorwin in die geveg
vir waarheid, ootmoed, hoogste reg.

45:4 U regterhand wat triomfeer,
sal U gedugte dinge leer.
U pyle sal die volke tref
wat teen die Koning hul verhef.

45:5 U troon hou stand in ewigheid,
u septer is regverdigheid.
U min geregtigheid, maar haat
die onreg met die onregsdaad.

45:6 U, Koning van u ryksgebied,
het God met vreugdesalf oorgiet.
O God, u God, die maak U groot
bo elke vors en troongenoot.

45:7 U kleed geur mirre en aalwee,
geur van kaneel sweef met U mee;
uit u ivoor-bedekte huis
kom wonderskone snaargeruis.

45:8 Daar's koningsdogters in die ry
van dogters wat U begelei;
die koningin bly langs U staan,
haar kleed het goud uit Ofir aan.

45:9 O dogter, wat die bruidsroep hoor,
o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees,
dat jy die Koningsbruid kan wees.

[14] Bevallig: bekoorlik, lieflik, mooi

45:10 Gee dan die Koning, groot van mag,
op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer;
Hy is jou Koning en jou HEER.

45:11 Uit Tirus sal hul nader kom –
ook rykes, met geskenke, om
met skatte kunstig fyn gekerf
die voorreg van jou guns te werf.

45:12 Die Koningsdogter is nou gans
verheerlik in haar skoonheidsglans.
haar kleed met gouddraad ryk deurweef,
dit laat ‘n weerskyn oor haar sweef.

45:13 Haar kleed veelkleurig, so word sy,
die skone, na haar Vors gelei;
'n stoet van meisies agteraan
wat met haar na die Koning gaan.

45:14 Hul word met vreugde voortgelei;
en almal, oor hul Koning bly,
mag intree – hoogste gunsbewys! –
in koninklike pragpaleis.

45:15 Wanneer u vaders heen moet gaan,
sal in hul plek u kinders staan.
U vestig hul met vaste hand
as vorste in die ganse land.

45:16 Ek sal, o Vors, U eer bewys,
u Naam déúr die geslagte prys.
Die volke sal, in U verblyd,
U loof vir ewig en altyd.

## Psalm 46

46:1 God is 'n toevlug in die nood,
'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood,
al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef
al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee
wegwankel in die see –
ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

46:2 Laat hoog die see se waters bruis
en in hul woede skuim en klots;
laat berge dreun van golfgedruis
wanneer dit teen hul hoogtes bots.
Die waterstroompies wat
daar kronkel in die stad
en oor die rotse gly –
hul maak die Godstad bly,
die heiligdom op veil'ge rots.

46:3 Die HEER is daar, Hy hou die wag;
so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag
goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsgedruis
het nasies opgebruis,
en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink –
'n ganse wêreld beef voor Hom!

46:4 Die HERE van die leërskaar
sal sy gedugte mag laat blyk;
en Jakobs God sal vir ons daar
'n rotsburg wees wat nooit beswyk.
Kom nader en bemerk,
aanskou die HEER se werk;
hoe Hy die wêreld rig;
hoe alles voor Hom swig
en in ontsetting weg moet wyk!

46:5 Die oorlog swyg op sy bevel
tot in die allerverste land;
die moordtuig om die mens te kwel,
verbreek Hy met oorwinnaarshand:
vernietig elke skans
en breek die boog en lans,
in vlam van haat gesmee.
Hy slaan die spies in twee
en laat die oorlogswaens brand.

46:6 Hou op, en weet: Ek is die HEER!
Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer,
of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar
sy leërs om ons skaar,
oneindig in getal.
Die God van Jakob sal
vir ons ’n veil’ge vesting wees.

## Psalm 47 [15]

47:1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig
voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys,
want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink –
Allerhoogste⁀in eer, groot is God die HEER!

47:2 God die HEER so groot, het sy mag ontbloot:
hul wat ons omring, het Hy saamgebring
dat hul trotse nek ons tot voetbank strek.
Hy, die sterke God, kies vir ons ons lot:
Jakobs pronkjuweel, Kanaän, word ons deel.
Dit is aan sy kneg gunstig toegesê.

47:3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog;
die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal
God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor
Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

47:4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer:
Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste⁀en volke kom
om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skilde en verweer hoort aan U, o HEER!
Sing dan juigend bly! Hoog verhewe’s Hy!

[15] Ook hierdie psalm is nie met respek vir die poësie reg gedruk nie. Soos by Ps. 19, 22, 33 (en nog andere) is die bewyse in die betroubare ouer bronne eenstemmig. Toegegee, in hierdie geval is daar wel skuinsstrepe wat die versreëls aandui, maar dit is ‘n onreg aan (enige) poësie om die bladspieël so te vermink.

## Psalm 48

48:1 Die HEER is groot waar Sions top
hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe
die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde
blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit
die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat teen die vyand waak,
as rotsburg Hom bekend gemaak.

48:2 [16] Die konings van die heidendom
het met hul leërs aangekom,
die aanvalsmag wat hul gekeur het.
Maar nou? Hul weet nie wat gebeur het –
toe kom oor hul verbasing,
verskrikking en verdwasing:
Toe Tarsisskepe sterk en slank
deur oostewind op rotse strand,
het U u stad, die mens ten spyt,
bevestig tot in ewigheid.

48:3 Ons wil, o HEER, wat redding skenk,
aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning.
Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning:
die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend
tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog,
rys vol geregtigheid omhoog.

48:4 Laat Sions berg weerklink van vreug!
Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het –
dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse,
paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag.
En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy
sal tot ons dood ons begelei.

[16] In strofes 2 en 3 is daar baie onnodige "vulsel". Die betekenisvolle dele is saamgevoeg om die Bybelinhoud genoegsaam weer te gee.

## Psalm 49

49:1 Kom luister, volke wat die aard' oordek,
wat woon so ver die wêreldlande strek!
Kom aan, wie klein en arm is in die land,
saam met die rykes, hoog in eer en stand!
My hart oordink 'n suiwer wysheidswoord,
My mond bring insig en geheime voort,
My oor verneem 'n spreuk, 'n wonderbare,
wat ek vertolk en sing by sitersnare

49:2 Waarom sou ek verskrik wees in 'n tyd
as onheil dreig in ongeregtigheid,
as onderkruipers my gedagtes kwel,
en hul vir my die fynste strikke stel?
Hul wil oorwin deur kragdaad en geweld,
wil roem op grootheid, mag van goed en geld;
maar kom die dood - wie weeg dan geld vir lewe?
Geeneen kan dan die losprys aan God lewer.

49:3 Onvindbaar is die losprys wat versoen,
wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.
Geen mens kon ooit, hoe sterk hy ook mag lyk,
hoe wys of dwaas, die dood en graf ontwyk;
daar's niemand wat dit kan ontvlug, geeneen
en magt'loos gaan die mensekind weer heen.
Geen skatte volg hom op dié donker spore;
wat hy verwerf het, is vir hom verlore!

49:4 Hy prent hom, dwaas in sy verdorwe sin,
'n ewigheid van aardse dinge in:
sy hoë huis, dink hy, sal altyd staan,
sy naam, al wyd beroemd, sal nooit vergaan!
Dié hoop reik ver, maar wat, wat is dit tog?
'n Skynsel eers en dan – 'n groot bedrog.
Die mens, hoe hoog in eer en mag verhewe,
vergaan soos vee, verloor oplaas die lewe.

49:5 So's dit met hom wat op homself vertrou,
en almal wat sy woord in waarde hou.
Die dood, hul herder, lei hul dieper af,
hul volg hom ná soos skape na die graf.
Dié wat opreg is, sien die môre straal,
maar trotsaards moet in donker dieptes daal,
waar al hul grootheid brokkel in sy broosheid
en hul persoon verword tot wesenloosheid.

49:6 Maar ná die dood, dan breek  die dag vir my.
God sal my red, Hy koop my siel dan vry.
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,
neem my dan ewig in sy heerlikheid.
Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei,
sy huis in waarde en in weelde bloei;
want by die grens daar staan die dood, die wagter;
dié wys 'n graf, en – hy laat alles agter!

49:7 Al ag hy hom gelukkig en so wys
en word selfs in sy oordaad aangeprys  –
tog kwyn sy blom waaroor die doodswind gaan,
en hy daal neer, agter sy vaders aan.
Die duisternis, geselskap van verderf
en ewig nag is al wat hy verwerf.
Die dwase mens, hoe hoog in eer verhewe,
vergaan soos vee, verloor oplaas die lewe.

## Psalm 50

50:1 Die grote God, die HERE spreek!
Hy roep, Hy daag die aard', van waar
die son in goudglans uit kom breek
tot waar hy saans na onder vaar.
Uit Sion, so volkome skoon,
sprei God sy ligglans ver ten toon.

50:2 God kan nie swyg. Hy kom, Hy kom
met vuur wat voor Hom uit verteer!
Geweldig storm dit rondom Hom:
die Regter daal op aarde neer
en roep die aard' en hemel aan
om, as Hy straf, Hom by te staan.

50:3 "Daag hier my volk, roep almal by
wat met hul offers altyd weer
verbonde maak van trou aan My."
Gerig begin!... Die hemel eer
Gods reg en gee getuienis
dat Hy alleen regverdig is.

50:4 "Kom, Israel, luister na my spraak:
Ek is jou God, my volk is jy!
Ek sal jou geen verwyte maak
oor offers aan My toegewy:
jou offerbloed en offergeur
is voor My altyd, altyddeur.

50:5 "Geen bees hoef 'k uit jou huis te lei
of offerdiere uit jou kraal:
die diere wat in wildheid wei,
kan Ek van duisend berge haal.
Die voëls op die berge vry,
al wat beweeg behoort aan My.

50:6 "Ek sal dus, mens, na jóú nie kom,
en het Ek honger, jóú nie vra:
die aarde is my eiendom
en al die volheid wat hy dra.
Sou Ek vir vleis van beeste wag,
of bloed van bokke, vars geslag?

50:7 "Kom, offer God jou dank en prys!
Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys!
En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER;
en dankbaar-bly sal jy My eer."

50:8 Aan wie sy wet verwerp, sê God:
“Wat praat jy nog van my verbond
en spreek jy nog van my gebod?
Mý heilighede in jóú mond! –
terwyl jy tog my roede haat,
my woord verwerp om My te smaad.

50:9 “As jy 'n dief sien, voel jy bly;
aan ontug is jou hart verknog.
Jou mond laat jy in boosheid vry,
jou tong die vleg 'n string bedrog.
Jou broer bejeën jy met kwaad,
terwyl jy skimpend van hom praat.

50:10 “Dié dinge doen jy... sou Ek swyg?
Ek kom en sal my oordeel vel.
Ek sal jou nie met strawwe dreig,
maar alles jou voor oë stel.
O Godvergeters, vrees my wet,
waar Ek verskeur, kan niemand red!

50:11 “Hy wat sy dank My offer met
'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let –
hý is dit wat My eer bewys.
Omdat hy op my guns vertrou,
sal hy met vreug my heil aanskou.”

## Psalm 51

51:1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my!
Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede,
en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis,
was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is.
Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!

51:2 U, HEER, wat my deurskou geheel en al,
is van my euweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter
wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan,
ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan,
en rein u vonnis, oor my afgekondig.

51:3 Dis nie dié sonde⁀alleen wat roep om straf:
ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore
al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid diep in my, o HEER;
en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte, leer
my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

51:4 Net soos die lyer, van melaatsheid vry,
verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande –
ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet
en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Die beendere wat U verbrysel het,
sal in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

51:5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor
my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede,
herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,
dat ek nie só weer van u baan sal gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees,
en neem u Heil'ge Gees nie weg van my nie.

51:6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak
wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore,
wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer:
"Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer,
bekering aan die sondaars bly verkondig.

51:7 Skrikbeeld van smet wat in my siel bly heg,
en my herinner aan my sware skande:
gestorte bloed besoedel nog my hande!
God van my heil, werp tog dié bloedskuld weg!
Dan sal 'k aan u geregtigheid weer dink.
My mond was stom deur ongeregtighede;
as U dit open, sal my lof weer klink,
besing my tong u goedertierenhede.

51:8 Gebroke hart en gans verslae gees –
dit is u offers, HEER! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere,
kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind,
en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind,
brandoffers opgeur uit die altaarvure.

## Psalm 52

52:1 Wat roem jy, wreedaard, so hooghartig?
Gods guns duur vir my voort!
Jou tong is vlymend soos 'n skeermes,
net valsheid is jou woord.
Net kwaad, geen goed; net leuens, geen reg -
dit is jou woord en weg.

52:2 Jy hou van woorde skerp soos swaarde,
o tong, geen tug gewoond!
God sal jou neerwerp, wegruk ewig,
jou uitsleep waar jy woon,
ontwortel totdat daar van jou
geen wortelvesel hou.

52:3 Opregtes sal dit sien en huiwer,
En – oor die trotsaard lag:
“Kyk nou die man wat in sy hoogheid
die hulp van God verag;
wat steun op rykdom sonder perk,
in roofbegeerte sterk!”

52:4 Maar ék sal wees soos groen olywe,
en, in Gods huis geplant,
vertrou ek op sy guns vir ewig,
en op sy Vaderhand.
En singend wag ek op sy Naam,
met al Gods gunsvolk saam.

## Psalm 53

53:1 Vermeetle dwaas wat hoogwys spot,
sê in sy hart: "Daar is geen God."
Hul dade is afgryslik, sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.

53:2 Van bo kyk God die mense deur
Om alles wat hul doen te keur,
of Hy ook by die mensekind
verstand mét ware Godsvrees vind.

53:3 Maar almal het tot groter kwaad,
in hul ontaarding, God verlaat;
van almal is die dade sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.

53:4 Is daar dan by die sondaarskind,
hul wat my volk soos brood verslind,
geen kennis van die waarheid meer,
dat hulle God nie soek en eer?

53:5 Maar skielik het hul skrik gekom:
God slaan hul deur sy oordeel stom,
want God verstrooi die beend're van
wie almal teen jou saam wou span.

53:6 Jy het hul daar beskaamd laat staan,[17]
want God sien hul nie langer aan.
Mag maar ons bede nooit verstom:
"Laat Israels heil uit Sion kom!"

53:7 As Israels God in hul ellend
sy volk se lotgeval wil wend,
sal Jakob jubel, bly van gees,
en Israel sal vrolik wees.

[17] Vgl. Afr. Bybel 33-53, ook Keil und Delitzsch

## Psalm 54

54:1 O God, verlos my deur u Naam,
toon my u mag en rig regverdig!
HEER, neem my aan, hoe diep onwaardig,
en om te bid, hoe onbekwaam!
Want vreemdes, teen my opgestaan,
en wrede konings soek my lewe;
hul is aan bloeddors oorgelewer;
asof God nie vir hul bestaan.

54:2 Maar ek sal op u bystand bou:
U sal hul op die oorlogsvelde
die kwaad my aangedoen vergelde.
Vernietig hulle in u trou!
Dus sal 'k met vreug in my gemoed
gewillig aan U offer, HERE;
ek sing my lof, u Naam tot ere,
want, HEER, u Naam alleen is goed.

54:3 Dit was om my so angstig-nou.
U Naam, gevrees bó vestingwalle,
laat nou my oog met welgevalle
die oordeelstraf van God aanskou.

## Psalm 55

55:1 Verhoor, o God, verhoor my klagte,
as ek, gekwel in my gedagte,
geen rus kan vind of plek van vrede.
Net onrus is daar in my hart:
ek dwaal, ek duisel, voel verward.
Verberg U nie, maar hoor my bede!

55:2 Ek hoor die roep van goddeloosheid.
Hul wentel op my in my broosheid
hul onreg af. Verward van sinne,
sien ek hoe hul in vyandskap,
my hart wat krimp van vrees, vertrap;
'n doodskrik val op my van binne.

55:3 Ag, had ek soos ‘n duif maar vlerke,
dan sou ek vér wegvlieg met sterke,
hoë, snelle vleuelslae;
gaan woon daar waar die wildernis
my skuiling bied, waar’t veilig is
teen wind en storm en onweersvlae.

55:4 Verwar hul spraak! Vir dae, nagte
omsingel, HEER, ontroue wagte
die Sionsvesting op sy mure.
En in die stad – daarbinne is
geweld en onheil, moeite, twis.
O, hoe deurleef ek donker ure!

55:5 Dis nie 'n vyand wat my smaad nie,
of trotse haters wat my haat nie –
dán sou ek stil my leed gely het!
Maar dis my vriend wat my nou kwel,
met wie ek, as my metgesel,
my in Gods heiligdom verbly het.

55:6 Kom, dood en doderyk, verdelg hul!
Skeur oop, o aarde, en verswelg hul
nog lewend, in jou diepste gronde,
in allerswartste duisternis,
waar daar geen end of omkeer is,
as straf vir hul vermeetle sonde!

55:7 Ek roep. Tot God klim nou my bede.
Hy sal verlos, Hy gee my vrede.
En soggens, saans en smiddags hoor Hy:
Hy red my siel met sterke hand
wanneer die stryd teen my ontbrand –
met menigtes staan hul teenoor my.

55:8 Hoog bo die mens, hier groot-vermetel,
staan ewig God se regtersetel.
Hy sal sy volk nooit laat verdruk nie.
Waarom hul straf lank opgeskort,
as dit met hul nooit anders word
wat voor Gods hoogheid nie wil buk nie?...

55:9 Hy wat sy hande uitgesteek het
teen my, ons vriendskapsband verbreek het –
sy bottergladde tong bied vrede,
sy hart is stryd! Soos olie gly
sy woorde, maar hul steek en sny
soos swaarde, glimmend uit die skede!

55:10 Wil met jou sorg jou nou begewe
tot God, beskermer van jou lewe.
Ek sal nie wankel. Maar dié manne,
wat my bestry - vernietiging
sal God die Here oor hul bring.
Maar ék vertrou die HEER se planne.

## Psalm 56

56:1 Genade,⁀o God! Ek hoop op U alleen.
Die vyand staan met trots en haat my teen;
hy veg, verdruk, vertrap. Waar moet ek heen?...
Op U, my God, vertrou ek.
U gee u woord, dit sal my nooit begewe,
daar leef ek mee, dit dra my deur die lewe;
ek gee my hart, tot U omhooggehewe –
sou ek ‘n mens dan vrees?

56:2 My heil en vrede het hul weggevoer.
My aan te val, my inwag, skelm beloer,
my kwaad doen – dis wat hul gedagtes roer.
Gewis, hul soek my lewe!
Hul ongeregtigheid, hoe menigvuldig!
Hul skuld, hoe groot! Bly hul dan nog onskuldig?
Hul trots, hoe hoog! Is U dan nog geduldig?...
Werp hulle neer, o God!

56:3 Hoe hulle my op elke vlugpad kwel,
U weet dit, HEER; my trane‘t U getel,
dit in u Boek op eewge skrif gestel.
Só was U my gedagtig!
My vyand vlug. U, Redder van my lewe,
U is by my en sal my nooit begewe.
My hart is stil, tot U omhooggehewe.
Sou ek ‘n mens dan vrees?

56:4 Toe ek my smart en vrees voor U kom lê,
het ek aan U geloftes afgelê.
En nou, nou sal ek bly my dank uitsê
en bring my dankbetaling.
My siel’s gered: geen dood wat ek gewaar nie.
My tred is vas: geen vyand is meer daar nie.
Ek wandel in u lig; geen lig so klaar nie,
o grote Lewenslig!

## Psalm 57

57:1 Wees my genadig, o my God! Ek soek
'n skuilplek in die dag van nood en stryd –
daar waar u vleuels hul oor my uitgestrek het,
diep in hul skadu, soek ek veiligheid,
totdat die onheil weer verbygetrek het.

57:2 Ek roep tot God, die allerhoogste HEER,
wat tot die end getrou by my sal staan,
wat my sal help terwyl 'n ruwe bende
hul smaadgeroep nog oor my op laat gaan.
Hoe goed en trou is God in my ellende!

57:3 Ek is hier by 'n volk met leeue-aard.
Hul tande staan soos spiese in hul mond;
hul tong is skerp soos skerpgeslypte swaarde.
Verhef U, HEER, hoog bo die hemelrond,
en straal u glorieglans tog neer op aarde!

57:4 Hul het 'n strik en kuil vir my berei,
my siel laat buig by so 'n bitter lot.
Maar in die vangkuil wat hul slim berei het,
is húl gevang! Nou rus my hart in God;
ek juig, omdat Hy my so wys gelei het.

57:5 Ontwaak my siel! My harp en lier, ontwaak!
Ek wil met sang die rooidag wakker maak!
Ek wil U loof tot by die verste volke;
u guns en trou wat aan die hemel raak.
Verhef, o God, u eer bo lug en wolke!

## Psalm 58

58:1 Spreek julle waarlik reg, o regters?
En vonnis jul die mense reg? ...
Jul hart is ver, ver daarvan weg,
en in jul hand is gruweldade.
Die bose pleeg afvalligheid,
die leuenprater dwaal altyd.

58:2 Hul gif is soos die gif van slange.
Hul is soos adders wat nie hoor –
geen towerspreuk kan hul bekoor.
O God, verbreek nou hulle tande!
Die jong, sterk leeus, so lus vir buit –
o HERE, slaan hul tande uit!

58:3 Laat hul vergaan, verdwyn soos water.
En laat hul pyle magt'loos blyk.
'n Slak wat wegsmelt in sy slyk
sover hy kruip – maak so hul gange;
'n misgeboorte wat verdwyn,
waaroor geen sonlig ooit sal skyn!

58:4 Voordat hul kos die gloed gevoel het,
storm God dit weg saam mét die vuur!
Regverdiges beleef die uur
van wraakvergelding ná hul lyde.
Ja, daar's 'n God wat waar en reg
die mens se saak op aard' besleg[18].

[18] Besleg: behartig, uitsluitsel gee, uitspraak lewer

## Psalm 59

59:1 Red my, o God, wil my bewaar!
Die vyand kom, 'n sterke skaar.
O HERE, hou oor my die wag
teen teëstanders en hul mag;
die manne wat net onreg werk,
is in hul bloeddors my te sterk.

59:2 Want kyk, hul lê en loer op my.
Hoe sterk is nou my teenparty!
Ek het my nooit teen hul misgaan,
maar hul maak klaar, storm op my aan.
Ontwaak tog, help my en aanskou
hoe ek op U alleen vertrou!

59:3 O HEER, oneindig groot van mag,
o Israels God, gedug in krag,
ontwaak, en straf dié heidendom
dat niemand aan u wraak ontkom!
Wees nie genadig, daal met straf
op al die troueloses af.

59:4 Oordag in skuilplek weggevlug,
kom hul teen donker weer terug
en huil soos honde deur die stad.
Hoe giftig is hul woorde wat
my hart soos swaarde skerp deurboor.
“En wie,” sê hulle, “sal dit hoor?”

59:5 Maar U is groot van krag, o God!
U sal die heidene bespot.
Op U, my sterkte, wil ek wag,
U is my rotsskans, hoog in mag;
U sal u guns aan my laat blyk,
my op my vyand neer laat kyk.

59:6 O HEER, moet hulle nie laat sterf,
maar laat hul soos 'n balling swerf;
sodat my volk dit sien en weet,
en u gerig nooit mag vergeet.
Gooi hul, o God, my Skild, gooi neer
die trotse skenders van u eer!

59:7 Wat is hul oopgespalkte mond?
Hul woord?... 'n Dolksteek wat verwond.
O, laat hul hoogmoed hul verstrik,
deur eie vloek en leuens verskrik.
Vernietig, HEER, in toorn en mag
die onregverdige geslag,

59:8 dat elkeen helder kan bemerk
by so 'n straf en oordeelswerk
dat God regverdig vonnis vel
en Koning is in Israel;
dat Jakobs God sy heerskappy
oor elke land en volk verbrei.

59:9 Oordag in skuilplek weggevlug,
kom hul teen donker weer terug
en huil soos honde deur die stad.
Dan swerf hul rond langs donker pad;
en kan hul nêrens kos bespeur,
dan bly hul loer die heel nag deur.

59:10 Maar ék sal van u sterkte sing,
u goedheid vroeg my jubel bring:
U was my toevlug in die nag,
in angs het ek op U gewag.
God van genade, rots vir my,
aan U sal ek my loflied wy!

## Psalm 60

60:1 O God, hoe het U ons verstoot!
U grimmigheid was oor ons groot.
Herstel ons; laat die land herleef
wat U geskeur het en laat beef!
Herstel, genees sy breuke weer,
want alles wankel voor U, HEER!
U‘t ons 'n harde saak laat sien
en dwelmdrank ons toegedien.

60:2 U hys vir ons 'n vaandel hoog
waar ons kan heenvlug vir die boog –
'n vlagpaal is deur  U geplant.
Verhoor ons, red ons deur u hand!
God het dit uit sy tempel al
op jubeltoon gesê: “Ek sal
vir Sigem noem my eie stad
en Sukkot as my erfdeel vat.

60:3 “Oor Gilead sal 'k heerser bly,
Manasse, dié is ook van My.
Éfraïm weer die aanval af,
en Juda is my veldheerstaf.
Van Moab sal' k my waskom maak;
oor Edom, wat nog streef na wraak,
sal Ek in hoogheid triomfeer.
Juig, Filistéa, tot my eer!”

60:4 Wie bring my in 'n vaste stad?
Wie baan na Edoms land my pad?...
U, HEER, wat ons nie by wil staan,
nie met ons leërs saam wil gaan!
Gee ons u bystand in die stryd,
want mensehulp is nietigheid.
Deur Gód sal ons kragdadig stap;
ons vyand sal Hy self vertrap!

## Psalm 61

61:1 Neig, o God, tot my die ore!
Ver verlore,
ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het,
al versmag het,
roep ek U as helper aan.

61:2 Op 'n rots waar ‘t hoog en yl is,
my te steil is,
laat u hand my daarop lei.
God is my 'n sterke toring;
daar’s verhoring,
skuiling teen die storm vir my.

61:3 Graag sou ek, van sorg ontslae,
al my dae
my verskuil diep in u hut,
waar u liefdevolle arm,
soos ’n warm
almagsvleuel my beskut.

61:4 My geloftes en gebede,
nietighede,
het die HEER nogtans gedenk:
Hy vervul beloftewoorde:
skone oorde
het my God aan my geskenk.

61:5 U sal in u welbehae
lange dae
oor die koning heen laat gaan;
en sy troon, deur U gestewig,
sal vir ewig
voor u aangesig bly staan.

61:6 Stuur, o HEER, tot sy beskerming
u ontferming
en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek,
en dan bring ek
U my offers dag ná dag.

## Psalm 62

62:1 My siel is waarlik stil voor God!
My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te vrees nie.
Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap dán ook lei,
wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.

62:2 Hoe lank, o wreedaards, soek jul dan
die onheil nog van so 'n man,
'n eensame wat diep in nood is?
Hoe lank kom jul met drif en drang
teen hom soos teen 'n muur wat hang,
'n klipmuur wat al omgestoot is?

62:3 Hul soek om van sy hoë plek,
deur God bepaal, hom neer te trek.
Hul het in leuentaal behae.
Hul mónd is seën, liefde, guns,
maar in hul hárt - die leuenkuns,
met hatigheid en vloek en plae.

62:4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God,
beskikker van jou lewenslot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie.
God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei,
ek hoef geen wankeling te vrees nie.

62:5 In God is al my heil, my eer,
my sterke rots en my verweer.
God is my toevlug in die lewe.
Vertrou op Hom, o volk; in smart
stort voor Hom uit jul hele hart.
God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

62:6 Hoe nietig is die mensekind;
ook hy wat roem en aansien vind
is enkel waan, ’n skimverskyning.
Saam in die weegskaal opgeweeg
is hulle niks nie, nietig, leeg,
'n môrewolk in sy verdwyning.

62:7 Vertrou nie op geroofde geld,
tirannemag of handgeweld,
of op die vastheid van jou gang nie.
As rykdom vir jou vreug berei,
jou met sy skynsel wil verlei,
laat dan jou hart nie daaraan hang nie.

62:8 'n Godswoord klink daar in my oor.
Twee woorde het ek toe gehoor:
“Aan God alleen behoort die kragte!”
“Aan U behoort die goedheid, HEER!”
Dus is daar vir die sterfling weer
vergelding na sy werk te wagte.

## Psalm 63

63:1 My God, wat tog my lewe is,
hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn
in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my
waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land
waarop die son se vlamme brand.

63:2 Ek het voorheen, in stille wag,
U in u heiligdom betrag,
waar U aanbiddelik en skoon,
vol heerlikheid en sterkte woon.
Bo aardse lewe vol gemis,
wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER,
waarvoor my mond U dankbaar eer.

63:3 Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die dag in nag versink –
dan sal ek peinsend oor U dink.

63:4 U was, o God, 'n hulp vir my.
U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek,
‘n lofsang in my hart te wek.
O God, só oor my lot begaan,
hoe innig kleef my siel U aan!
Vertrouensvol op U geleun,
voel 'k hoe u hand my ondersteun.

63:5 Maar wie my op die pad laat swerf
en rust'loos soek na my verderf –
hul stort in hul verdelgingsdrang
self in die kuil van ondergang;
en, weggedryf uit huis en haard
word hul vernietig deur die swaard,
om op die velde neergestort,
vir wilde diere prooi te word.

63:6 Maar ek is in die HERE bly
met almal wat sy Naam bely;
ons roem, oor Hy die boosheid stuit
en streng die leuenmonde sluit.

## Psalm 64

64:1 O God, verhoor nou my gebed
wanneer ek smeek en roep, en red
my van die mens wat my verskrik
en my wil inlok in sy strik!

64:2 Verberg my vir die sluwe raad
en wilde woeling van wie kwaad
teen my versin. Hul tonge smee
hul spits soos swaarde, skerp van snee.

64:3 Soos pyle lê hul woorde reg;
soos pyle vlieg hul skielik weg,
om heimlik uit ‘n rowersnes
opregtes in die siel te kwes.

64:4 Hul maak ‘n fynberaamde plan:
hul strik se snaar is klaar gespan.
Die mens, in sondelus verward –
hoe diep, onpeilbaar is sy hart!

64:5 Maar God se pyl lê ook al klaar,
en – skielik is hul wonde daar.
Hul éie tong verkla hul al;
geheime kragte bring hul val.

64:6 Al wie dit raaksien, skud die hoof;
hul vrees en moet Gods werke loof
as hul aanskou hoe altyd weer
God áls laat meewerk tot sy eer.

64:7 Regverdiges sal bly van gees
en vrolik in die HERE wees;
hul sal, oor Hy die wag wil hou,
met roemtaal op die HEER vertrou.

## Psalm 65

65:1 Na bange tyd van somerdroogte
is daar die uitkoms weer!
Nou pas dit ons op Sionshoogte
U lof te sing, o HEER!
Nou sal hul aankom uit die stamme;
geloftes word betaal,
die offerdier rook in die vlamme,
uit verste veld en kraal.

65:2 Dis waar, 'n donker skuldverlede
leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede
word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore,
versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore,
'n woonplek in u huis.

65:3 Ons sal ons in u huis versadig
met hoogste gunsbewys:
‘n bron van goedheid vloei milddadig
en stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade:
gedug is U in mag.
Ons prys die blyk van u genade;
die vyand toon ontsag.

65:4 U is tot in die verste lande,
oor velde grenseloos,
tot by die allerverste strande
die mens se hoop en troos.
Die berge’t U van oue tye
gegrondves deur u mag;
U is omring van alle sye
met wonderbare krag.

65:5 U demp die bruising van die golwe
in donker stormweer;
die woeling en rumoer van volke
lê U met een woord neer.
U almag ken geen paal of perke,
geen grens het u gesag;
die verste volk vrees vir u werke
as tekens van u mag.

65:6 U laat die aandlig in die weste
en oos die dagbreek juig;
U sorg vir ons die allerbeste
– ons kom ons dank betuig.
Die land besoek U met u seën,
en deur U droog gemaak,
verryk U dit met milde reën
wat tot die wortel raak.

65:7 Die reën van God wat neergeval het
deur ope hemelsluis;
die voor waarin die saad geval het,
waar nou die koring ruis;
die druppels wat die halm verkwik het;
die sagtheid van die kluit –
dis alles soos die HEER beskik het,
Hy seën en – dit spruit!

65:8 U kroon die jaar met ryke vrugte –
wie kan u seën belet?
U wolkewa trek deur die lugte,
sy spore drup van vet.
Die veld vang nou die reëndruppel,
die weiding bly nie droog;
die heuwels, in hul blydskap, huppel
in groen gewaad omhoog.

65:9 Ons sien die kleinvee langs die hange
wat hup'lend veld toe gaan;
ons hoor hier onder windgesange
in hooggehalmde graan;
die lae vlaktes, hoë rante,
ja, alles jubel weer;
dit sing en roem van alle kante
die goedheid van die HEER.

## Psalm 66

66:1 Juig, aarde, juig met blye galme,
laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme,
en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke,
geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke
en buig hom kruipend voor sy mag.

66:2 Die aardryk met sy verste lande
moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande
moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade,
sy werke is so groot in mag!
Smeek Hom, o volke, om genade,
en buig voor Hom met diep ontsag.

66:3 Die HEER het deur die woeste seë
en wilde strome pad gebaan;
soos wand'laars op gebaande weë
het Hy sy volk daardeur laat gaan.
Vir ewig heers Hy uit die hoë
en straal sy glans op aarde af;
oor al die volke gaan sy oë
om die oortreders streng te straf.

66:4 Laat, aardse volke⁀en wêreldmagte,
vir Israels God jul lofsang hoor;
want Hy het nie in lydensnagte
ons voet laat uitgly uit sy spoor.
U het ons in vergange tye,
o HEER, getugtig en bedroef,
en ons gelouter deur die lye
nes silwer deur die vuur beproef.

66:5 U het, o HEER, deur vyandshande
ons in die vangnet ingevoer;
U het rondom met slawebande
in diensbaarheid ons ingesnoer.
Die oorlogsperd en wrede ruiter
het ons vertrap; deur vloed en vuur
het ons gegaan – maar ons Bevryder
het sy verkwikking ons gestuur.

66:6 Ek sal, verlos uit doodsgevare,
nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare
en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme
die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme
ook beeste⁀en bokke toeberei.

66:7 Kom luister nou, o Godgesinde!
Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde
wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister
toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister,
was God my lof, net Hy alleen.

66:8 Was ek deur ongeregtighede
en hul aanloklikheid bekoor,
dan sou die HERE my gebede
en jammerklagte nie verhoor.
Maar Hom, die kenner van die harte,
was ook my diepste wens bekend;
Hy het gehoor, en in my smarte
die oor na my gebed gewend.

66:9 Loof dan Gods goedertierenhede,
laat ons sy Naam vir ewig prys!
Hy het gehoor na my gebede,
my onverhoor nooit afgewys.

## Psalm 67 [19]

67:1 Wees ons, o God, wees ons genadig
en seën ons, want U is goed;
en laat u aangesig weldadig
ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke,
soos die son deur wolke,
kennislig kan breek;
nasies met verblyding
van die blye tyding
in hul land kan spreek!

67:2 Die nasies wat U nou nie prys nie,
hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie,
sing nou die grootheid van u Naam.
Hulle prys die Regter,
U, die saakbeslegter –
U wat nasies lei.
Lande vergeleë
juig oor verre seë,
in u goedheid bly.

67:3 Die aarde het sy vrug gelewer;
ons sal deur U geseënd wees.
U sal ons seën: U, die Gewer,
sal al wat leef, eerbiedig vrees.

[19] Volgens die versstruktuur en die rym, bestaan die eerste twee strofes (die derde is 'n halwe strofe wat met hierdie deel ooreenkom) uit vier medium-versreëls van afwisselend 4½ en vier jambiese versvoete, gevolg deur ses korter reëls met afwisselend drie en 3½ jambiese versvoete.

Hierdie vaste strofevorm dien o.m. om die interessante rymskema uit te lig. Hierdie psalm staan ook so in die onveranderde 1937-uitgawes, asook in die Versamelde Werke. Dit is ook gebruik in die Nederlandse psalmboek 1881, gebaseer op die 1773 ("Staten")-uitgawe. Die woorde kan steeds soos gewoonlik gesing word.

## Psalm 68

68:1 Die HEER sal opstaan tot die stryd;
Hy sal sy haters, ver en wyd,
laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan,
hy sal geen oomblik kan bestaan
voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn,
sal hul soos rook en damp verdwyn,
deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte⁀en vuur
het almal voor Gods glans geen duur
wat goddelooslik lewe.

68:2 Maar al Gods volk, in Hom verheug,
sal opspring in hul sielevreug
en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref
het uit verneed’ring hul verhef.
Hul prys sy groot vermoë.
Sing tot die eer van God se Naam
en jubel voor Hom, almal saam,
sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly
wat deur die wye vlaktes ry:
sy grote naam is HERE!

68:3 Hoog bo die onreg wat hier woel,
staan God se heil’ge regterstoel,
van waar Hy in ontferming
die weduwees hul reg verskaf,
die wees se onderdrukkers straf
en waak tot hul beskerming.
Wie eensaam is, hom stel Hy in
die volheid van 'n huisgesin.
Hy breek die slawebande
van wie hier in gevang'nis smag;
Maar wie Hom hoon in sy gesag,
dié woon in dorre lande.

68:4 O God, toe U uit slawerny
u volk na Kanaän wou lei,
om voor u oog te huppel,
het onweer voor hul uitgesweef,
die aarde het gesidderbeef,
die hemel het gedruppel.
Selfs Sinaï se ruwe top
skrik uit sy vaste eeuslaap op,
voor Israels God aan bewe.
En toe u erfdeel moeg was, HEER,
stuur U die reëndruppels neer
wat dit weer laat herlewe.

68:5 U kudde, HEER, het daar gewoon;
U was die land, so vrugbaar-skoon,
se vriend'like Beskermer;
U het ellendiges die land
laat erwe deur u goeie hand,
o Israels Ontfermer!
Vir blydskap was daar ryke stof,
om God se wonders en sy lof
met jubelsang te melde.
Die lofsang van 'n vrouekoor
klink al die stryders in die oor
en ruis oor berg en velde.

68:6 Die konings van die leërs vlug,
Hul vlug voor dapper krygers t'rug –
wat U teen hul verwek het.
Die manne kom terug met buit;
die vroue deel die roofskat uit
asof hul saam getrek het.
Nou glans in Israel vrede neer,
Die berge skitter glansryk weer
waar sneeu dit aangeraak het,
net soos die duif van silwer-wit,
met goud wat op sy vere sit,
wat hulle buitgemaak het.

68:7 Laat Basans hemelhoë rots
hom ophef, asof ydel trots
sy hoogte kan vermeerder!
Wat spring jul, berge, rug aan rug,
geweldig in die hoë lug
om Sion te verneder?
God self het hierdie berg begeer,
om daar in lig, in glans en eer,
volmaakter, skoner, witter
as sonneglans en sonneskoon
vir ewig by sy volk te woon
en voor hul oog te skitter.

68:8 Gods eng’lemag het saamgetrek
en, duisendmale duisend sterk,
slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit
'n Sinaï in heiligheid,
deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer;
gevangnes was u buit, o HEER,
en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind;
selfs wie opstandig is, dié vind
by U, o HEER, 'n woning.

68:9 Laat ons God loof met diep ontsag,
want Hy oorlaai ons dag aan dag
met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys,
die God van saligheid nie prys,
met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid
versterk ons in die dag van stryd
en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood,
selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewe.

68:10 Gewis, hoe hoog die nood mag gaan,
God sal die vyandskop verslaan,
die skedel so doemskuldig
wat God se heiligheid wou tart,
en daar hy in die kwaad volhard,
sy skuld vermenigvuldig.
Die Here doen sy woord gestand:
“Ek sal jul uit die heidenland,
uit Basan jul vergader;
wanneer jul deur die diepte tree,
dan sal geen golfslag van die see
jul veil’ge voetstap nader.

68:11 “Dan sal jul uit die ballingskap
weer bly oor jul verdrukkers stap
op die bebloede velde;
jul honde sal die bloedplas lek
wanneer God weer sy ywer wek
om onreg te vergelde.”
O grote God, gedugte HEER,
U gange is vol roem en eer
in Israels heiligdomme.
Die sangers gaan die spelers voor,
en rondom juig 'n blye koor:
die meisies met die tromme.

68:12 Loof God in sy vergadering,
O volk, uit Jakob voortgebring,
die eerste stammevader.
Hoe vrolik gaan na Sions top
die stamme uit hul wonings op
om voor Gods troon te nader!
Die kleinste, Benjamin, is daar,
'n vors voorheen; en Juda's skaar
met al die leeuestryders;
ook Sébulon en Náftali
wat vir geen vyand sidder nie –
van ouds die volksbevryders.

68:13 Ons prys U, HEER, in sang en lied.
U het u sterkte ons gebied
toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed,
U het ons roemryk uitgered –
o hoor nou weer ons bede!
Dan let die vorste, tot u eer
en om u huis ontwil, o HEER,
eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant,
selfs uit die allerverste land,
vereer met hul geskenke.

68:14 Omgord U, HERE, vir die kryg
teen hom wat soos 'n ondier dreig
met al die oorlogsbendes –
die volk wat stukke silwer bring
net soos 'n onderworpeling,
maar loer op ons ellendes.
Gewis, ons sien hul al verstrooi
wat hunker na die oorlogsprooi.
Maar uit die pragpaleise
van Kus en van Egipteland
kom manne wat na God die hand
sal strek met eerbewyse.

68:15 O Koninkryke, sing Gods lof!
Laat psalme oprys uit die stof –
dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, bekleed met eer en mag,
hoog deur die hemel van sy krag
wat Hy met storms bedek het.
Die stemme van sy donderslag
verkondig oral sy gesag,
sy mag voor al die volke.
Gee sterkte⁀aan God – sy hoogheid is
oor Israel, sy erfenis;
sy mag is in die wolke.

68:16 Hoe vreeslik is U, HEER, alom[20]
uit u verhewe heiligdom,
omring deur krag en ere!
Dis Israels God wat wonders werk
en wat sy volk met krag versterk:
U loof ons, HEER der here!

[20] Alom: oral(s), rondom, in alle plekke

## Psalm 69

69:1 Help my, o God, want ek vergaan!
Ek het in modder ingegly
waar daar geen staanplek is vir my;
en oor my storm die waters aan.
Ek roep my hees, my oog versmag,
waar ek vergeefs op U bly wag.

69:2 Meer as die som wat ek kan tel,
en meer as my geringe krag,
vermeerder hul getal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel.
Hul laat my sonder oorsaak boet.
Dit jaag en storm deur my gemoed!

69:3 Voor U alleen wil 'k skuld bely.
My dwaasheid, ag, dié kla my aan.
Maar laat oor my beskaamd nooit staan
wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil
om U, o HEER, om u ontwil!

69:4 Ook my geslag verwerp my, want
'n ywer vir u huis en eer –
dit het my soos 'n vuur verteer
en in my soos 'n vlam gebrand;
smaadwoorde sonder maat of tal
het, HEER, oor U op my geval.

69:5 Ek kwel my siel met vas en ween,
maar dit het my tot smaad geword;
met roukleed het ek my omgord,
maar is 'n spot vir iedereen.
Die praters praat op straat van my,
en dronkaards sing hul lied daarby.

69:6 Maar my gebed is tot U, HEER!
Daar is 'n tyd dat U verhoor:
in grote goedheid, neig u oor,
en deur u trou, verlos my weer.
Verlos my uit die modderpoel
en waterstroom wat om my spoel.

69:7 Wil, HEER, die waters om my stuit,
laat nie die dieptes my verslind;
die put waarin ek my bevind,
laat hom sy mond nie bo my sluit.
Verhoor my, want u guns is goed,
u medelye is 'n vloed.

69:8 Aanskou my in barmhartigheid:
dit is vir my benoud en nou.
Verhoor my, HEER, verhoor my gou,
en maak dit om my heen weer wyd.
Die skande⁀en smaad wat my onteer,
my vyand self, U ken hul, HEER.

69:9 Dié smaad, dit het my hart gebreek;
ek beef en wag op medely;
maar tevergeefs, geen troos vir my.
Hoe ek al om ontferming smeek,
gal het hul my as kos gegee;
asyn – hul les my dors daarmee.

69:10 Hul tafel – maak dit tot 'n strik:
dat hul hul ondergang daar vind!
Slaan met u straal hul oë blind,
en laat hul heupe altyd swik!
Stort grimmigheid oor hulle uit,
'n toornvuur wat hul vaart sal stuit!

69:11 Maak van hul laer 'n woesteny,
want hul belaster en verdruk
wie onder U beproewing buk.
Vergroot hul skuld, spreek hul nooit vry;
wil uit u Boek hul naam uitwis
waarin u volk geskrywe is.

69:12 Al is ek, HEER, in pyn en nood,
u hulp sal soos 'n skild verrys!
Daarvoor bring ek U lof en prys,
ek maak U in my danklied groot.
Dit sal die HERE allermees
as offer welgevallig wees.

69:13 Sagmoediges sal dit aanskou
en bly wees as hul dit beleef.
Laat dié wat hul tot God begeef,
herleef, met frisse krag bedou.
God hoor hul wat behoeftig is
en kwyn in die gevangenis.

69:14 Laat see en aarde Hom dan prys,
die lug en al wat dit deursweef!
Want God sal Sion laat herleef,
en Juda's stede sal herrys.
Dan vind Gods volk wat Hom vereer
’n erfdeel en hul wonings weer.

## Psalm 70

70:1 O God, my Hulp in nood, help nou!
O HEER, my Redder, maak tog gou!
Maak hul beskaam wat my verdruk
en hunker na my ongeluk.
Laat hulle vlug na agter om –
en vinnig in die skande kom;
laat hul met skaamte rugwaarts gaan
wat met hul smaad teenoor my staan.

70:2 Maar laat u volk, van sorge vry,
in U weer vrolik wees en bly,
en uitroep by hul heilgenot:
“Hoe groot, hoe wondergroot is God!”
Maar in ellende roep ek luid:
“My God, ag, haas U, help my uit!”
U is my hulp, o HEER, by wie
ek bystand soek. Vertoef tog nie!

## Psalm 71

71:1 Op U alleen, my Rotssteen, bou ek.
Laat my dan nimmermeer
in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek.
Verhoor my, red my lewe:
dis aan U oorgegewe!

71:2 Wees my ’n skuiling, hoog verhewe,
hoog teen 'n bergwand aan,
om altyd in te gaan.
U het beveel dat ek sal lewe;
ek lééf, o groot Ontfermer,
my Toevlug en Beskermer!

71:3 Ruk my tog uit die wrede kloue
van hul wat onreg werk,
geweld’naars my te sterk.
U is die God van my vertroue
vanaf my eerste treë
as jongmens op u weë.

71:4 Ek het gesteun op u genade;
van moeders liggaam aan
het U my bygestaan.
Dus loof ek u verlossingsdade;
my loflied tot u ere
sal nie verstom, o HERE!

71:5 'n Wonder vir wie my aanskou het,
was ek, want altyddeur
was U my toevlug, HEER
oor wie ek roem, op wie 'k vertrou het.
My loflied tot u ere
sal nie verstom, o HERE!

71:6 As haas my lewensdag gedaan is
en skemering daal neer –
verlaat my dan nie, HEER!
Versterk die krag wat al vergaan is,
dat met die aardse lewe
u hulp my nie begewe.

71:7 My haters loer nou op my lewe,
die vyand hoor ek praat;
tesame hou hul raad:
“Sy God, sy vriend, het hom begewe;
vervolg hom, jaag hom, gryp hom,
want niemand help of red hom!”

71:8 My God, wees tog nie ver van my nie;
kom haastig na my aan
dat hul beskaam kan staan!
Betoon aan hul geen medely nie,
en laat hul vyandshande
hul toedraai in hul skande.

71:9 Maar ék sal hoop op U, die nag deur,
my mond vind tot u lof
gedurig al meer stof.
U redding noem ek elke dag deur;
al kan ek dit nie skat nie,
besyfer of bevat nie.

71:10 Nou kom ek aan met forse skrede
my lof is sonder maat,
vir u verlossingsdaad.
Ek praat van jeugtyd en verlede –
hoe U my, onervare,
gelei het al my jare.

71:11 Ek vra, o God, U toegeneentheid
en hulp, as ouderdom
en grysheid oor my kom.
Verlaat my nie; gun my geleentheid;
dan hou ek u vermoë
aan kind en kroos voor oë.

71:12 Ek roem, o God, u alvermoë
en u geregtigheid,
wat uitstraal ver en wyd
en heerlik skitter uit die hoë.
Wie is soos U, o HERE,
so groot in mag en ere!

71:13 U het my baie teëspoede
laat sien; maar U sal my
weer van die dood bevry,
my ophaal uit die watervloede.
Herstel my tog in ere,
en troos U my, o HERE.

71:14 Ek sing ‘n lofsang by my snare,
‘n lied van troos en trou
waarin u lof ontvou,
o Heilige by Israels skare!
Ek roep, tot vreug herbore:
“Verlos, en nie verlore!”

71:15 Ek meld teenoor hul onheilsplanne,
my vyande ten spyt
steeds u geregtigheid.
Hul word gestuit, die onregsmanne,
op eie kronkelweë,
Verlate en verleë.

## Psalm 72

72:1 Gee aan die Koning, HEER, u regte
en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte
kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermer,
een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer
wat oordeel volgens reg.

72:2 O saalge ryk waar enkel vrede
oor berg en heuwel sweef;
die Vors na Gods geregtighede
sal heers oor wat daar leef;
waar Hy in strenge strafgedinge,
oor armes Hom ontferm,
sal Hy die reg van die geringe,
teen wie verdruk, beskerm.

72:3 Só lank die son se vlammevure
bedags 'n lig sal wees,
die maan 'n lamp in donker ure –
só lank sal hul Hom vrees.
Hy sal so mild wees soos die reën
wat neerdaal op die gras;
soos druppels wat met volle seën
besproei die veldgewas.

72:4 Dan kom die tyd van welbehae,
wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae
tot volle rypheid groei.
Van see tot see – geen grensomlyning,
want orals heers sy staf,
totdat die maan, die bleek verskyning,
val van die hemel af.

72:5 Hul kniel, uit lande vergeleë;
sy vyand lek die stof;
en Tarsis voer, oor verre seë,
geskenke na sy hof.
Die konings van die verste strande
stuur gawes oor die see;
ook Skeba en die verre lande
bring goud en silwer mee.

72:6 Ek sien al vorste, ryk en magtig,
wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig
Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstotelinge,
dié wat geen helper het
– die stilverloorne en geringe –
sal Hy verhoor en red.

72:7 Hul roep: dit is vir Hom die tyding:
sy arm is al gereed;
vir hul is daar by Hom bevryding
uit alle nood en leed.
Dreig daar geweld van alle sye,
al gaan dit nog so hoog,
hul bloed, hul trane en hul lye
is kosbaar in sy oog.

72:8 Mag Hy, die Koning, altyd lewe!
Mag hul uit Skeba goud
met hande wyd-oop aan Hom gewe
met seënwens duisendvoud.
Mag koring, selfs langs hoë hange
van berge uitgesaai,
soos Libanon laat hoor sy sange
wanneer die bergwind waai.

72:9 Mag die bewoners van die stede
– daar's geen ellende meer –
soos plante groei in volle vrede
en sing die Vors se eer.
Mag nooit sy Naam en grootheid kwyn nie
– dit is 'n voorspoedsuur! –
geen sonneglans so helder skyn nie
of langer wees van duur!

72:10 Laat al die volke⁀uit wydste kringe
aan Hom hul dank bewys
vir matelose seëninge,
en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sfere!
Van bo kom al die seën;
want Israels God – aan Hom die ere! –
doen wonders, Hy alleen.

72:11 Sy Naam, bo alle naam verhewe,
word uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe
so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe,
so ver die sonpyl skiet,
sy heerlikheid die aarde⁀oorswewe!
En "Amen" sê my lied!

## Psalm 73

73:1 Voorwaar, God is vir Israel goed,
vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit só donker wees nie,
dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet,
tog het ek byna in my leed
gewankel, en dit was vir my
so donker dat my voet wou gly.

73:2 Ek het gepeins, diep in my hart
in lewensraaisels lank verward,
toe ‘k moes aanskou met lede oë[21]
hoe boosaards aangroei in vermoë.
Húl is gesond en lewe lank,
maar ánder word van kwellings krank;
op húlle rus geen ongeluk,
maar ánder slyt hul lewe⁀in druk.

73:3 Net soos 'n snoer van edelsteen
swaai trotsheid om hul nekke heen;
en hul geweld en gruweldade
bedek hul lyf soos spoggewade.
Hul oë peul van vet na voor,
inbeeldings van hul hart loop oor.
Hul spot, verdruk, en in hul oog
is nét hulself, geen ander hoog.

73:4 Hul spot, en van hul spotterny
raak ook die hemel self nie vry,
terwyl hul tong op aarde wandel
en grootpraat voeg by bose handel.
Daarom draai sondaars na hul heen,
met hul in misdaad lotgemeen,
en roem: Sou óns die Heer moet vrees?
Sou daar by Hom dan kennis wees?

73:5 Die trotsaards leef gerus en bly,
in rykdom, onbesorg en vry.
Vergeefs dat ek so opgepas het,
my hande⁀in onskuld rein gewas het!
Dit help my nie: ek word geslaan,
u tugtiging, dié hou net aan;
en nooit was daar 'n môre of
my klaagsang kry weer nuwe stof.

[21] met lede oë: met ‘n onaangename gevoel; met spyt – HAT, p 655

73:6 Maar nee, al wil my hart ook breek,
my mond mag só oor God nie spreek:
dan sou 'k verraai wie ek bemin het,
Gods volk met wie 'k die stryd begin het.
Nogtans het ek weer nagedink,
weer in dié raaisel ingesink,
maar ‘t was net moeite in my oog,
vir my begrip nog veels te hoog.

73:7 Hoe anders is dit nou met my!
Gods heiligdomme ingelei,
straal my 'n ander ligglans teë;
ek sien hul end ... dis gladde weë
waarop die HEER die voet laat gaan
van boosaards wat Hom trots weerstaan.
Hul wankel al om neer te stort –
'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

73:8 Hoe swak en onvas dat hul staan!
Hoe gou dat hul te gronde gaan!
Hoe nietig is hul weelde⁀en vrede!
Hoe huiwer skrik deur al hul lede!
As U, o HEER, die vonnis vel,
verdwyn hul soos ‘n droom so snel
wat, in die slaap wel skoon van skyn,
by die ontwaking gou verdwyn.

73:9 Hoe voel ek nou my sondesmart!
Ek was verbitter in my hart,
in groot verwarring vasgewikkel,
en my gemoed was diep geprikkel.[22]
Ek was voor U, o wyse God,
in al my woorde dwaas, 'n sot.
Ek was, vir alle wysheid sku,
net soos 'n domme dier by U.

73:10 Nogtans sal 'k altyd by U bly;
niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het,
vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad,
O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en ná die dag van aardse stryd,
my opneem in u heerlikheid.

[22] Die oorspronklike ***niere*** is as metafoor gebruik vir *diepste wese*; ook: *die setel van die diepste aandoening*.

73:11 Wie het ek in die hemel, HEER –
wie kan ek buiten U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig,
hom op die aard' in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bitter smart
of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed
my rots, my deel, my eewge goed.

73:12 Wie ver van U sy weg wil gaan,
stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het,
in troueloosheid U verlaat het.
Maar goed en salig is my lot
as ek naby is aan my God.
Ek het my hoop op God gestel
om al sy werke te vertel.

## Psalm 74

74:1 Waarom, o God, vind ons geen medely?
Waarom verdryf u toorn ons altyd verder?
Ons is u kudde, U die kuddeherder
wat deur u hand ons uit en in wou lei.

74:2 Dink aan u volk, aan u gemeente weer,
wat U voorheen as gunsvolk uitgelei het,
die stam wat U as erfdeel toe verkry het
aan Sions berg, u woonplek van weleer.

74:3 Stap met u voete deur die eewge puin!
Dit is u heiligdom wat neergestort het,
van plunderaars geheel 'n prooi geword het!
Hoog rys hul vaandel nou op Sions kruin.

74:4 Hul hamers het die houtwerk neergeslaan;
hul byle het geswaai, gekap, gekerwe,
hul ruwe hand die tempelskoon bederwe,
verdelgingsvuur oor alles heen laat gaan.

74:5 U heiligdom is deur die vuur geskend ;[23]
niks kon sy glans teen hul geweld beveilig.
Die pronkpaleis, u woning, is ontheilig,
tot puin en as het hul dit omgekeer.

74:6 Hul het gesê: “Laat ons met wrede hand
hul almal saam verdruk met harde houe.”
Hul ruwe vuis het al die Godsgeboue
– om U te spot – verbrysel en verbrand.

74:7 Ons sien geen tekens in die donker uur
van u verbond, en daar is geen profete
wat ons meer troos of bring die dieper wete
hoe lank ons druk en hartseer nog moet duur.

74:8 Hoe lank, o God, sal nog die teenparty
ons smaad en tart? Sal dan in ewighede
u Naam beskimp word in sy lasterrede?
Wat talm U nog en trek u hand opsy?

74:9 Steek uit u hand, die regterhand so sterk,
vernietig hul, die skenders van u woning!
U is, o God, van ouds af tog my Koning,
U wat op aard' verlossingswonders werk.

[23] Skend, hier: ontheilig, ontwy – HAT, p.1014

74:10 Mag nou u hand ontwaak en hul verdelg –
U wat voorheen die stormsee oopgebreek het,
seemonsters, Leviatans, doodgesteek het,
sodat die roofvis hulle kon verswelg.

74:11 U guns, o HEER, was oor ons van omhoog,
toe U fonteine uit 'n rots laat spring het,
maar waters, wat uit dieptes saamgedring het,
se volle stroom het U weer opgedroog.

74:12 Aan U behoort die son wat ons bestraal,
die sterrenag is maaksel van u hande,
die see wat spoel langs vasgestelde strande;
die jaarseisoen het U vir ons bepaal.

74:13 Gedenk hieraan, o God van grote krag:
Vermeetle tonge het u Naam gelaster;
die vyand, van u vrees en diens verbaster,
het U geterg, gehoon in u gesag.

74:14 Gee aan die dier wat om ons roof en skeur,
die lewe van u tortelduif nie oor nie;
laat dit nie wees asof U ons nie hoor nie,
asof U ons vergeet het altyddeur.

74:15 Ons is omring deur skrik en duisterheid:
uit donker plekke loer die onheilsmagte.
Maar bo ons skyn die helder sterrewagte
van u verbond, waarop ons voor U pleit.

74:16 Wil ons, o HEER, u hulp en bystand bied!
Maak ons in ons gebedsroem nie verleë.
Staan op, o God, en stap u vyand teë,
sodat ons U kan groot maak in ons lied.

74:17 Vergeet tog nie die teenstand en die hoon,
die spotgeroep van die opstandelinge,
en die rumoer in al hul handelinge
wat tartend opstyg na u hemeltroon.

## Psalm 75

75:1 U alleen, U loof ons bly –
ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER,
vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land
al die wonders van u hand.

75:2 Al vertoef Ek, spreek die HEER;
al gaan jare langsaam om –
eind'lik sal my regsdag kom,
en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel – deur my hand
bly die aarde⁀ in vaste stand.

75:3 Laat die rasers dan nie raas;
laat die hoogmoed hul nie dryf ,
kop omhoog en nek verstyf,
in verwaandheid opgeblaas.
Want God sal die hoogmoed tref,
en die kop wat hom verhef.

75:4 Die verlossing, roem en eer
kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her;
want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog –
Hy verneder en verhoog.

75:5 Sondaars moet die beker drink,
Druppels wat daar skuim en spring,
God se bitter mengeling
Wat sy hand vir hulle skink
Hul wat goddeloosheid pleeg,
drink die hele beker leeg.

75:6 God van Jakob, lof en prys
sing ek ewig tot u eer!
Goddeloses werp ek neer
Wat vermetel teen U rys,
Maar die vrome, swaar getref,
word deur God weer opgehef.

## Psalm 76

76:1 Die HEER wat woon in donker tent,
maak Hom aan Juda's stam bekend;
daar word sy wonderdaad vertel,
sy Naam is groot in Israel;
in Salem met sy veil'ge skanse,
daar straal sy huis met vredeglanse.

76:2 Hy het die vlammepyl verbreek
waarmee Gods vyand hom wou wreek,
die skild en swaard en oorlogstuig.
Hoe heerlik bo die roofberg ruig
styg U, o God, ver bo die skare
van rowers en geweldenare.

76:3 Geplunder is die sterke held,
Hy slaap, verswak, vas in die veld;
die sterk en dapper mensekind
kon met sy hand geen wapen vind.
U dreigstem, HEER, op oorlogsvelde
bedwelm die perde en die helde.

76:4 Hoe vreeslik, HEER, is u gerig!
Wie kan bestaan voor u gesig?
U laat van bo die oordeel hoor,
u donderwoord, die wêreld oor;
die aarde beef voor u vermoë,
lê stilverslae voor u oë.

76:5 In stortvloed van sy krag kom Hy
al die sagmoediges bevry.
Selfs grimmiges met wraakgeweld,
selfs húlle moet u lof vermeld.
Die toorn wat oor is van die bende
dien, HEER, as gordel van u lende.

76:6 Doen dan geloftes aan die HEER
en lê jul offers voor Hom neer;
laat almal wat die HEER omring,
uit vrees aan Hom geskenke bring.
Hy breek die mens se spogvertonings,
laat sidder al die aardse konings.

## Psalm 77

77:1 Opwaarts klim my roep en rede,
o my God, verhoor my bede;
in benoudheid, altyd weer,
neem ek toevlug by die HEER.
En my hande, hele nagte,
as ek worstel in my klagte,
bly, terwyl 'k mistroostig smeek,
sonder moeg word, opgesteek.

77:2 In 'n nag so dubbel duister
wil my siel na troos nie luister.
En gedenk ek in my nood
aan die God, voorheen so groot
in ons redding en ontvlugting,
dan versink ek in versugting;
en my gees wil dan versmag,
waar ek raadloos hoop en wag.

77:3 Slaap is nie vir my beskore;
diep onrustig, moedverlore,
draai ek aldeur om en om,
maar my mond bly stil en stom.
Al die lank vergange jare,
ook die juigtoon van my snare
in my hart diep weggesink –
alles het ek stil deurdink.

77:4 Gans mistroostig, wederstrewig,
vra ek: Sal die HEER vir ewig
my verstoot en nimmermeer
wees soos wat Hy was weleer?
Duur al sy beloftes dan nie
Van geslag tot nageslag nie?
Duur sy goedertierenheid
nie vir ewig en altyd?

77:5 Sou God my in toorn vergeet het?
Van my onheil nie geweet het?
Is ontferming dan vir my
deur sy gramskap afgesny?
Ja, Gods hand, voorheen grootdadig,
red ons nou nie meer genadig,
ons wat diep ellendig is –
dit is my bekommernis!

77:6 Ek bring liewer in gedagte
al u dade, tekens, magte,
werke van die ou tyd aan
deur u hand, o HEER, gedaan.
Ek wil let op al die merke
van u wonderbare werke
en in plaas van bitter klag,
daaroor nadink dag en nag.

77:7 Heilig was, o God, u weë,
in die voortyd, lank geleë,
toe u Naam en sterkte⁀alom
groot was by die heidendom;
toe U, HEER, u mag gewek het,
Jakobs kinders uit laat trek het.
U het Josefs kinders vry
uit Egipteland gelei.

77:8 Watervloede, opgesteier,
wou u volk die deurtog weier;
maar toe hul u koms gewaar,
het 'n skrik in hul gevaar.
Donderwolke het hul water
uitgegiet, en fel geklater,
het gedonder en geblits
toe u weerlig daardeur flits.

77:9 Hoog daarbo gerol van donder,
vuur en vlammesee daaronder;
aarde, deur die storm verlig,
het geskrik vir die gesig.
Ja, u pad was in die seë,
U verlos langs diepe weë;
en u nooit ontdekte spoor –
daar sweef donker waters oor.

77:10 Soos ’n skaaptrop met hul herder;
trek hul altyd veilig verder –
Moses met Aäron lei
Israel deur die woesteny.

## Psalm 78

78:1 Let op, my volk wat nou my roepstem hoor,
met ope hart en luisterende oor!
Met wyse spreuke wil ek jul vermaan,
wat waarheid is van vroegste tyd af aan;
verborge goud wat net op koest'ring wag,
met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.

78:2 'n Wysheidswoord uit ou tyd opgewel
– ons vaders het ons dit voorheen vertel –
sal ons laat hoor, en aan die stamverband
sal ons vertel die wonders van Gods hand;
sodat ons kinders trou dit ná kan speur,
sy dade kan verkondig altyddeur.

78:3 Die HERE het aan Jakob sy bevel,
sy woord en wet gegee aan Israel;
'n vaandelteken om, met erns en trou,
gedurigdeur in oog en hart te hou;
'n teken om die kinders toe te wink,
'n taal om diep in hulle hart te sink;

78:4 sodat hul dit húl kinders kan vertel,
om hul vertroue slegs op God te stel -
nie wederstrewig in hul wandel weer
en koppig, soos hul vaders was weleer:
'n volk onvas van hart, ontrou van gees,
was hul nie trou teenoor hul God gewees.

78:5 Ja, Efraïm, die heldestam weleer,
het weggevlug – hul was geen helde meer!
Die Godsverbond het hulle nie betrag,
maar, ongehoorsaam, dit gering geag,
Gods dade, wat geen maatstaf af kan meet,
sy wonders het hul troueloos vergeet.

78:6 In Soans velde, in Egipteland,
het hul gesien die wonders van sy hand;
en in die see, waardeur hul pad sou gaan,
het Hy die vloed soos walle hoog laat staan.
Hy was oordag met digte wonderwolk,
en snags met vuur die leidsman van sy volk.

78:7 Uit barre rots, gehoorsaam as Hy spreek,
het Hy vir hul die waters uit laat breek,
wat soos 'n vloed gespoel het oor die sand.
Nogtans was hul weerspannig teen sy hand,
en voedsel na hul hart het hul begeer,
hul‘t God versoek, opnuut gemurmureer:

78:8 “Kan God ons hier ‘n tafel voorberei?
Hy het geslaan, die rots in twee geskei –
maar in 'n land van dors so dubbeldood,
hoe gee Hy vir sy volk hier vleis en brood?”
God het gehoor, 'n vuur is aangesteek,
sy gramskap het teen Jakob uitgebreek.

78:9 Hy het beveel; ‘n wolk het aangewaai,
die hemeldeur het vinnig oopgeswaai:
geheimnisvol het manna neergestort,
en hemelkoring het hul brood geword.
Dié wonderbrood, in oorvloed uitgemeet,
dié eng’lebrood, het hul op pad geëet.

78:10 Toe kom ‘n windstorm deur die hemel heen!
En Hy het vleis soos stof op hul laat reën.
'n Kwartelswerm, oneindig in getal,
het binne-in die laers neergeval.
God het gegee, in oorvloed ongemeet;
die volk het tot versadiging geëet.

78:11 Hul het geëet – die kos nog in hul mond –
toe het Gods toorn ontvlam en hul gewond.
'n Slagting! Uit hul laer het die blom
van Israels manne skand’lik omgekom.
Tog het hul in hul sondes nog volhard,
in ongeloof aan God se mag verhard.

78:12 So het die HEER hul dae weg laat slyt
in skrik en smart, in moeite⁀en nietigheid.
En as die dood hul tent oorval, dan vlug
hul soekend, sugtend na hul God terug,
gedagtig dat hul rotssteen, trou en vas,
die Allerhoogste, hulle redder was.

78:13 Dis vleiery. In sy verbond en leer
was hulle nie opreg voor God, hul HEER.
Nogtans was Hy oneindig van geduld,
barmhartig en 'n delger van die skuld.
Hoe dikwels wend Hy weer sy gramskap af
en laat sy toorn nie groei tot strenge straf!

78:14 Hy het onthou hoe spoedig hulle weer
sal sterf en tot die stof terug sal keer;
hoe gou dat hul net soos 'n wind verdwyn,
en, eenmaal weg, nie later weer verskyn.
Hoe wederstrewig was hul teen die HEER!
Hoe grof ondankbaar was hul keer op keer!

78:15 Hoe menigmaal moes in die woeste land
die heil’ge God in heil’ge toorn ontbrand!
Dis altyd weer: Gods ongemete mag
het hul gemeet teen swakke mensekrag;
en nie onthou hoe hul in slawetyd
die blyk gesien het van sy God’likheid.

78:16 Hy’t rampe oor Egipte uitgestort:
hul waterstrome het Hy bloed laat word,
‘n plaag wat kwel in lig en donker uur
– steekvlieg en padda – in die land gestuur;
hul veldgewas, die kos van mens en vee,
het Hy aan wurm en sprinkaan oorgegee.

78:17 Hul wingerdstok het Hy met hael getref,
hul vyeboom deur koue weer laat sterf,
en oor hul vee het Hy met bliksemlig
en haelbui nog verwoesting aangerig;
'n gloed van toorn en woede uitgestuur
soos onheilsbodes in benoudheidsuur.

78:18 Hy‘t vir sy grimmigheid 'n pad gebaan[24];
hul nie gered, deur pes hul laat vergaan;
en al die eerstelinge van hul krag
het Hy laat sterf in donker onheilsnag.
Maar Hy‘t sy volk soos skape uit laat trek,
die see het gou hul vyand toegedek.

78:19 Hy‘t hul laat uittrek na 'n bergland skoon,
om in die tent van nasies in te woon;
die volke is verdryf deur God se hand
maar Israel erf die wonderskone land.
Sy volk het dit voorheen so goed geweet,
maar gou het hul geheel en al vergeet.

78:20 Net soos voorheen was hul afvallig weer
met Godverlating en gemurmureer.
Die Godsverbond het hulle nie gehou,
en soos hul vaders was hul ook ontrou –
net soos 'n pyl en boog, omhoog gehef,
bedrieglik knak en dan geen doel kan tref.

[24] Baan s.nw. Pad, gedeelte van ‘n pad
ww. ‘n Pad gelykmaak, oopmaak

78:21 Hul bou ook afgodshoogtes in die land,
maar ywervuur van God het toe ontbrand.
Die heil'ge plek waar Hy by hul wou woon,
het Hy verlaat; die ark van ouds sy troon,
sy sterkte, het in ballingskap gegaan,
sy heerlikheid wég uit hul land vandaan.

78:22 Hul het 'n prooi van vyandswaard geword,
die HEER se toorn is oor hul uitgestort.
Hul jongmans is deur oorlogsvuur verteer,
hul dogters deur 'n bruidslied nie geëer.
Selfs priesterbloed vloei deur die mantel heen,
en by hul graf – geen weduwees wat ween.

78:23 Soos een wat uit sy sluimer wakker raak,
en soos 'n held wat ná die wyn ontwaak –
so het die HEER, tot kragdaad aangegord,
in tyd van nood sy volk se held geword.
Die vyand, haastig op die vlug geslaan,
het Hy in skande, oneer, neergeslaan.

78:24 Maar Josefs stam was nie sy woning meer;
Hy gee aan Juda's stam die hoë eer.
By Sions berg waar Hy teen hemelblou,
sy heiligdom teen hemelhoogtes bou,
het Hy op aard', in rotsblok ingelas,
die heiligdom se fondament gepas.

78:25 Gods goedheid laat hul selfs 'n koning kry;
uit herderstent word Dawid uitgelei
– uit agterveld waar skape rustig wei –
om nou Gods volk as herder-vors te lei.
Hy't hul bewaar in sy geregtigheid
en hul beskerm deur dapper krygsbeleid.

## Psalm 79

79:1 Die heid’ne het gekom, gerig op sloop,
en met geweld u erfdeel platgeloop,
u heiligdom se heiligheid onteer,
Jerusalem tot puinhoop omgekeer.

79:2 Die lyke van u knegte lê verstrooi,
hul liggaam vir wat skeur en aas tot prooi.
Daar’s bloed soos water om die stad gestort;
en niemand wat daar meer begrawe word.

79:3 Vir al ons bure is ons nou 'n smaad,
'n spot en skimp van almal wat ons haat.
Hoe lank sal nog u toorngloed oor ons duur?
U ywer, HEER, nog oor ons brand soos vuur?

79:4 Stort uit u toorn op wie u Naam nie ag,
op konings wat U hoon in u gesag;
want hul het Jakobs land met huis en haard
verwoes, in puin gelê met vuur en swaard.

79:5 Dink aan die kwaad deur ons gedoen nie meer.
Wil ons ons sondedaad vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly,
deur u genade van die skuldstraf vry.

79:6 Ons vra dit nie om ons verdienste, nee;
maar om u Naam die hoogste eer te gee;
en dat die vyand nooit met ons mag spot:
“Wie is die HEER? En waar is nou hul God?”

79:7 Laat ons, u volk, wat hul so swaar laat boet,
u wraak aanskou oor ons vergote bloed.
Laat die gesug van wie in boeie is,
opstyg na U uit hul gevangenis.

79:8 Kind van die dood – wil U oor hom erbarm,
en red hom deur die grootheid van u arm.
Vergeld ons bure sewevoudig weer
die smaad waarmee hul U gesmaad het, HEER!

79:9 Dan sal u volk, u eie kudde weer,
wat U wou lei en deur u staf regeer –
dan sal ons sing tot in die nageslag
van u oorwinnings en u sterke krag.

## Psalm 80

80:1 Verhoor ons tog, o Israels Herder,
U wat die kroos van Josef verder
soos skape rustig wil laat wei,
of deur gevare heen wil lei;
U wat u troon op gérubs stig –
verskyn weer blinkend in u lig!

80:2 Vertoon u mag voor Efraims oë,
toon Benjamin u alvermoë,
en wil Manasse red, o HEER!
O Herder, lei, herstel ons weer,
verkwik, verlos ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig!

80:3 Hoe lank, God van die leërmagte,
verwerp U ons gebed en klagte?
Hoe lank verlaat U ons in nood?
U voed ons, HEER, met tranebrood,
en laat ons in ons jammerstaat
die trane drink in volle maat.

80:4 U maak u volk in donker ure
'n skyf en teiken vir sy bure;
ons vyande bespot ons, HEER!
Sien op ons in ontferming neer;
verkwik, verlos ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig.

80:5 U, HEER, het ons in vroeër dae
geken, en in u welbehae
'n wynstok uit Egipteland
gebring, en self hier ingeplant;
U het die nasies uitgeroei,
en in hul plek u volk laat groei.

80:6 Sy wortels sprei na alle kante,
sy ranke slaan wyd oor die rante,
oordek die hoë berg se top
en klim teen reuse seders op;
hy‘t uitgerank van see en strand
tot by Eufraat se wonderland.

80:7 En nou, waar is sy pragverskyning?
Waarom verbreek U sy omheining?
Waarom dink U nie meer aan hom?
Die bosvark woel sy akker om;
en almal pluk en gaan verby;
die wilde diere kom daar wei.

80:8 Kom weer, God van die leërmagte!
Verhoor ons in ons jammerklagte.
Kyk uit die hoë hemel neer,
besoek u wynstok soos weleer;
en laat u hand die seun bewaak
vir U gekweek en grootgemaak.

80:9 Hy staan verbrand op ope lande;
hy's omgekap; deur vyandshande
vergaan die volk deur U geplant.
Ag, laat u sterke regterhand
wees met die seun wat U, o HEER,
gekweek, gesterk het tot u eer.

80:10 O HERE van die leërskare,
verlos u volk uit doodsgevare;
dan sal ons U weer dien en eer.
O Herder, lei, herstel ons weer,
verkwik, verlos ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig.

## Psalm 81

81:1 Laat ons nou die HEER
wat sy volk verbly het
deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God,
wat weer feesgenot
vir sy volk berei het.

81:2 Laat die trommel hoor
by die toongemengel
van 'n jubelkoor!
Laat die siterspel
vreug vir Israel
deur die klanke strengel.

81:3 Laat basuine klink
as aan hemeltranse
nuwe maan weer blink!
Blaas hul nog 'n keer
as die Paasmaan weer
skyn met volle glanse.

81:4 Want dis die bevel
wat alom weerklink het
onder Israel;
dis die groot gebod
van 'n troue God
wat aan ons gedink het;

81:5 wat ons wou bevry
aan die Nyl se boorde
van die slawerny.
Maar as nou my oor
dieper luister, hoor
ek die vreemde woorde:

81:6 Ék was ‘t wat hul juk
eind'lik opgelig het
toe hul, hard gedruk,
hand en skouer vas
aan die draerslas,
slawediens verrig het.

81:7 Jul‘t geroep, en my
antwoord was 'n wonder;
om jul uit te lei,
het uit onweerswolk
dreunend oor my volk
my bevel gedonder.

81:8 Deur die dors gekwel
is hul, nooit tevrede,
op die proef gestel
in hul trou aan My,
wat hul uit wou lei
in geregtighede.

81:9 Luister, volk, en hoor
– dis wat Ek getuig het –
luister nou en hoor:
Ag, as Israel
maar op my bevel
voor my woord gebuig het!

81:10 Onder jul mag geen
afgodsbeeld verrys nie:
Ek is God alleen!
Jul mag god of heer
wat die nasies eer,
met geen lofstem prys nie.

81:11 Ek is God en HEER
wat die volk bevry het –
Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand
uit Egipteland
veilig uitgelei het.

81:12 Open julle mond,
eis van My vrymoedig
op my trouverbond:
al wat jul ontbreek,
skenk Ek as jul smeek
mild'lik en oorvloedig.[25]

81:13 Maar my volk wou My
nie gewillig eer nie,
aan my diens gewy;
ver van My vandaan
het hul weggegaan
en My nie begeer nie.

---

[25] mild, mildelik: vrygewig, ruim, welwillend

81:14 Toe‘t Ek hul laat gaan
op hul donker spore,
weg van My vandaan;
in hul hart verhard,
in hul sin verward,
op hul weg verlore.

81:15 Ag, as hul maar net
na my raad wou handel,
op my woord wou let!
As hul maar wou hoor,
in die veil’ge spoor
van my wet wou wandel!

81:16 Vyande sou dan
voor my mag gebuk het –
hul wat, saamgespan,
met 'n slaweband
en ’n ysterhand
Israel verdruk het.

81:17 Godverlaters sou
veinsend Hom gevrees het
met 'n skynberou;
maar my volk se tyd
sou in ewigheid
vrede⁀en bloei gewees het.

81:18 Koring, vet en goed,
sou die lande⁀oorgroei het,
om hul mild te voed.
In die dorste streek
sou 'n heuningbeek
uit die krans gevloei het.

## Psalm 82

82:1 God daag in regsvergadering
maghebbers tot sy strafgeding:
“Hoe lank sal jul geen onreg vrees,
partydig vir die bose wees?...
Doen reg aan wie in druk,
soos wese neer moet buk;
help swakkes met jul krag
en red hul uit die mag
van wie hul goddeloos beroof.”

82:2 Van regdoen kan hul niks verstaan:
hul tas soos blindes waar hul gaan.
Die aard' se bodem word onvas!
“Jul’s gode, ja, my seuns,” dit was
my woord. “Nogtans – jul sal
soos alle vorste val.”
Staan op, o God, dryf weg!
Lui in die eeu van reg;
want alles is u eiendom.

## Psalm 83

83:1 O God, wees nie altyd
so stil en sonder stryd
teenoor die onheilsmanne!
Ons vyand loop en raas
met koppe hoog en blaas
en dreig met onheilsplanne.
Teen ons smee hul verraad,
teen U beplan hul kwaad
by wie ons, skuilgeboë,
teen storm en onweerswind,
'n skuil- en rusplek vind
uit krag van u vermoë.

83:2 “Die leërs word opgestel!
Roei uit van Israel
die naam en die gedagte!
Versamel Edomiet,
woestynstam, Moabiet
en Ismaels geslagte!
Gébal en Amalek
moet saam met Ammon trek.”
By Filistynse magte
het nou, die oog op buit,
ook Assur aangesluit –
die hulp van Lots geslagte.

83:3 Wil hul verdelg, verban,
o God, soos Midian,
soos Jabin en sy helde:
hul is gestuit, gestort,
het slyk en mis geword
op Endors vrugb're velde.
Maak hulle soos weleer
die Midiansvorste, HEER,
die saamverbonde konings.
Hul wat nou sê: "Komaan,
laat ons Gods volk verslaan
en intrek in Gods wonings!"

83:4 Soos stoppels voor die wind,
wat niemand weer sal vind –
jaag so die vlugtelinge!
Storm op die bendes los
soos vuur in berg en bos
wat waai in wilde kringe!
Laat hulle voor U swig!
Oordek hul aangesig
met skaamte, skrik en skande,
dat hul erken u mag
en buig voor u gesag
as Hoogste⁀oor alle lande.

## Psalm 84

84:1 Hoe lieflik is u wonings, HEER
der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange
om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan
met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid
tot U wat leef, verlangend uit.

84:2 Die mossie vind 'n huis, o HEER,
die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare,
waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak.
Gedugte HEER der leërskare,
welsalig wie in u paleis
U altyddeur mag loof en prys!

84:3 Welsalig is die mensekind
wat al sy sterkte⁀in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte.
Net voordat hul van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein
waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek
wat hul tot nuwe lewe wek.

84:4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan
totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie.
Let, HEER der leërskare, let
op my geroep, hoor my gebed,
en laat my nie in druk verkwyn nie.
Verleen ’n toegeneë oor;
o Jakobs God, wil my verhoor!

84:5 O God, ons skild, ons teëweer,
sien tog op u gesalfde neer,
skenk hulp en heil aan Sions koning!
Een dag is in u huis my meer
as duisend waar ek U ontbeer;
veel liewer is ek in u woning
'n drumpelwagter, as bekend
met ydel vreug in sondaarstent.

84:6 'n Son en skild is onse HEER;
Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie:
Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg,
die goeie nimmermeer weerhou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou,
aan U geheel hom toevertrou.

## Psalm 85

85:1 U het, o HEER, u land weer guns bewys
en Jakobs saad uit knegskap op laat rys:
hul misdaad, wat u heil’ge toorn verwek,
is weggeneem; hul sondes toegedek.
U het u gramskap eind'lik afgeweer;
die hitte van u toorn was daar nie meer.
O God van heil, besoek nou weer u land,
en laat u toorn nie meer teen ons ontbrand.

85:2 Sal dan u toorn ons altyddeur oordek –
die onweerswolk wat, dreigend uitgestrek,
ons lewenslig verdonker dag na dag?
Sal dit nog rus op kind en nageslag?
Wek U nie meer in ons die lewensgees,
dat ons, u volk, in U verbly kan wees?
Toon ons u goedertierenheid, o HEER,
en wek in ons verlossingsvreugde weer.

85:3 Ek sal nou wag en luister, want ek weet
dat God die HEER sy volk nie sal vergeet.
Hy sal, wanneer sy gunsgenote smeek,
hul roepstem hoor en weer van vrede spreek.
Maar laat sy volk dan nie moedswillig weer
die voetstap na die pad van dwaasheid keer;
Gods heil’s naby – dat luisterryk en skoon
die heerlikheid weer in ons land kan woon.

85:4 Genade⁀en trou sal dan mekaar ontmoet;
die reg sal vrede met 'n soen begroet;
getrouheid spruit dan uit die aarde weer,
geregtigheid kyk van die hemel neer.
Die goeie kry ons dan weer uit Gods hand
as are volryp buig op akkerland.
Geregtigheid gaan voor Gods aangesig
en bloei omhoog waar Hy sy voetstap rig.

## Psalm 86

86:1 HEER, my God, ontferm U oor my,
luister na my stem, verhoor my!
Ek's ellendig, diep in nood,
gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U's almagtig;
maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou,
wat op U alleen vertrou.

86:2 Wie is tog, soos U, weldadig?
Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en my klag
styg na U die hele dag.
Hoor my in my sielsverlange;
gee my vreug en vreugdesange,
want ek hef my hart en oog,
troue God, tot U omhoog.

86:3 HEER, u goedheid is die lewe;
U sal al ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood,
vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my,
luister as ek roep, verhoor my!
Let uit goedheid, as ek spreek,
op die stem waarmee ek smeek.

86:4 Ek's gewoond in bange dae
om my nood by U te klae:
U, o HEER, is dan naby,
U verhoor en antwoord my.
By die gode, hoog in ere,
is daar niemand soos die HERE;
en geen aardse werk hou stand
by die werke van sy hand.

86:5 Al die volke⁀in heidenlande –
eie maaksel van u hande –
sal hul neerbuig voor U, HEER,
en u Naam aanbiddend eer.
Want u grootheid ken geen perke;
U alleen doen wonderwerke:
daar's geen God soos U, geeneen,
U is God, ja, U alleen!

86:6 Leer my na u wil te handel.
Ek sal in u waarheid wandel.
Neem my hart en voeg dit saam
tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe,
nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys –
'k sal u Naam vir ewig prys.

86:7 Ek's behoeftig en ellendig,
maar u guns, oor my onendig,
het my siel – terneergedruk –
uit die dieptes uitgeruk.
O my God, 'n hele skare
trotsaards en geweldenare
soek my siel en span die boog –
daar's geen Godsvrees voor hul oog.

86:8 Maar barmhartig en lankmoedig,
groot van goedheid en oorvloedig
in genade, altyd trou
is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming,
red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit
van u diensmaagd wat hier bid.

86:9 Doen 'n teken my ten goede,
dat my haters in hul woede
kan aanskou hoe U my red
en my troos op my gebed.

## Psalm 87

87:1 Hoe grondvas staan Jerusalem se walle,
Gods eewge bergwerk wat nie skok of skud!
Bo al die Jakobswonings, huis of hut,
het God aan Sions poorte welgevalle.

87:2 O koninklike stad, maak wyd jou woning:
God self wil jou laat groei op grootser wys,
en wat ek hoor, is lof, jou naam tot prys;
die vyand selfs kom nou met eerbetoning.

87:3 Egipte, Babel, Filistyn en More,
ook Tirus ken my Naam as hoogste skat.
Hul almal noem jou nou die moederstad.
Ek sien hul: Dié en dié is daar gebore!

87:4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore,
sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand
en jubel: Dié en dié is daar gebore!

87:5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle,
een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar:
Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

## Psalm 88

88:1 Ek roep tot U, o God,
op wie my hoop bly staan,
wanneer die blye son verrys
en as hy ondergaan.

88:2 As ek my bede bid,
wat opstyg na u oor –
ag, sluit dan nie u hart vir my,
maar wil my smeking hoor!

88:3 My siel is siek en sat,
só kla en kerm ek nou;
dit is of ek hier voor my oog
die dood alreeds aanskou.

88:4 Ek word getel by dié
wat in die graf verdwyn.
Ek voel my nietig, sonder krag,
en hoe ek hulploos kwyn.

88:5 ‘n Swaard het my deurboor;
U sal my gou vergeet:
'n dooie in die graf alleen,
waar niemand meer van weet;

88:6 'n dooie in wie nou
geen lewenshoop meer is,
wat in die kuil daaronder lê
in diepe duisternis.

88:7 U grimmigheid rus swaar
op my ellende, HEER!
U golwe staan op, ry aan ry,
en druk my dieper neer.

88:8 Bekendes, hulle wat
met my as vriend verkeer,
hul vlug uit afsku weg van my
en is geen vriende meer.

88:9 Soos 'n gevangene,
so is ek ingesluit,
my oë dof van my ellend',
ek kom daar nooit weer uit.

88:10 Maar nou, o HEER, my God,
strek ek in my geklag
my hande smekend na omhoog
en roep die hele dag.

88:11 Kan U die mens weer wek
wat al vergaan tot stof?
Of kan 'n skim voor U verrys
en psalmsing tot u lof?

88:12 Sal hulle in die graf
u goedheid kan vereer? –
u trou daar in die donker plek,
waar die verderf verteer?

88:13 Word ooit u wondermag
bekend in duisternis?
Word u geregtigheid herdenk
waar geen gedagte is?

88:14 Maar ek, o HEER, ek roep,
ek swyg nie met hul mee;
en in die vroeë môre kom
my smeekstem U al teë.

88:15 Waarom dan, HEER, verstoot
U sonder medely?
Waarom verberg U langer dan
u aangesig vir my?

88:16 Vanaf my vroegste jeug
was ek verdruk gewees;
altyd het ek ‘n ramp verduur,
óf nog ‘n ramp gevrees.

88:17 U toorn verskrik my, HEER,
en raadloos sien ek hoe
dit soos 'n vloed van waters kom
al nader na my toe.

88:18 Dié waters rol om my,
ombruis my al geheel,
omsingel my in hoë vloed
en reik tot aan my keel.

88:19 U‘t vriend en metgesel
verwyder ver van my;
bekendes – hul is almal weg,
en duisternis – naby!

## Psalm 89

89:1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,
en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

89:2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek,
met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie,
niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig,
jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

89:3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag;
die eng’le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie;
geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
Verskriklik is u mag, en eind'loos u vermoë,
u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

89:4 U tem die woeste see, dit luister na u wil;
hoe hoog die storm mag gaan, U wink en dit is stil!
Ook Rahab is verslaan; net waar u arm geswaai het,
lê vyande verstrooi, soos kaf wat weggewaai het.
Die aarde⁀en hemel, HEER, die volheid wat daarin is,
behoort aan U, wat self hul oorsprong en begin is.

89:5 Die noorde‘t U geskep, die suide daarmee saam;
hier jubel Tabor, daar juig Hermon in u Naam.
U het 'n arm met mag; u hand het groot vermoë,
u regterhand is hoog, u troon bly onbewoë:
geregtigheid beskerm u troon aan alle kante,
en guns en waarheid is u troue afgesante.

89:6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord,
hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is,
die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het,
en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

89:7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag,
wat hul beklee met krag en onoorwinb’re mag.
Uit vrye guns alleen, uit eewge mededoë,
lig ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe;
en onse Koning is deur Israels God gegewe.

89:8 U het voorheen, o HEER, u goddelike lig
laat uitstraal voor ons heen in sieners-vérgesig;
U‘t van 'n saak vertel in donker nog verlore:
U het gesê, daar is ‘n held vir jul gebore
wat Ek verkies het en aan wie Ek hulp gebied het,
aan Dawid, aan my kneg, wat Ek met salf oorgiet het.

89:9 My hand sal hom bewaak, bestendig dag en nag;
my arm sal hom in nood versterk met moed en krag.
Val vyande hom aan, dit sal hul nie geluk nie;
die man van onreg sal hom nooit kan onderdruk nie;
wie hom beangstig, of dit ooit teen hom wil wae,
dié sal my hand besoek met strafgerig en plae.

89:10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby,
sal in die donker nag sy helder leidstér bly.
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring,
en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë,
sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë

89:11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou,
my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore,
deur My as koning van die konings uitverkore..
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig,
my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

89:12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan,
sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie,
bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil’ge weë –
dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.

89:13 Dan sal Ek oor hul kwaad my strenge roede hef;
my hand sal nie verskoon, maar streng hul boosheid tref.
Nogtans sal Ek van hom my goedheid nimmer wend nie,
nóg wankel in my trou, of ooit my waarheid skend nie.
Ek wil nie t’ruggaan op my heilige verbond nie
of ooit die woord herroep wat uitgaan uit my mond nie.

89:14 Ek‘t by my heiligheid aan Dawid trou gesweer,
beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig,
net soos die son se lig so glansryk en bestendig;
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë
staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.

89:15 En nou?... U het verstoot, U het in toorn verag
hom wat gesalf was, in sy late nageslag!
Het U u kneg vergeet, dink U aan u verbond nie?
Lê nie sy koningskroon ontheilig teen die grond nie?
U gooi sy mure om en breek sy vestingwalle,
al wie verbygaan, roof en spot met welgevalle.

89:16 Sy teëstander, HEER, het U bo hom verhef,
Sy vyand bly gemaak, sy swaard kan nie meer tref;
sy heldehart is weg, geen krag meer in sy hand nie,
sy glanse het verbleek, sy troon hou nie meer stand nie;
sy jeug het U verkort deur smaad wat hom oordek het.
Hoe lank nog?... HEER, hoe brand die vlam wat U gewek het!

89:17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur,
hoe nietig my bestaan, die dood wink elke uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?
Geeneen wat teen dié mag sy lewe kan behou nie.
Waar is u guns, o HEER, u eed so ongeskonde
na u beloftewoord, aan Dawids huis verbonde?

89:18 Gedenk, o HEER, die smaad waarmee hul ons oorstort,
hoedat ons siel deur volk op volk gepynig word;
hoe skimp en skande steeds die voetstap begelei het
van hom wat U gesalf, en aan Uself gewy het. .
Nogtans, o HEER, u trou die volg U in u gange –
aan U kom toe die lof, en “Amen” sê my sange!

## Psalm 90

90:1 U was, o HEER, vanaf die vroegste jare
vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Die rotsgebergtes was nog nie gebore,
die aarde⁀ uit niks geroep nie – lank tevore –
toe was U, HEER, dieselfde God van mag,
onwankelbaar in wese en in krag.

90:2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe?
Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van snel vergane jare,
en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER,
maar net ‘n dag, 'n nagwaak en niks meer.

90:3 Wat is die mens as U hom soos met strome
so snel oorgolf? Sy lewe⁀is slaap en drome!
Die môre staan hy regop, fris, verhewe,
soos gras wat spruit in eerste jonkheidslewe.
Maar teen die aand word hy al afgesny,
dan droog hy weg, en dis met hom verby.

90:4 U toorn verslyt ons in ons aardse swerwe,
Ons leef in vrees vir gramskap tot ons sterwe.
Ons sondes, ook uit dae lank vervloë,
ons misdaad, nog bedek voor mense-oë,
staan naak en duidelik voor u gesig,
wat die geheim ontsluier met u lig.

90:5 So gaan u gramskap met ons deur die lewe –
die skaduwee wat swart oor ons bly swewe;
ons leef bedroef deur dae en deur nagte,
ons jare bring ons deur soos 'n gedagte.
Die sterkste klim ten hoogste tot die top
van sewentig of tagtig jare op.

90:6 Wat was ons lewe as dit klaar gebloei het?
Die ydel pronk van wat ons net vermoei het!
Hul gaan so gou verby, ons lewensdae,
net soos 'n wolk gedryf deur onweersvlae.
Wie ken u toorn, sy woede en sy krag,
wie ken u gramskap met genoeg ontsag?

90:7 Leer ons ons dae tel so lank ons lewe,
dat ons ‘n wyse hart bekom en strewe
na wysheid wat ons voortlei in ons gange,
ons hart kan vul met dank- en lofgesange.
Hoe lank, o HEER?... Ons dae gaan verby!
Keer t’rug na ons, betoon ons medely!

90:8 En as die leed van jare uitgely is,
verkwik ons vroeg, wanneer die nag verby is;
ag, skenk ons, HEER, dié blyk van welbehae,
verbly ons na die smart van al ons dae
en na die swaarkry van die strenge proef,
waarmee U ons wou tugtig en bedroef.

90:9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie!
Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede!
En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd,
bevestig tog ons werk in ewigheid.

## Psalm 91

91:1 Wie toevlug neem in veil’ge hut
en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut
deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou,
by U is dit die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou,
in nood my veil’ge veste.

91:2 Daar’s nette, waar jou voet ook gaan,
soos van die voëlvanger;
in donker plekke voel jy aan
daar’s siekte wat daar wandel.
Maar eewge vleuels sweef oor jou,
geruis van reusevlerke;
rondom jou is Gods eewge trou,
die harnas van die Sterke.

91:3 Geen vrees, wanneer in donker nag
die skrik 'n mens laat bewe;
geen vrees, wanneer die pyl oordag
blitssnel na jou toe swewe.
Geen vrees, wanneer die dood sy prooi
verslaan in middagstonde,[26]
of as die pes sy gifkiem strooi
by nagtelike ronde.

91:4 Al val daar duisend deur die pes,
die nagtelike swerwer,
al val tienduisende gekwes,
verslaan deur die verderwer -
jy staan daar onbeskadig, pal;
net maar dat jy gesien het
hoedat die goddelose val –
die loon wat hul verdien het.

91:5 Wie toevlug neem in veil’ge hut
en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut
deur God se alvermoë.
In onheilsnag sal geen geweld
jou pad onveilig maak nie,
jou tent word, eensaam in die veld,
deur geen gevaar geraak nie.

[26] middagstonde: middagure, in die middag

91:6 Rondom jou ruis die eng’levoet
met liggewiekte treë,
hul kom die wand'laar tegemoet
en lei hom op sy weë.
Hul bied op Gods bevel hom aan
die hulp van will'ge hande,
en dra hom, waar die reispad gaan
oor ruwe rotserande.

91:7 Hoog sal jy oor die leeukop stap,
vertrap dié roofbespringer;
jy sal op slang en adder trap
wat sluipend om jou slinger.
“Hy het My lief, hom maak Ek vry
wat dierbaar in my oog is;
Ek waak oor hom, want hy bely
my Naam wat sterk en hoog is.

91:8 “Hy roep, en Ek beskerm hom daar,
totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar
sy erekrans berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort,
verleng Ek uit genade,
sodat hy, bly, aanskouer word
van al my reddingsdade.”

## Psalm 92

92:1 Wie sou die HEER nie prys nie,
wanneer met nuwe gloed
'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie
as stil in môrewagte,
Hy ons met guns omring?
Wie vir sy trou nie sing
‘n loflied in die nagte?

92:2 Wie sou dié troue HEER nie
–Hom wat sy guns ons bied –
met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie?
Hy maak weer los my bande,
Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dade bly,
die werke van sy hande.

92:3 Hoe groot is, HEER, u werke,
hoe diep gaan u beleid!
Hoe reik u wys besluit
oor alle aardse perke!
Maar dwase sit gevange ,
in waansin vasgehou;
hul weet nie dat hul gou
sal struikel in hul gange.

92:4 Hul groei in pragverskyning
soos plante, groen en fris,
terwyl hul einde is
verdelging en verdwyning.
Maar U is hoog verhewe:
u vyand, HEER, moet val;
geen onregwerker sal
ooit strafloos voor U lewe.

92:5 Met blydskap in my oë
en deur u grote krag
swaai ek met alle mag
die horing van vermoë.
U, HEER, laat op my druppel
u salf en laat my nou
die val van húl aanskou
wat oor mý val wou huppel.

92:6 'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon
met breë blarekroon –
só groei Gods volk, so lustig.
Hul groei deur Gods genade:
hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is,
en loof Gods wonderdade.

92:7 Hul groei in balsemlugte;
selfs in hul ouderdom
sal geen vermind’ring kom
van bloei en edel vrugte.
Hul lof sal nie verstom nie:
Die HEER is reg! en Hy,
Hy is 'n rots vir my!
Geen onreg is in Hom nie.

## Psalm 93

93:1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid
wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat altyd triomfeer,
hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

93:2 U troon, o HEER, het ewig vasgestaan.
U is die HEER van ewigheid af aan.
Rivier en meer het woedend opgebruis
en hoog gestyg, geklots met groot gedruis.

93:3 Maar bo hul, in die hoogte, sit die HEER,
geweldiger as vloed van storm en meer,
geweldiger as golwe van die see
as Hy van bo sy stormbevele gee.

93:4 HEER, u getuienis is steeds getrou,
beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan,
net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

## Psalm 94

94:1 Verskyn weer aan die hemeltranse,
o God van wraak, in skitterglanse!
Vertoon u stralende gesig,
o Regter, wat die wêreld rig!
Staan op, verhef U en vergeld
hoogmoediges hul trots geweld!

94:2 O HEER, hoe lank nog sal die bose
hier triomfeer ... die goddelose
by al ons jammer en gesug
hul jubels uitstoot in die lug?
En giftig hul oor ons verheug
met spotlag en oorwinningsvreug.

94:3 Hoe lank het hul ons nie laat buk nie,
is ons, u erfdeel, nie verdruk nie?
Die weduwee van hulp ontbloot,
word met die vreemdeling gedood;
verdrukte wees word nie verhoor,
maar onder skyn van reg vermoor.

94:4 Hul roem: “Geen einde aan ons krag nie!
Die HEER gee op ons daad geen ag nie!
Wie sal ons planne uitvind? Wie?
Die God van Jakob sien dit nie.”
Hoe lank, o sondaars, bly jul doof?
O dwase, van verstand beroof?

94:5 Sou Hy, die Skepper van die oor, nie,
sou Hy, die HEER, dit nie kan hoor nie?
Sou Hy dan blind wees, sonder sig,
die Maker van die oog en lig?
Sou Hy wat nasies tug en leer
die mag tot straf dan moet ontbeer?

94:6 Maar, mens, die HEER ken jou gedagte
van nietigheid is niks te wagte!
Gelukkig dan die mens, o HEER,
wat uit u wet sy wysheid leer,
en weet hoe Gods geregtigheid
gehandhaaf word in nood en stryd.

94:7 Hy bly vertrou, is stil-geduldig;
al is sy smarte menigvuldig,
sal hy die hand wat tug, nog kus;
in onderwerping vind hy rus –
totdat die kuil gegrawe word,[27]
waarin die sondaar neer sal stort.

94:8 Die HEER sal in ons donker lewe
sy volk en erfdeel nooit begewe.
Die regspraak keer, vol majesteit,
terug weer tot geregtigheid.
En wie opreg is van gemoed –
hy volg die regspraak op die voet.

94:9 Wie sal my bystaan as die bose
my aanval en die goddelose
van alle kante my verras?
As God nie toe my helper was,
dan was my lewe gou verkort,
en ek diep in die graf gestort.

94:10 As ek moet roep in donker tye:
"My voete struikel in my lye!"
dan ondersteun u goedheid my.
In my gepeins is U naby;
as duisend sorge my verskrik,
het u vertroosting my verkwik.

94:11 Sal U verdra, o strenge Rigter,
die regspraak van die onheilstigter
wat, teen u heil'ge wette in,
net kwaad en onreg wil versin?
Op ons, onskuldig, storm hul af
en lê op ons die swaarste straf.

94:12 Maar God die HEER is hoog en heilig;
by Hom, my vesting, is ek veilig,
Hy is my rots by wie ek skuil
Hy stort die sondaar in die kuil,
en delg, as Hy hul aanval stuit,
die sondaar met die sonde uit.

---

[2727] Kuil: letterlik: 'n gat in die grond; vangkuil (om wild in te vang); kan ook **graf** beteken, die (vang)kuil waarin die goddelose val.

## Psalm 95

95:1 Kom, laat ons jubel voor die HEER,
laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het.
Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriend'like gesig ontmoet
wat nuwe vreug in ons gewek het.

95:2 Bo al die gode in hul prag
troon God as Koning; sy gesag
is groot en ken geen grens of lyne.
Die aard' se diepste binnekant
is in die holte van sy hand;
die hoë berg daarbo is syne.

95:3 Die woeste see het Hy gemaak,
die rotse wat ons kus bewaak
en wydgeleë wêreldlande.
Kom, laat ons kniel en Hom aanbid:
sy grootse skeppingsdaad is dit,
en ons die maaksel van sy hande.

95:4 Hy's onse God en Herder, Hy
laat ons soos skape veilig wei
en uittrek onder sy beskerming.
As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar gee gehoor,
let op die roep van sy ontferming.

95:5 Verhard jul hart nie, soos weleer
jul vaders wat – hoe dikwels weer! –
nie op my wondermag vertrou het.
Hul het My, deur die dors gekwel,
versoek, My op die proef gestel,
hoewel hul al my werk aanskou het.

95:6 Ek het verdriet van hul gehad
wat aldeur weg wou van my pad,
en deur 'n dwaalsiek hart verlei is.
Daarom het Ek in toorn gesweer:
Dié rusplek erf hul nimmermeer
wat vir 'n trouer volk berei is.

## Psalm 96

96:1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied!
Die aard' se verste perke
moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied;
moet uitroep en verwag
sy heil van dag tot dag.

96:2 Verkondig nou sy roem en eer
by al die nasies, onder
die volke: krag en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER.
Vreeslik in heerskappy
bo al die gode⁀is Hy.

96:3 Die gode tot wie nasies bid
is nietig en onmagtig.
Die HEER is skeppingskragtig:
die hemel daar – sy werk is dit!
Voor Hom is majesteit.
Hy heers in heerlikheid.

96:4 By Hom is krag én sieraad; daar
is mag- én pragvertoning,
waar God sit in sy woning.
Geslagte van die volkeskaar,
bring lof en roem en eer
aan onse God en HEER.

96:5 Gee aan sy Naam die hoogste eer.
Bring aan uit alle lande
sy tempelofferande;
buig daar in heil’ge kleding neer!
Die aarde – al wat leef,
moet voor Hom skrik en beef.

96:6 Verkondig nou van mond tot mond:
oor al wat is, regeer Hy,
oor onreg triomfeer Hy –
dus is die wêreld vas gegrond.
Die volkestryd beslis
Hy wat regverdig is.

96:7 Laat nou die aarde juig van vreug!
Laat juig die hoë hemel,
die see met wat daar wemel!
Laat al die velde hul verheug!
Dan breek die boom en bos
in wilde jubels los.

96:8 Laat aarde⁀ en hemel juig voor Hom!
Want Hy, die Wêreldregter,
die strenge Saakbeslegter,
groot in geregtigheid, Hy kom!
Hy kom, waar en getrou,
sy strafgerigte hou.

## Psalm 97

97:1 God heers as hoogste HEER:
die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande
van afgeleë lande.
Daar’s wolkedonkerheid
rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig
op oordeel en gerig
en op geregtigheid.

97:2 'n Vlam van vuurgerig
wat voor sy aangesig
ontbrand aan alle sye,
verteer sy teenpartye.
Sy weerlig, blink en skerp
word aarde toe gewerp
en straal na alle kant;
die aarde sien dié brand
en sidder vir die weer.

97:3 Wanneer die onweersvuur
deur God self uitgestuur,
hul tref, dan smelt die trotse
gebergtes met hul rotse.
'n Ganse hemelveld,
van skok en skrik ontsteld,
het Gods geregtigheid,
sy eer en majesteit
aan elke volk vermeld.

97:4 Beskaam word elke siel
wat voor die beelde kniel,
met lofwoord en gebede
gerig tot nietighede.
Hoog bo hul sit die HEER;
Hy’s God, en niemand meer!
Hul buig hul, diep en stom,
die ganse godedom,
voor God se grootheid neer.

97:5 Maar Sions vesting hoor,
met Juda's dogterkoor,
en jubel van verblyding,
wanneer dié oordeelstyding
oor Juda's berge kom.
Dan swyg die vyand stom,
want God, die hoogste HEER,
Hy sit en – triomfeer
oor lae godedom.

97:6 Beminnaars van die HEER,
haat wat sy Naam onteer,
vermy die slegte dade.
Hy skenk sy volk genade
en sal in doodsgevaar
sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand
wat dreig van alle kant,
van die geweldenaar.

97:7 Gods vriend'like⁀aangesig
straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte
vir die opregte harte.
Regverdiges, wees bly!
En sing 'n lied daarby!
Verheug jul in die HEER!
Lofsing sy Naam tot eer,
Hy's hoog en heilig, Hy!

## Psalm 98

98:1 Sing nuwe lof aan God die HERE,
En prys sy wonderdade aan.
Sy regterhand, vol krag en ere,
sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë
die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë
soos son wat straal oor berg en veld.

98:2 Hy het gedink aan sy genade,
sy trou aan Israel nooit gekrenk;
die wêreldeindes sien sy dade
as onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme,
o ganse aarde, juig van vreug!
Sing vrolik in verhewe psalme:
dit is Gods heil wat ons verheug.

98:3 Laat by die psalm, in vreug gebore,
jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore
trompette en basuingeklank!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe,
want groot is Israels Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe,
die ganse wêreld moet Hom eer!

98:4 Laat al die strome nou die hande
van vreugde saamklap en dan vra
dat die gebergtes langs hul wande
die juigtoon altyd verder dra!
Hy kom, die Regter van die volke,
omstraal deur reg en majesteit;
sy regterstoel staan bo die wolke:
Hy oordeel in regverdigheid.

## Psalm 99 [28]

99:1 God die HEER regeer.
Beef, o volke, eer,
eer die God wat troon
 waar die gérubs woon;
wat in Israel
 sy gerig bestel.
Aarde⁀en al wat lewe –
laat dit voor Hom bewe!

99:2 God wat help in nood, is in Sion groot;
al die volkemag – niks by Hom geag!
Hoog gedug's sy Naam. Laat hul almal saam
lofsing tot sy ere! Heilig is die HERE!

99:3 Loof Gods mag: Hy's reg in sy oordeelsweg;
volke't Hy gestraf, Israel reg verskaf.
Loof, verhef die HEER, werp jul voor Hom neer;
en laat al wat lewe voor dié Regter bewe!

99:4 Bidders het gepleit in die worstelstryd;
daar het lig gekom uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou God se wet kon hou:
wette vir die lewe hul deur God gegewe.

99:5 By U, HERE, is daar vergiffenis,
ook al het u trou nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; werp jul voor Hom neer!
Bring Hom roem en ere – heilig is die HERE!

[28] Volgens die versstruktuur en die rym, moet die woorde in agt kort reëls gedruk word. Dit staan ook so in die onveranderde 1937-uitgawes en in die Versamelde Werke, selfs in die Nederlandse herdrukke van 1773 se (State)bundel. NB: al volg die versreëls sonder 'n rusteken in die musiek direk op mekaar, is dit geen probleem om te sing nie. Die Eerste vers word as voorbeel gegee.

## Psalm 100

100:1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

100:2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

100:3 Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

100:4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

## Psalm 101

101:1 Ek wil my lied van reg en goedheid sing
en U daarvoor my hoogste hulde bring.
Opregtheid sal ek, HEER, bo alles ag,
en U verwag.

101:2 My wandel, waar ek in my huis verkeer,
was in opregtheid, om U reg te eer;
my strewe altyd hoog, bedagsaam, reg,
van laagheid wég.

101:3 Verkeerde hart, bly ver van my vandaan!
Ek roei hul uit wat kronkelpaaie gaan
van lasterpraat. Vermeetles, trotses, dié
verdra ek nie.

101:4 My oog sal wees op wie opreg en trou
die regte spoor van Gods bevel wil hou;
hý is my vriend en dienaar wat wil gaan
agter my aan.

101:5 Hy wat die pad van lis en leuens gaan,
sal voor my oog en toorn nie kan bestaan:
my huis sal vir die waarheid allermees
'n vesting wees.

101:6 My ywer sal met harde, strenge hand
die bose daagliks uitdelg uit die land,
sodat die Godstad goed bewaak en vry
van onreg bly.

## Psalm 102

102:1 HEER, u goedheid is onendig;
hoor my as ek diep ellendig,
met my kragte ingekort,
klag voor U soos water stort.
Hoor die hulproep van 'n lyer,
wil u aanskyn hom nie weier;
hoor in nood, en hoor my nou,
help my, HEER, ag, help my gou!

102:2 Net soos rook in stormvlae,
so verdwyn my droewe dae.
Soos 'n vuurherd wat bly gloei,
is my bene dor geskroei.
En soos gras in somerlande
kwyn my hart in sonnebrande.
In ellend’ het ek vergeet,
soos 'n sieke, om te eet.

102:3 Ek is uitgeteer; die lewe
wil weens pyne my begewe,
daarom dat ek heeldag sug.
Eensaam voel ek, weggevlug
in woestyne soos die reier –
beeld van die verlate lyer;
soos 'n uil oor bouval heen
sit en tuur, so’s ek alleen.

102:4 Eensaam kla ek deur die nagte,
soos 'n duif, my dowwe klagte.
Heeldag smaad die vyand my,
hoor ek in hul raserny
hoe my naam, in my beproewing,
vloekwoord is by hul vervloeking.
As moet ek vir voedsel eet,
tranedrank drink in my leed.

102:5 HEER, waar U my hoog laat word het,
maar in toorn my neer laat stort het,
is ek soos 'n plant wat kwyn,
en my dae – skaduskyn.
Maar U, HEER, U is onendig,
U gedenknaam bly bestendig;
mensgeslagte gaan verby,
maar u roem sal ewig bly.

102:6 U sal opstaan tot beskerming,
Sion vind by U ontferming;
tyd van smart is eind'lik om,
dag van guns‘t oplaas gekom.
En u knegte, in hul smarte,
dink met liefde in hul harte
aan die stad wat sonder lof
nog vergruis lê in die stof.

102:7 Volke en wie hoog in waarde
kroon en septer dra op aarde,
sal, wanneer God Sion bou,
vrees as hul sy mag aanskou;
as hul sien dat Hy verhoor het
armes wat besit verloor het
en nie hul versoek of klag
as onwaardig wou verag.

102:8 Watter boeke van genade
sal geskryf word oor u dade
wat die nageslag sal lees!
Hul sal lofsing op hul fees;
want God het uit mededoë
op gevang'nes, neergeboë,
en op hul gekerm gelet,
"kinders van die dood" gered.

102:9 Dan besing hul God se werke
vreug in Sion ken geen perke;
dan weerklink die vreugdestem
oor jou muur, Jerusalem!
as die volke saam vergader,
– oor die aarde kom hul nader –
as die konings hulle buig
en Hom hul ontsag betuig.

102:10 Dis die beeld, vol soet behae,
van die ongebore dae.
Maar nóú?... Hoe‘t ek ingestort!
Hoe’s my lewenstyd verkort!
Toe sê ek, by soveel plae:
HEER, verkort tog nie my dae!
Ag, hoe kort is reeds my uur,
maar u jare‘t eewge duur.

102:11 Aarde, HEER, en hemelboë
is die werk van u vermoë.
Hul is saam, in hul verband,
kunswerk van u wyse hand.
Maar hul almal moet verderwe,
U alleen, U sal nie sterwe;
soos 'n kleed sal hul verslyt,
maar U bly in ewigheid.

102:12 HEER, in plaas van droef te klae
sien ons eindelose dae,
as ons kroos, aan U verbind,
lewensvolheid by U vind.

## Psalm 103

103:1 Loof, o my siel, en alles wat in my is,
loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil’ge Naam met lof en prys!
Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede,
vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

103:2 Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe,
genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees;
wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het,
en in die nood was Hy jou hulp gewees.

103:3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig,
jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug.
Die HEER doen reg – Hy is die hoogste Regter –
vergeld die kwaad en straf die onregstigter,
maar aan verdruktes skenk Hy ruimte⁀en vreug.

103:4 Waar dorheid woon, in velde vergeleë,
het Moses klaar aanskou Gods wonderweë,
en Israel sy diepe bondsbeleid –
hoedat die HEER barmhartig en genadig,
lankmoedig is en altyd weer weldadig.
Die HEER is groot van goedertierenheid.

103:5 Hy sal nie altyd twis teen ons ontrou nie
of ewiglik die toorn teen ons behou nie,
want wie kan dra Gods eewge gramskap – wie?
Hy sal met ons nie na ons sondes handel,
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel;
Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.

103:6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë,
so sal sy guns, uit eewge mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan.
Ver, soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die skemeraand se transe,
so ver het Hy ons sondes weggedaan.[29]

[29] Weggedaan: (verlede tyd van *wegdoen)*: wegneem, verwyder, vergewe

103:7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë[30],
sy kind aanskou met teerder mededoë
as Israels HEER dié wat Hom eer en vrees.
Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte,
ook was ons stof van jongs af aan gewees.

103:8 Die mens – soos gras is al sy lewensdae,
'n blom wat ons aanskou met welbehae,
maar wat kortstondig is en baie teer.
Sodra die rukwind oor die veld gekom het,
dan knak die steel wat lustig daar geblom het:
dis weg – sy staanplek ken hom selfs nie meer.

103:9 Gods goedheid en genade is onendig
oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag
wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie,
maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

103:10 God het sy stoel gebou bo lug en wolke,
van waar Hy heers as Koning van die volke,
as HEER van alles op die wêreldrond.
Loof, loof die HEER, o al sy engelmagte,
wat steeds gewillig met hul heldekragte
die woord volbring wat uitgaan uit sy mond!

103:11 Verhef die HEER, o al sy leërmagte,
sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!
Laat hemel, aarde, see en berg en dal,
wáár ook sy septer swaai – laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe!
En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

[30] Bewoë: ontroer, aangedaan, aangedryf

## Psalm 104

104:1 Ontwaak my siel, en sing tot God!
O HEER, U is verhewe tot
die allerhoogste majesteit,
U is beklee met heerlikheid:

104:2 u mantel is die son se lig,
u troongewelf die bloue lug;
die solderwerk van u paleis
is in die wolke, hooggehys.

104:3 Daar sweef U op die wolkwa aan,
of wandel op die wind, u baan!
U bode is die windgeluid;
as dienaars vlieg u blitse uit.

104:4 Die aarde is deur sy bevel
op fondamente vas gestel.
Die waters in hul stormgewoel,
oor hoogste berge heengespoel,

104:5 het U, soos in 'n onweersvlaag,
deur donder voor U heen gejaag,
– die dal laat sak, die berg laat rys –
u vinger het hul plek gewys.

104:6 Ook vir die see was daar 'n merk,
sy woede is daar ingeperk.
U stuur die sterk fonteine uit,
die berge ruis van stroomgeluid.

104:7 Daar laaf die wilde dier sy bors
en wilde-esels les hul dors;
daar woon die blye voëlkoor
wat uit die takke sang laat hoor.

104:8 Uit boonste kamers ruis Gods reën,
die berg en vlakte drink 'n seën;
vir veedier sal die gras uitspruit,
en vir die mens groei plante uit:

104:9 die brood wat hom sy kragte voed,
die wyn wat hom sy smart versoet,
die olie wat sy aangesig,
deur leed verdof, met vreug verlig.

104:10 God gee die reën as sy hand
die wilde boom en seder plant,
wat wyd hul skaduwee ontvou
en voëls nooi om nes te bou.

104:11 Sipresboom, slanke woudpilaar,
is tuiste vir die ooievaar;
op berg en rots se hoogste top –
daar spring die das en ribbok op.

104:12 Gods vaste tydmaat is die maan;
die son weet as hy skuil moet gaan.
Dan word dit nag op Gods besluit,
en roofdier trek op rooftog uit.

104:13 Gebrul dreun uit die digte bos,
die leeus roep uit tot God vir kos.
Maar as die son sy loop begin,
dan sluip hul weer hul skuilplek in.

104:14 Nou word die mens deur môrelig
gewek, gewink tot arbeidsplig
totdat oplaas die skemer val.
Hoe eind'loos is u werketal,

104:15 hoe wys het U hul geformeer,
hoe vul hul saam die aarde, HEER!
Dáár is die see, na alkant wyd;
wat wemel van dié talrykheid.

104:16 Dáár oor die wye waterbaan
sien ons die skepe sierlik gaan;
daar mag u Leviatan speel
en in die grootse vreugde deel.

104:17 Wat leef in water en op land,
verwag hul voedsel uit u hand.
Ontsluit U dit, hul word verkwik;
hou U dit toe, hul word verskrik;

104:18 neem U hul asem weg, hul keer
tot stof en as, en is nie meer.
Maar as u Gees weer oor hul sweef,
dan leef hul, en die aard' herleef.

104:19 Laat glorie sonder maat of perk
die HEER verbly uit al sy werk!
Hy, wat net kyk en – niks hou stand;
sy hand slaan berge aan die brand.

104:20 Ek wil terwyl ek lig geniet,
Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees –
mag dit Hom welgevallig wees.

104:21 Mag goddelose mense kwyn
en sondaars uit die land verdwyn.
My siel, wat uitsing tot Gods eer –
sing onvermoeid, en loof die HEER!

## Psalm 105

105:1 Loof, loof die HEER van alle here!
Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is,
sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag
van al sy wonders, dag na dag.

105:2 Laat almal juig met blye galme;
sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil’ge Naam.
Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer
en hul verlustig in die HEER.

105:3 Vra na die HEER der leërmagte,
die HEER oneindig groot in kragte;
soek daagliks weer sy aangesig;
dink aan die werk deur Hom verrig,
die wonderwerke van sy hand,
en strawwe oor die hele land.

105:4 O volk uit Abraham gebore,
uit Jakob, deur God uitverkore;
o volk wat soveel guns geniet –
kom loof die HEER in sang en lied!
Hy’s onse God – 'n wêreldrond
vrees vir die oordeel van sy mond.

105:5 Die HEER wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
bevestig Hy van kind tot kind.

105:6 Die HEER is nooit sy woord ontrou nie,
sal Hy dan nie die eed onthou nie
aan Isak, in sy trou gesweer?
Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel
in ewigheid aan Israel.

105:7 Toe hul soos pelgrims rond moes swerwe,
het God gesê: “Ek laat jul erwe
die land van Kanaän – dit is
jul afgemete erfenis.”
Die volk was swak nog en gering
en in die land 'n vreemdeling.

105:8 Van volk tot volk het hul geswerwe
voor hul geslag die land kon erwe;
hul het gegaan van land tot land,
beveilig deur Gods goeie hand;
en konings wat hul wou verdruk,
moes onder sy bestrawwing buk.

105:9 Aan konings stuur die HEER die wete:
“Raak my gesalfdes, my profete,
nie aan nie met onheil’ge hand.”
Hy roep 'n honger in die land,
ontneem die nasie van hul brood –
Egipte kwyn in hongersnood.

105:10 God het in wysheid lank tevore
vir hul 'n redder uitverkore;
en Josef gaan in slawerny
in kettings en in boeie ly:
hul het sy voete vasgedruk
en onder ysters hom laat buk.

105:11 Totdat die HEER in nag en duister
sy woord vervul het en dié kluister[31]
verbreek het, moes hy eensaam wag,
gelouter in die lydensnag.
Maar eind'lik breek die daeraad aan:
die koning self het hom ontslaan.

105:12 Die vors oor volke breek sy bande
en stel hom oor sy huis en lande,
om in Egiptiese bewind
die vorste na sy wil te bind;
en al die oudstes van die staat
dié luister na sy wyse raad.

105:13 Daarna kom Jakob in sy grysheid,
gedryf deur honger, waar die wysheid
van Josef hom versorg met brood.
God maak vir Israel daar groot,
totdat die groei van sy geslag
Egipte tref deur tal en mag.

105:14 Die volkie word 'n leërskare,
maar God het die Egiptenare
se liefde omgekeer in haat.
Farao se knegte smee saam raad
om Israel deur werk te dwing
en om hul listig om te bring.

[31] Kluister: boei

105:15 Maar God stuur Moses, wat tevore
deur Hom met Aron was verkore.
Hul twee voer toe Gods raadsbesluit
deur tekens en deur wonders uit;
hul toon aan Gam se hele land
die strawwe van sy strenge hand.

105:16 Hy slaan Egipte met sy plae:
in nag verander Hy hul dae.
Hul twee weerstaan nie die bevel
van God, die God van Israel.
Hy maak hul waterstrome bloed
en laat hul vis sterf in die vloed.

105:17 Die paddas kruip in elke woning,
tot in die kamers van die koning.
Hy spreek, en op sy wonderwoord
vlieg nuwe plae vinnig voort;
muskiete kwel aan elke kant
die volk van Farao's wonderland.

105:18 Hy dek hul lug met wolk en donder
en gooi die haelsteen na onder,
wat, met die weerlig in verbond,
hul wynstok neerslaan teen die grond;
hul vyeboom en elke plant
verbreek Hy in die hele land.

105:19 Nog twis God met die wederstrewers:
nou kom die sprinkaan en die kewers
en eet hul landerye af.
Dan volg die allerswaarste straf:
die eerstelinge van hul krag
verslaan Hy in die laaste nag.

105:20 Toe trek Gods volk op nuwe weë
en niemand struikel in sy treë;
hul trek vol blydskap deur die nag,
met goud en silwer in hul vrag.
Egipte juig met vreuggeskal,
want skrik het op die land geval.

105:21 God brei 'n wolk uit oor die stamme
om hul te dek teen sonnevlamme;
Hy gee hul in die donker uur
die ligkolom, 'n wondervuur.
Hul bid, en Hy, die milde HEER,
stuur kwartels op hul laer neer.

105:22 Hy het hul daagliks begenadig,
met manna, hemelbrood, versadig;
Hy het die rots vir hul ontsluit
en water vloei oorvloedig uit;
'n stroom spoel oor die dorre land
waarop die son se vlamme brand.

105:23 God het gedink, uit welbehae,
aan sy verbond uit vroeër dae:
die HERE het sy woord getrou
aan Abraham, sy kneg, gehou.
So het die HEER uit slawerny
sy volk met blydskap uitgelei.

105:24 Hul erf die Kanaäniet se lande
en al die arbeid van sy hande –
dit gee die HEER hul in sy trou
dat hul sy wet sal onderhou
en in hul weë Hom sal eer.
Loof, halleluja, prys die HEER!

## Psalm 106

106:1 Laat ons God loof, die eewge HEER!
Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen maat of perke.
Wie kan aan God die hulde bring
of woorde vind vir al sy werke?
Wie kan sy lof ten volle sing?

106:2 Welsalig wie die reg betrag,
en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees nou aan my gedagtig
en kom my met u guns naby,
dat ek, u volk se heil deelagtig,
my met u erfdeel kan verbly.

106:3 Ons en ons vaders doen die kwaad;
Ons het die heilspoor steeds verlaat.
Hoewel u hand oor hul gehou was
in wonderdaad en gunsbetoon,
weet U dat by geeneen berou was:
hul‘t by die Skelfsee U gehoon.

106:4 Maar om sy Naam, deur hul verag,
het Hy, tot stawing van sy mag,
die see, wat hul 'n weg wou weier,
gedreig, geslaan, gedryf, sodat
sy vloedgolf agteruit moes steier,
terwyl hul gaan langs droë pad.

106:5 Maar toe die waters in hul kolk
weer omswaai, kon nie vors of volk
‘n weg meer vind na veil’ge oorde –
só het die waters opgedring!
Gods volk, gelowig aan sy woorde,
het toe sy lof Hom toegesing.

106:6 Gou het hul weer sy werk verag
en op sy voorsorg nie gewag.
Toe vraatsug hul al haas verteer het,
nog erger in die hongeruur,
het Hy gegee wat hul begeer het,
maar maerte in hul siel gestuur.

106:7 Teen Moses was daar afguns, nyd
teen Aron, om sy heiligheid.
Die aarde wat toe oopgegaan het,
het die rebelle gou verswelg,
'n vlam wat om hul heen geslaan het,
die goddelose saam verdelg.

106:8 Hul het 'n kalf van goud gemaak
en God, hul Heerlikheid, versaak;
voor niet'ge dierbeeld neergeboë,
hul Redder uit Egipteland
vergeet, wat groot was voor hul oë,
almagtig by die Skelfseestrand.

106:9 “Weg met dié volk!” het God gespreek.
“Vir goed wil Ek hul opstand breek.”
Maar Moses, held deur God verkore,
het in die bres vir hul gaan staan,
dat hul, so diep in skuld verlore,
nie deur Gods toorn sou ondergaan.

106:10 Hul het die mooiste land versmaad,
hul God deur ongeloof verlaat,
en in hul tent was 'n gefluister,
'n murmurering is gehoor.
Maar God die HEER het ook geluister –
dit was 'n wanklank in sy oor.

106:11 Toe‘t God sy hand gelig, tot straf
wys Hy hul op die strengste af,
om in die wildernis te sterwe.
Hul nageslag het Hy verlaat,
in heidenland moes hulle swerwe,
verban en in ’n jammerstaat.

106:12 Hul het hul voor die vloekaltaar,
verlei deur Moabs dogters, daar
tot Baäl-Peors diens begewe.
Hul het geëet die offerand'
na dooie gode opgehewe –
Gods gramskap het teen hul ontbrand.

106:13 Sy swaard het Pinehas getrek
en het deur wraak Gods reg voltrek:
sy lem deur sondaarslyf gedrywe.
Vir hom is hierdie heldefeit,
en vir sy nageslag, beskrywe
as ewige geregtigheid.

106:14 Die God wat hul in guns wou dra,
het hul geterg by Meriba.
En toe het Moses, moeg gelewe,
verstoord, verward, ten einde raad
– want hulle het Gods Gees weerstrewe –
in onbedagsaamheid gepraat.

106:15 In Kanaän het hul trae hand
die volke daar steeds voort laat plant;
aan heidenstam en -bloed verbonde,
en yw'rig in hul afgodsdiens
is hul gevang in wilde sonde
soos in 'n strik, so onvoorsiens.

106:16 Met hart verhard en onbekeer,
gooi hulle voor die duiwels neer
hul eie kroos, as offerbede!
Deur kinderbloed, so ruim gestort,
het Kanaän vol afstootlikhede,
en hulle self bevlek geword.

106:17 Toe het die HEER se toorn ontsteek,
geweldig teen hul uitgebreek;
hul was verwerplik in sy oë.
Daarom het Hy hul oorgegee
aan dié wat sonder mededoë
hul slawebande swaar sou smee.

106:18 Verdrukking voor, verneedring ná;
en dan by God weer hulp gevra!
En as hul in hul kwaad versink het,
dan hoor Hy weer hul angsroep aan –
Hy wat aan sy verbond gedink het,
was oor hul harde lot begaan.

106:19 So het die HEER hul medely
laat vind, ook by die teenparty.
Verlos ons, HEER, wees ons genadig,
bring ons uit verre lande weer
as bannelinge, ag ons waardig,
dat ons U weer kan roem en eer.

106:20 Laat ons God loof! Sy bondsbestel,
sy goedheid heers in Israel.
Laat ons God loof in ewighede;
Hy, Israels HEER, is God alleen!
'n "Amen" klink uit ver verlede,
'n "Amen" deur die hede heen!

## Psalm 107

107:1 Loof God, omdat Hy goed is,
en goed is sonder end!
Vermeld dit, wie behoed[32] is,
verlos is uit ellend';
wat God uit elke land
in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband
waarmee hul hom geknel het.

107:2 In woesteny verlore,
was daar vir hul geen pad
wat hul langs regte spore
kon heenlei na 'n stad.
Gebrek aan drank en brood
sou hulle laat versmag het,
as God nie in hul nood
op hul geroep geag het.

107:3 Hy het hul moeë treë
gelei op regte baan
om in bewoonde stede
met blydskap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.

107:4 Hy het hul moeë treë
gelei op regte baan
om in bewoonde stede
met blydskap in te gaan;
met kostelike goed
het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed,
met water hul versadig.

107:5 Hul wat al lank gekwel was
in eindelose nag,
in ysters vasgeknel was,
gevange en ontkrag,
omdat hul, dwars van sin,
die HEER se raad verag het,
wat diep die kerker in,
geen redding meer verwag het –

[3232] Behoed; beskerm, oppas,

107:6 by hul was angs, verfloudheid;
maar hul geroep het God
verhoor in die benoudheid,
met wending van hul lot.
Hy’t hulle uitgelei
uit donker van die kerker,
uit boeie hul bevry –
Hỳ, God, hul Heilbewerker.

107:7 Die tronk se koperdeur het
gewaggel voor Gods mag
wat ysters weggebeur het,
verbreek het met een slag.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.

107:8 Wie dwaas en ongebonde
geleef het, tref die straf;
gevang deur eie sonde,
mat plaag op plaag hul af,
sodat hul die genot
van voedsel al versaak het,
in sware lewenslot
die doodsmart al gesmaak het.

107:9 Angs was daar by verfloudheid,
maar hul geroep het God
verhoor in die benoudheid,
met wending van hul lot.
Hy het sy woord gestuur
wat elke kwaal genees het,
'n engel in die uur
toe hul die dood gevrees het.

107:10 Laat hul met offerande
die HERE loof en dank,
die werke van sy hande
besing met helder klank;
laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom met hul offers prys,
omdat Hy groot en goed is.

107:11 Hul wat na wêreldseë
op skepe uitgevaar,
langs verre waterweë
die handelskat vergaar –
hoe goed en altyd weer
dat hulle daar bemerk het
die wonders wat die HEER
ver in die see gewerk het.

107:12 Hy spreek, en om die skepe
spring wilde branders op,
die winde is die swepe
wat hul tot woede klop.
Hul hart versmelt van angs –
hul vleg deur hoë golwe
of skuif langs holle see,
in dieptes haas bedolwe.

107:13 Hul waggel in hul spore
net soos die dronkaard, dan
is hul vernuf verlore,
hul hart beswyk daarvan.
Dan roep hul tot die groot
en eenge Stormbedwinger;
Hy red hul uit die nood
waarin hul angstig slinger.

107:14 Ver trek die storm se ruising,
die wind se krag verspil;
daar kom 'n sagte suising,
die golfslag word weer stil.
Dan is hul harte bly
deur God se goeie gawe;
die skip, van onweer vry,
bring Hy in veil'ge hawe.

107:15 Laat hul van stormbedaring,
van God, wat golwe breek,
van heil en heilservaring
in volksvergaadring spreek.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.

107:16 God skep die skone boorde
in droë lope om;
Hy laat oor geile oorde
die straf van sonde kom.
Waar vog was, maak Hy droog,
al is die landman wakker,
vergeefs al wat hy poog
op die verdroogde akker.

107:17 Dan weer het Hy woestyne
'n waterplas gemaak,
en lustige fonteine
in dorsland laat ontwaak.
Daar was dit dat sy hand
wie honger was, verlig het,
sodat hul in dié land
'n ryke stad gestig het.

107:18 Daar styg – dank aan die Gewer –
die seënmaat ten top;
gesaaide⁀en wynstok lewer
hul vrug oorvloedig op.
Hul kroos vermeerder Hy,
hul vee't Hy nie verminder;
as God die seën wil sprei,
wie kan Hom dit verhinder?

107:19 Daarna word hul weer minder
en gaan bykans tot niet
deur kommernis en hinder,
verdrukking en verdriet.
Oor die geweldenaar
kom onheil en veragting;
hy swerf in woestheid waar
geen pad is of verwagting.

107:20 Maar God sal die veragte,
verarmde trou bewaak,
vermeerder sy geslagte
wat Hy soos kuddes maak.
Gods volk is bly daarom:
hul sien wat Hy bewerk het;
maar boosaards staan verstom,
as hul Gods mag bemerk het.

107:21 Wie wys is, merk dié dinge
en gee godvrugtig ag
op al Gods handelinge,
sy goedheid en sy mag.

## Psalm 108

108:1 Hoe rus, o God, my hart in my
nou 'k U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak!
Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid,
tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog by al wat leef
met sang wat van ontroering beef.

108:2 Verhef U bo die hemel wyd,
en bo die aard’ u heerlikheid!
Verlos ons deur u grote mag
en help u volk wat op U wag.
God het dit uit sy tempel al
laat klink met hoogste jubelskal:
vir Sigem sal Ek sê: “Mý stad
en Sukkot as my erfdeel vat.

108:3 “Oor Gilead sal 'k Heerser bly,
Manasse - dié is ook van My;
Efraïm weer die aanval af,
en Juda is my veldheerstaf.
Van Moab sal 'k my waskom maak,
oor Edom, nog gerig op wraak,
sal Ek in hoogheid triomfeer,
oor Filistea juig my eer.”

108:4 Wie bring my in 'n vaste stad?
Wie baan na Edoms land my pad?
U is ‘t wat ons nie by wou staan,
nie met ons leërs saam wil gaan!
Gee ons u bystand in die stryd,
want mensehulp is nietigheid.
Deur Gód sal ons oorwinnend stap;
ons vyand sal Hy self vertrap.

## Psalm 109

109:1 God van my lof, merk hoe ek ly,
en swyg nie langer meer!
Die lastermond gaan oop teen my –
hoe kan ek my verweer?
Hoe haatlik praat hul om my heen,
Hoe wreed verag hul dit
dat ek met liefde húl bejeen,
en altyd vir hul bid.

109:2 Stel nou 'n booswig oor hom aan;
laat die verklaer kom;
laat sy gebed hom skuldig maak,
ja, hou selfs dit teen hom.
Sy dae, wil dit tog verkort,
sy amp aan ander gee;
en laat sy kinders wese word,
sy vrou 'n weduwee!

109:3 En laat sy kinders orals swerf
en bedel by gemis
aan brood, verstote uit hul erf
wat nou 'n puinhoop is.
Die eiser, laat hy alles neem
met wraaksug en met lis;
die vreemdeling, laat dié vervreem
sy hele erfenis.

109:4 Geen helper moet hom help in nood,
geeneen hom ooit ontferm
wanneer sy wese, arm en bloot,
in bitter smarte kerm.
Laat niemand op sy kinders ag,
sy stam nie voortbestaan;
laat reeds die volgende geslag
met naam en al vergaan.

109:5 Hou onreg deur sy stam bedryf
tog in gedagte, HEER!
Die sonde van sy moeder, skryf
in u gedenkboek neer.
Ruk uit, want hy het uitgeruk,
en laat geen wortel oor;
hy het verdruktes hard verdruk,
wie moed'loos is, vermoor.

109:6 Die seën het hy nie gesoek –
dit bly ver weg van hom.
Liefhebber was hy van die vloek –
dit het oor hom gekom;
soos klere‘t hy dit aangetrek,
soos water, so kom dit
in hom, en soos 'n olievlek
tot in sy laaste lid.

109:7 “Laat tog die vloek wees soos 'n kleed
waarmee hy hom bedek
en soos 'n gordel, styf gemeet,
vas om sy heup getrek.
So praat die vyand wat my haat
En onreg oor my haal,
Die HERE sal dieselfde smaad
Op hulle kop laat daal.

109:8 Maar, HEER, u goedheid is só goed,
maak U dit goed vir my;
ek voel bedruk in my gemoed,
my hart’s deurwond daarby:
ek is 'n skadu wat verdwyn,
'n sprinkaan, voortgejaag;
my knieë knik van vas; ek kwyn,
my vlees is weggeknaag.

109:9 By lyde kom die smaadgekwel:
hul skud hul kop oor my.
As U, op wie 'k my hoop nou stel,
my tog maar wil bevry!
Wil met u goedheid my bejeën,
toon hul: dit is u daad.
Wat baat húl vloek, as U maar seën –
hul smaad, as Ú hul smaad?

109:10 In vreugde sal u dienaar leef,
en in 'n grote skaar
– as smaad húl soos 'n kleed omgeef –
u lof, o HEER, verklaar.
Want God is aan my regtersy
om my met krag te stut;
teen hul wat vonnis soek teen my,
sal Hy my self beskut.

## Psalm 110

110:1 Die HEER is dit wat tot my Heer gespreek het:
“Sit aan my regterhand as hoogste Heer,
tot Ek u vyand in sy mag gebreek het,
hom werp as voetbank voor u voete neer.

110:2 “Aan U, so hoog in heerlikheid verhewe,
gee Ek uit Sion, setel van u troon,
die heerserstaf oor wie u mag weerstrewe.
Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!”

110:3 U volk, gereed tot dapper krygmansdade,
sal met U uittrek op die dag van stryd.
Hul sal verskyn in heil’ge feesgewade,
in diensplig een en al gewilligheid.

110:4 Soos druppels dou ontelbaar blink op plante
wanneer die son net oor die kimlyn gaan,
so sal jong mans verskyn aan alle kante
en op die dag van oordeel om U staan.

110:5 Grootpriester wat die HEER so hoog geëer het
dat U kan opstyg tot die hoogste trap –
U priesterskap is soos wat God gesweer het,
soos Melgisédeks eewge priesterskap!

110:6 Die HEER wat dit van U, sy Vors, voorspel het,
sal mét U na die oorlogsvelde gaan,
en konings wat hul teen U opgestel het,
sal Hy wat saam trek, in sy toorn verslaan.

110:7 Hy sal, wanneer sy ywervuur gewek is,
die nasies slaan met ’n gedugte hand,
totdat die veld met lyke gans oordek is
en hul moet swig, grootvorste van die land.

110:8 Góds Grootvors sal, omdat Hy dors gely het
– só het Hy hul gejaag in somertyd! –
buk by die stroom as Hy die stryd volstry het,
sy hoof lig, majesteitlik, ná die stryd.

## Psalm 111

111:1 'k Sal met my hele hart die HEER
met die opregtes loof en eer –
die Godgewyde duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur,
dit word deur almal nagespeur
wat daarin soek 'n welgevalle.

111:2 Sy dade is vol majesteit,
aanbiddelike heerlikheid,
en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif,
as ewige genadeskrif
vir al wie arm is en ellendig.

111:3 Vir almal wat Hom vrees, het Hy
hul spyse mild'lik toeberei.
Hy is aan sy verbond gedagtig.
Hy het aan hul 'n erfdeel skoon,
'n land gegee om in te woon,
deur dade groot en oppermagtig.

111:4 Die werk van God is reg en waar:
onwrikbaar vas, onwankelbaar
wat sy bevel aan ons verkondig;
dit bly bevestig en hou stand,
dit word verwerklik deur Gods hand
in trou en egtheid, diep en grondig.

111:5 Hy het sy volk bevry, bewaak,
vir ewig sy verbond gemaak:
sy Naam is vreeslik, hoog verhewe,
sy vrees is wysheid se begin.
Kom wandel dan dié heilsweg in!
Laat ons Hom loof solank ons lewe!

## Psalm 112

112:1 Welsalig is die man
wat God van harte vrees;
welsalig hy wat in sy wet
'n welgevalle het.

112:2 Sy nageslag sal groot,
geweldig wees op aard';
opregtes sal van kind tot kind
'n seën en erfdeel vind.

112:3 Rykdom en oorvloed is
bestendig in sy huis;
en blywend sy geregtigheid –
vir ewig en altyd.

112:4 Opregtes vind in God
'n lig in donkerheid:
genadig en barmhartig is
die HEER wat reg beslis.

112:5 Gelukkig hy wat hom
ontferm en uit wil leen,
wat nooit by voorspoed en geluk
sy naaste sal verdruk.

112:6 Hy sal nooit wankel, nee,
maar vas bly soos 'n rots,
sodat sy nagedagtenis
'n seen vir altyd is.

112:7 Hy sal nie vrees wanneer
die slegte tyding kom:
sy hart, berustend in Gods wil,
is in hom sterk en stil.

112:8 Sy hart is vas, geen skrik
of skok sal hom ontroer,
totdat sy oog, triomf-bewus,
op sy vervolgers rus.

112:9 Vir wie behoeftig is,
strooi hy sy gawes uit;
Gods heil verlaat hom nimmermeer;
hy styg in mag en eer.

112:10 Die bose wat dit sien,
smelt, tandeknersend, weg;
met nyd sien hy die skouspel aan:
wat hy begeer – vergaan!

## Psalm 113

113:1 Kom sing, Gods knegte, loof verblyd,
van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE.
Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal,
die lof, aanbidding, prys en ere!

113:2 Die HEER wat in die hemel woon,
wat bo die wêreldvolke troon,
is hoog, met heerlikheid omgewe.
Ja, wie is hoog soos onse HEER?
Nogtans sien Hy genadig neer
op wie voor Hom in kleinheid lewe.

113:3 Die HEER verhef uit as en stof
geringes, wat Hy tot sy lof
laat woon by prinse in paleise.
Hy skenk onvrugbares sy troos
en maak hul moeders van 'n kroos.
Loof God met eer- en dankbewyse!

## Psalm 114

114:1 Toe Israel uit Egipteland,
die land van vreemde spraak,
getrek het, het God Juda's stam
sy heiligdom gemaak
en Israel sy ryksgebied,
waaroor sy septer waak.

114:2 Die see het dit gesien, gevlug;
Jordaanstroom – waar was hy?
Die berge het onhooggespring
soos ramme, ry aan ry;
die heuwels soos 'n lammertrop
wat wegvlug in die vlei.

114:3 Wat is dit, see, dat jy moet vlug?
Jordaan, wat steier jy?
En berge, waarom spring jul rond
soos ramme, ry aan ry?
En heuwels, soos 'n lammertrop
wat wegvlug deur die vlei?...

114:4 Beef, aarde, beef voor Jakobs God,
wees voor Hom skrik-verras!
Hy wat die rots beveel het en –
dit word 'n waterplas;
'n springfontein het uitgebreek
waar eers 'n klipsteen was.

## Psalm 115

115:1 Nie aan óns, o troue God,
aan ú Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot
as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie stil!
Red ons om u trou ontwil!

115:2 Waarom sou die nasies spot,
met die uitroep ons trotseer:
"Waar is nou die HEER, hul God?"
In die hemel sit die HEER,
en Hy doen wat Hom behaag:
net sý wil geskied omlaag.

115:3 Gode van die heidendom,
goud of silwer mooi gegiet
– waar die mens sy knie voor krom –
gaan as mensewerk tot niet:
daar's 'n mond, maar sonder taal;
daar' s 'n oog, maar sonder straal.

115:4 Ore het hul, maar dis doof
vir die klank van stem of taal;
en die neus van afgodshoof
kan nie ruik of asemhaal.
Hande het hul – alkant vas! –
vingers wat nie voel of tas.

115:5 Voete het hul, vasgeklem
aan die altyd-selfde oord;
hulle keel – geen klank of stem
kom uit tempelstilte voort.
Laat dié wat hul dien en vrees,
soos hulself, só nietig wees.

115:6 Israel, steun op die HEER!
Hy's hul hulp; hul skild is Hy.
Aärons huis, steun op die HEER!
Hy's hul hulp; hul skild is Hy.
Almal wat die HERE vrees,
Hy sal jul Beskermer wees!

115:7 God die HEER het ons gedenk
na sy troue bondsbestel.
Seëninge sal Hy skenk
aan die huis van Israel;
seëninge van die HEER
daal op Aärons kinders neer.

115:8 Hy sal seën wie Hom vrees,
groot en klein wat op Hom wag;
ja, Hy sal hul allermees
seën in hul nageslag.
Hy wat spreek, en dit geskied,
sal sy seen oor hul gebied.

115:9 HEER, die hemel's u paleis,
U't die aarde⁀ aan ons gegee:
dooies kan die HEER nie prys,
maar óns sal – 'n stemmesee –
ewig juig die HEER tot prys,
hallelujas op laat rys.

## Psalm 116

116:1 God het ek lief, want dié getroue HEER
hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae,
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

116:2 Om my was bande⁀en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe;
maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:

116:3 “Ag, red my, HEER, soos U belofte is!”
Toe‘t God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER, regverdig en genadig,
wat vir sy volk groot van ontferming is.

116:4 Eenvoudiges sal God altyd bewaar.
‘k was uitgeteer maar Hy is vol ontferming.[33]
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming,
Hy‘t jou verlos uit teespoed en gevaar.

116:5 U het my siel weer van die dood bevry;
en in my droefheid droog U, HEER, my trane.
U lei my voet langs nuwe lewensbane,
om in u lig te wandel, lewensbly.

116:6 Ek het geglo toe ek, in smart gedaal,
dit uit moes spreek: “Ek is terneergeboë,”
en uit moes roep, deur sware smart bewoë:
“Die mens se woorde is net leuentaal.”

116:7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?
Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade
en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

116:8 Al my geloftes, uitgespreek in nood,
sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader.
Hoe kosbaar, HEER, is in u oog hul dood!

116:9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg,
seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande’s los; vir hoër diens verkore,
bring ek die offers, aan U toegesê.

[33] Uitgeteer: volgens die Hebreeuse idioom was die murg in sy bene verdroog.

116:10 Ek sal u Naam met dankerkenning prys
te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare
die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

## Psalm 117

117:1 Loof, loof die HEER, o heidendom!
O volke, prys sy Naam alom!
Sy goedheid is in nood en dood
vir ons, sy volk, oneindig groot.
Sy waarheid wankel nimmermeer.
Sing, halleluja, sing sy eer!

## Psalm 118

118:1 Loof, loof die HEER met lofgesange!
O Israel, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange,
sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Aärons huis, met jubelsange!
Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange,
sy goedheid duur in ewigheid!

118:2 Loof, loof die God van ons verlange,
o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange,
en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange!
Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange,
sy goedheid duur in ewigheid!

118:3 Toe ek, omring van alle sye,
die vyand rondom my sien staan,
het God my stem gehoor uit lye,
en my weer veilig uit laat gaan.
Ek sal nie langer hulp'loos wees nie,
of wanhoop selfs in doodsgevaar:
ek sal die mens nie langer vrees nie,
wat magt'loos is as God bewaar.

118:4 Die HEER, die Hoof van duisendtalle,
sal in die stryd my hulp verskaf.
Dan kyk my oog met welgevalle
op my verwoede haters af.
Dis beter by gebed en wense
dat ons vertrou op God se mag,
as dat ons ooit vertrou op mense,
of selfs van prinse hulp verwag.

118:5 Toe al die heid'ne my omring het,
hul laers om my opgeslaan,
en hulle aan my opgedring het,
het ek hul in Gods Naam weerstaan.
Ja, toe die volke my omring het,
met leërs teen my opgestaan,
toe hul my tot die dood bespring het,
het ek hul in Gods Naam verslaan.

118:6 Hul het my wel omswerm soos bye,
maar het soos doringvuur vergaan;
hul het gekom in breë rye,
maar 'k het hul in Gods Naam verslaan.
O vyand, met jou harde stote
soek jy my val, my ongeluk;
die HEER bewaar sy gunsgenote,
die HEER het self my uitgeruk.

118:7 Dit is die HEER wat my gesterk het.
Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het,
dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme
van vromes ná die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme:
Gods regterhand doen grote krag.

118:8 Gods regterhand is hoog verhewe,
sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe,
maar red sy volk uit leed en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande
wat tot die dood toe my omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande,
maar al Gods werke bly vertel.

118:9 Die HEER het my met sware slae
getugtig, maar nie tot die dood;
Hy‘t my gehoor in donker dae
en my gered uit alle nood.
Ontsluit dan voor my pelgrimskrede
die poort van sy geregtigheid,
om God te loof wat my gebede
verhoor het in die dag van stryd.

118:10 Dit is die poort van Israels HERE,
wat voor sy huis as wagter staan;
die poort vertel van heil en ere,
waardeur sy gunsvolk in mag gaan.
Daar sal ek, HEER, met dankgebede
U groot maak op die dag van fees,
want U was in my angsverlede
vir my tot hulp en heil gewees.

118:11 Die steen wat deur die tempelbouers
verag is en 'n plek ontsê,
is voor die oog van die beskouers
deur God as hoeksteen neergelê.
Dié werk van God se alvermoë
het deur God self geskied, deur wie
die wonder oprys voor ons oë;
ons sien dit, maar deurgrond dit nie.

118:12 Dit is die dag deur God verkore,
die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore,
ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge;
gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge,
die glorieteken van u mag.

118:13 Geseënd is die grote Koning
wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning
is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons vertroue,
Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue
en lei dit na die altaar heen.

118:14 U is my God, ál my verlange;
U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange
van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange!
Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange,
sy goedheid duur in ewigheid!

## Psalm 119

119:1 Salig wie in hul opregtheid
wandel in die HEER se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getui'nis let.
Salig dié wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.

119:2 Dis u wil dat ons u woorde
in getrouheid sal betrag.
Kon ek maar, sou ek van harte,
HEER, verleen U my die krag!
Was my voet tog maar net vaster,
dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeskrywe,
en geen skande oor my haal!

119:3 As ek, HEER, u wet wat billik,
reg en waar is, maar kan leer,
dan word U van ganser harte
en opreg deur my geëer.
Ja, ek loof U, want regverdig
is u regte, woord en daad.
Wil dan nimmer my verlaat nie
wat u wet nie wil verlaat.

119:4 Hoe sal in sy jeug die jongmens,
gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?...
As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte.
HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie
en die kwaad my nie verras.

119:5 Daarom sluit ek al u woorde
in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig
en U minder sou bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig!
Leer my tog wat reg is wél.
Met my lippe‘t ek die wysheid
van u wet alom vertel.

119:6 In u wet vind ek ’n vreugde
groter as waar hy van weet
wat sy goed en aardse skatte
in hul waarde nie kan meet.
Daarmee bly ek altyd besig –
wat my soet oorpeinsing is;
mag maar niks dié bron van vreugde
ooit uit my gedagte wis.

119:7 Help my, HEER, dat ek kan lewe;
dan wil ek u woord bewaar.
Laat my oog aanskou die wonders
wat u wet my openbaar.
Wat besit ek hier op aarde?
Niks is daar wat my behoort.
Maar één ding, daarna verlang ek –
dis die rykdom van u woord.

119:8 HEER, U dreig hul wat, vermetel,
nie op u gebooie ag.
Keer hul smaad en hul veragting
ván my wat u wet betrag.
Ook as vorste saam vergader,
en beplan hul teen my kwaad
juig ek tog in teëspoede,
want u wet skenk vreug en raad.

119:9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al!
Maak my lewend na u woord –
U aan wie 'k my sorg vertel het,
laat u kneg nie onverhoord.
Lei my altyd voort en verder
om u wonders te oordink,
my wat droewig en verslae
al in kommernis versink.

119:10 Weer my voet van leuenpaaie
en verleen my, HEER, u wet.
Laat my kies die weg van waarheid
en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe,
troos, en wég is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek,
dan betrag ek u bevel.

119:11 HEER, leer my u wet dat ek dit
tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding,
dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele –
niks wat my só kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer
om na woekerwins te jaag.

119:12 Keer my oog van wat tog niks is,
maak my lewend in u weg;
u belofte aan u dienaars –
maak dit waarheid vir u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie,
stort weer krag in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is,
en 'n bron van alle goed.

119:13 Doen aan my soos u beloof het,
dat ek spotters tot hul spyt
reg kan antwoord op hul woorde
wat my Godsvrees my verwyt.
Neem u woord nie uit my mond nie,
daarop is my hoop gebou.
Dan getuig ek van u waarheid
wat ek graag wil onderhou.

119:14 Ek sal wandel in die ruimte,
want ek wandel in u spoor.
Selfs voor konings spreek ek daarvan
en ek skaam my nooit daaroor.
Aan u wet, my hoogste vreugde,
is my liefde toegewy:
daaraan dink ek, daarna soek ek,
daarin, HEER, verdiep ek my.

119:15 Wees, o HEER, nou tog gedagtig
aan die woord, die fondament
van die hoop en heilsverwagting
wat my troos in my ellend'!
Al is ek vir trotse mense
dwaas en tot 'n spotterny –
nogtans het ek aan u woorde
stil my wandel toegewy.

119:16 As ek, wég van nietighede,
duidelik u plan sien pas;
hoe u oordeel op die aarde
van die ou tyd af al was:
hoe die vromes toe bewaar is
en die bose neergestort –
dan ervaar ek dat my siel weer
in sy diepste vrolik word.

119:17 As ek sien die wetverlaters,
kom daar skrik in my gemoed,
en 'n heil'ge vuur van ywer
laat dit opbruis in my bloed.
Want u wet wat hul verwerp het,
in hul agting waardeloos,
is die stof van my gesange,
op my pelgrimspad my troos.

119:18 Aan u Naam is ek gedagtig
in my soetste mymery,
as ek uitrus op my slaapplek
en die nag sy donker sprei.
Is my peins oor U 'n wonder?
Nee, te doen na u gebod
is my hoogste lewensweelde
en op aard' my hoogste lot.

119:19 HEER, U is my deel op aarde,
en u woord is my die skat
wat U aan my toevertrou het
op die lange pelgrimspad.
'k Het voor U my hart volkome
in my smeking uitgestort.
Maak my dan u guns deelagtig,
laat u woorde waarheid word.

119:20 Ek oordink nou al my weë –
of ek wandel in u spoor;
of ek staan en of ek struikel,
u gebod getuig daaroor.
Of ek dood is, of ek lewe,
kan ek goed daaruit verstaan.
Ek verhaas daarom my voetstap
om weer in u spoor te gaan.

119:21 Strikke span die goddelose
voor my voetstap, om en om;
maar u spoor wat ek gevolg het,
laat my aan hul net ontkom.
Midde-in die stille nagte
staan ek op met lofgeklank
om U vir u wyse regte
met my hele hart te dank.

119:22 Vriend is ek van al u vriende,
mét hul in u waarheid één;
leer my, HEER, wat met u goedheid
dring deur wêreldwydtes heen;
U het dit na u beloftes
met u kneg net goed laat gaan.
Gee my insig, gee my kennis
en 'n hart om te verstaan.

119:23 Voordat ek verdruk was, HERE,
het ek dwaalsiek, altyd voort
op verkeerde pad gewandel;
maar nou let ek op u woord.
U is goed, en goed u dade,
o fontein van alle goed.
Leer my dan wat goed en reg is,
plaas u wet in my gemoed.

119:24 Die verwaande volk praat leuens,
en hul druk my daarmee neer;
maar ek hou van ganser harte
woord en wandel na u leer;
maar húl hart is ongevoelig,
in 'n vetlaag ingewoel,
sodat hul die vreug nie voel nie
wat ek in u wette voel.

119:25 Dat U my verdruk het, HERE,
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in u kennis ingelei.
Daarom is dit vir my beter
as die allerrykste skat,
meer as al die goud en silwer
wat die wêreld kan bevat.

119:26 U, o HEER, het my geskape
deur u goddelike hand –
ag, herskep my nou inwendig
en verlig U my verstand.
Al u dienaars sien my lewe
en dit is vir hul ’n vreug
dat my siel oor u beloftes
so vrymoedig hom verheug.

119:27 Al u vonnisse is suiwer,
maar onsuiwer was my weg;
dat U my dan swaar verdruk het,
is 'n daad van trou en reg.
Maar waar ek in u beloftes
al my heil soek en geluk,
bid ek dat U, na u goedheid,
my wil troos in al my druk.

119:28 Laat op my u medelye
neervloei soos 'n sagte dou,
sodat ek die regte lewe
in u vrese kan behou.
Steek die trotsaards in die skande
wat my harteloos verdruk
omdat ek u wet oordink het –
onder u bevele buk.

119:29 Laat húl weer met my vergader
wat u Naam van harte vrees,
dat ons, in u woord verenig,
een gemeenskap weer kan wees.
Laat my hart maar net opreg wees
voor u oog wat alles sien,
dat oor my geen skaamte kom nie
as ek U van harte dien.

119:30 Op u heil wag ek verlangend,
op u woord hoop ek altoos,
en ek vra, my oë smagtend:
Wanneer sal U my vertroos?
Want my liggaam uitgemergel,
tot die laaste lid verswak,
is verkrimp al soos die leer is
van 'n swartgerookte sak.

119:31 Nogtans wag ek op U, HERE,
wat van al my kommer weet –
op die uitkoms van u woorde
wat my hart nie kon vergeet.
Sal daar nie 'n einde kom nie?
Talm U, HEER, nog met u straf?
Spaar U nog my vyand wat my
graag wil neerdruk in die graf?

119:32 Dié wat op u wet nie ag nie,
wat tog waar bly en gewis,
hul vervolg my. Help my, HERE!
Lewe wat nog in my is,
het hul amper al vernietig;
maar – sou ek u wet laat vaar?
Maak my in u guns weer lewend,
om u woorde te bewaar.

119:33 HEER, u woord is onbeweeglik,
en u waarheid het geen end,
soos die sterre wat bly vonkel
aan die hoë firmament.
Met die duur van mensgeslagte
sal u bondstrou nooit beswyk;
dis bevestig soos die aarde
wat nie van sy grondslag wyk.

119:34 Aarde, hemel, alle dinge –
niks kan u verord'ning breek;
want hul almal is u knegte,
stip-gehoorsaam as U spreek.
Was u wet nie al my lus nie,
dan het ek in smart versmag;
omdat dit my krag gegee het,
dink ek daaraan dag en nag.

119:35 Ek behoort aan U vir altyd,
help u dienaar, goeie HEER!
Soek my heil; ek soek my lewe
in die waarheid van u leer.
Goddelose wil my ombring,
lê en loer en hou die wag,
maar ek let op hoë dinge –
gee op u getui’nis ag.

119:36 Nooit of nêrens het my oë
op die wêreld iets aanskou
wat bestendig voort kan duur nie
en sy wese kan behou.
Wat volmaak skyn, het 'n einde,
moet, met al wat is, verslyt;
net u wet, in duur onendig,
is volmaak en eind'loos wyd.

119:37 Waarom is ‘t dat ek u wette
al my liefde waardig keur,
sodat ek in my bepeinsing
daarmee besig is aldeur?
Omdat hul my wys gemaak het,
wyser as my teenparty,
as my leraars, as die grysaards.
Dis 'n kennisskat vir my!

119:38 HEER, ek wyk deur u genade
weg van elke slegte pad;
maar ek wyk nie van u wet nie,
want dit is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde,
soeter, want hul gee my raad;
daarom is ‘t dat ek van harte
al die valse paaie haat.

119:39 HEER, u woord is my 'n fakkel
wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.
Ek‘t gesweer, deur u ontferming
dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe,
deur dié ligglans wil laat lei.

119:40 Troos my nou met u beloftes;
teëspoede druk my neer.
Laat my offers – my gebede –
U behaaglik wees, o HEER!
Of my lewe in gevaar is,
of die dood my al bedreig –
ék kan nie u wet vergeet nie,
so’s my hart daartoe geneig.

119:41 Of ek amper al gevang is
in die slim-verborge net –
tussen baie groot gevare
dwaal ek nog nie van u wet.
Want dit is my vreug, my erfdeel,
nooit sou ek daarsonder kan;
daaraan kleef ek deur u goedheid,
en my voet wyk nie daarvan.

119:42 Vir u wette dra ek liefde,
vir die twyfelaars net haat.
HEER, U is my skild en skuiling,
en u woord my toeverlaat.
Weg van my, o bose manne;
want dit maak my onrus stil:
om in my bedryf en handel
so te wandel soos God wil.

119:43 Gee u woord ter ondersteuning,
Dat ek lewe, en nie loop
tot my eie spot en skande,
na 'n valse skyn van hoop.
Sterk my, red my; laat die liefde
vir u wet in my ontwaak;
want U bring oor hul veragting
wat bedrog hul rugsteun maak.

119:44 HEER, U skei die goddelose,
soos ons skuim skep van metaal,
en verwerp hul. Daarom bid ek:
laat u liefde in my daal.
As ek dink aan al u strengheid,
dan meng liefde⁀en vrees tot een;
en ek voel hoedat daar angste
sidder deur my lede heen.

119:45 Wil my, wat u wet oordink het,
nimmer prysgee as geroof
deur vermeetles, maar beskerm my
soos u woord dit my beloof.
Hoe verlang ek na u liefde
wat my toewink in u trou!
U is goed, maak my verstandig
dat ek u bevel kan hou.

119:46 HEER, hoe lank het U met hulle
wat u wet verag, geduld?
Kom dan eind'lik, doen vergelding,
bring oor hul die sware skuld!
Maar vir my is u gebooie
reiner, fyner duisendvoud,
meer gelouter en gewaarmerk
as die allerfynste goud.

119:47 Daarom is ál u bevele
altyd waar en reg; ek haat
alle dowwe leuenpaaie
wat die regte pad verlaat.
HEER, u wet is my ’n wonder.
As 'k sy diepte wil deurgrond,
gaan dit oop; dan skiet dit glanse
skoner as die môrestond.

119:48 Dis 'n lig wat suiwer kennis
aan eenvoudiges verstrek;
dis die asem van die lewe
wat ek diep na binne trek.
Draai U dan nie weg van my nie,
wees tog gunstig in die trou
wat U aan u volk beloof het
as hul u gebooie hou.

119:49 Laat die kwaad nie oor my heers nie.
Hou my voetstap in u spoor.
Red my van die onderdrukkers;
gaan my met u redding voor!
Daar kom trane in my oë
en dit vloei in strome neer,
omdat hul, die wetsveragters,
van u weg hul voetstap keer.

119:50 HEER, my God, U is regverdig,
u verordening is reg;
u getuienis is billik
en u waarheid trou en reg.
Daarom brand in my 'n ywer,
ywer wat my hart verteer,
as ek sien hoedat die vyand
U nie in u waarheid eer.

119:51 HEER, u woord, dit is gelouter
en bemin deur my, u kneg,
wat, hoewel hy klein, verag is,
nog aan u bevel bly heg.
U geregtigheid bly ewig,
onveranderlik bestaan,
en u waarheid is 'n waarheid
wat nie wankel of vergaan.

119:52 As ek wandel in benoudheid,
en in diepe angs geraak,
is u woord die één en alles
waarin ek nog vreug kan smaak.
Ewige geregtighede
vloei uit u getuienis.
Leer my daaruit só te lewe
soos die ware lewe is.

119:53 Tot U roep ek; HEER, verhoor my,
en verlos my, maak my trou,
dat ek u getuienisse
heel my lewe lank kan hou.
Op u woord steun my verwagting:
smôrens by die eerste lig
is my oë en my hande
en my stem tot U gerig.

119:54 Diep, diep in die stille nagte
as ek niemand wakker hoor,
roep ek voor my gees u woorde
en bepeins dit oor en oor.
Hoor genadig, rig my lewe
volgens u verordening;
want die bose wetsveragters
kom al nader aangedring.

119:55 Hul kom nader, maar U's naby!
Ja, ek weet van ouds af aan
uit wat U voorheen getuig het
dat u waarheid ewig staan.
Kyk na my in my ellende,
ek is aan u wet verkleef;
wil my regsaak nou verdedig;
laat my, na u woord, herleef.

119:56 Ver’s u weldaad van die bose,
want hul swerf van U af weg;
maar oor my is u ontferming:
maak my lewend na u reg.
My vervolgers, vals en vinnig,
hul getal vermeerder nou;
maar dis u getuienisse
wat my voete staande hou.

119:57 Ek beskou die trouelose–
en ervaar hoe hul U smaad,
maar dit wek in my 'n walging
dat hul, HEER, u Woord verlaat.
Kyk tog hoe ek u bevele
Altyd koester in my gees;
maak my lewend na die woorde
wat vir ewig waar sal wees.

119:58 Vorste haat my sonder oorsaak,
op my pad vervolg hul my;
maar ek vrees u Woord alleenlik,
en ek is daar vrolik by.
U beloftes gee my vreugde
soos dié wat oorwinnaars smaak,
as hul tel die ryke skatte
op hul togte buitgemaak.

119:59 Leuens haat ek; maar u wette
het ek lief – ek sing altyd,
ja, die hele dag deur sing ek
lof op u geregtigheid.
Vrede is daar, enkel vrede,
en dit daal in die gemoed
van wie u bevele liefhet,
vrede sonder teëspoed.

119:60 Op u heil vertrou en hoop ek,
op u wette gee ek ag;
en ek hou wat U getuig het
liefdevol in stil ontsag.
Ek gehoorsaam u bevele
– mag ek hul maar nooit vergeet!
HEER, U weet dit – al my weë
is voor U wat alles weet.

119:61 Mag my klag maar tot U nader,
mag dit opklim deur die lug!
Maak my, na u woord, verstandig,
red my as ek tot U sug!
Van my lippe stroom die sange,
want U maak my waarlik wys:
al u wette is regverdig,
daarom sal my tong dit prys.

119:62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek
en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U beloof het,
na u kennis wonderklaar!
Laat my leef, o HEER, dan loof ek!
Laat niks my van heil beroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees!
Laat my lewe om te loof!

119:63 HEER, ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek
dat U my tog wil kom haal.
Soek my, bring my weer, u dienaar
wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede,
u gebooie nie vergeet.

## Psalm 120

120:1 As die hoë nood by tye
en die storm van alle sye
dreigend teen my op kom staan,
dan verhef ek my gedagte,
bid tot God my bitter klagte,
want Hy neem dit gunstig aan.

120:2 Red my, HEER, in hierdie stonde
van die tong en leuenmonde
wat my smaad in my verdriet.
Watter straf ag God jou waardig,
lastertong wat my so vaardig
met jou lastertaal beskiet?

120:3 Pyle op die oorlogsvelde
uit die boë van die helde
met 'n dodelike sprong.
Met die pyne van brandwonde
– God se oordeel oor jou sonde –
dis jou loon, o valse tong!

120:4 Wee my, dat ek rond moet swerwe
waar my sielsrus weg moet sterwe
by dié wat die vrede haat;
by 'n volk wat, as my rede
spreek van vriendskap en van vrede,
des te meer van oorlog praat.

## Psalm 121

121:1 Ek slaan my oë bergwaarts heen
en staar die ure óm,
tot my verlossing kom.
My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë,
is eind'loos in vermoë.

121:2 Bedreig gevaar jou reispad ooit –
Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed.
Hy, Israels wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer,
jou skadu en beskermer.

121:3 Die son wat bo jou trekpad staan,
sal jou nie steek bedags,
en ook die maan nie snags.
Die HEER sal oral met jou gaan.
Hy, Israels ontfermer,
is altyd jou beskermer.

121:4 Die HEER se oog sal oor jou gaan;
in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar.
Wanneer jy uit of in mag gaan –
Hy, Israels ontfermer,
is ewig jou beskermer.

## Psalm 122

122:1 Ek was verheug toe die geluid
weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan,
om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige⁀oord,
ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme
op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou
en glinster in die son se vlamme.

122:2 Daar staan die Dawidstroon gestig –
'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin,
wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur
in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende⁀en broers soek ek jou vrede;
en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek die goeie vir jou, stad –
die mooiste stad van alle stede.

## Psalm 123

123:1 Ek slaan tot U wat in die hemel sit,
my oë op en bid.
Net soos die kneg sy oog nie weg wil keer nie,
of aftrek van sy heer nie;
en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie
die oë af kan hou nie –
so staar ons op die HEER tot daar van Hom
oplaas erbarming kom.

123:2 Wees ons in lydenstyd genadig, HEER,
en red u erfdeel weer!
Ons word, terwyl ons leef in heilsverwagting,
versadig met veragting.
Ons is so moeg, van spot en skimp versadig
en trotsaards wat oordadig
ons folter en verag. Ons slaan die oog
na U, o God, omhoog.

## Psalm 124

124:1 Laat Israel nou uitroep bly van gees:
Ja, was die HEER nie toe by ons gewees,
toe mensemagte, sterk teen ons gekant,
ons aangegryp het, in hul toorn ontbrand –
dan was ons lewendig verslind gewees.

124:2 Het toe die HEER sy volk nie bygestaan –
toe trotse waters oor ons heen wou slaan,
dan het die vloed vir ons te sterk geword,
dan het hy bruisend oor ons heen gestort,
dan het 'n stroom ons oor die siel gegaan.

124:3 Laat ons God loof: Hy het ons vrygemaak;
die wilde dier het nie aan ons geraak;
God het die dodelike sprong gestuit
en ons nie oorgelewer as 'n buit.
Dus loof ons God: Hy het ons vrygemaak!

124:4 Die troue HEER het self ons vrygemaak:
die strik is los en ons het vrygeraak,
vry soos 'n voël leef ons in vryheid weer.
Die eewge God, van alle dinge HEER,
Hy is ons hulp, Hy het ons vrygemaak.

## Psalm 125

125:1 Dié wat op God vertrou,
al kom die vyand aan,
is soos die Sionsberg
wat altyd vas bly staan.

125:2 Die hoë berge is
net soos 'n vaste skans
rondom Jerusalem:
geen vyand het daar kans.

125:3 So is die HEER rondom
sy volk in ewigheid –
'n berg wat vas bly staan
in dag van storm en stryd.

125:4 Hy sal sy Sion wat
op sy verlossing wag,
nie ewiglik laat bly
in tirannieke mag;

125:5 nie ewiglik laat bly
in so 'n droewe staat;
laat hul maar net die hand
nie uitstrek na die kwaad!

125:6 U sal húl laat vergaan
wat afwyk van u baan,
doen goed aan wie opreg
die reguit weë gaan.

125:7 Ek bid vir Israel.
Mag vrede hul oorsweef!
En mag u vrede bly
solank hul hier sal leef!

## Psalm 126

126:1 Toe God uit smaad en slawerny
ons uit gevangenskap wou lei,
was dit vir ons, beklemd deur vrees,
net soos 'n blye droom gewees.
Ons tong was vrolik, ongebonde,
vol lag en blydskap was ons monde.
Selfs heidenvolke het vertel:
Groot is Gods daad aan Israel!

126:2 Groot was u daad, en ons is bly.
U het gered, en ons in vry!
Maar, HEER, u gunsvolk sit nou weer
in droefheid en ellende neer.
Wil in u trou ons nooit begewe.
Keer om ons lot, laat ons herlewe,
soos strome in die Suiderland
die veld laat juig ná sonnebrand.

126:3 Wie wenend, onder leed en smaad,
die korrels uitstrooi van die saad,
sal in die hooggehalmde graan
teen oestyd bly sy sekel slaan.
Al wenend saai hy oor die akker;
maar vrolik word sy saaigraan wakker.
En oestyd dra sy flukse hand
die volle gerwe van die land.

## Psalm 127

127:1 Laat bouers bou al wat hul kan –
vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daarvan weerhou.
Vergeefs, o wagte, waak jul dán,
as God jul nie ook by wil staan,
sy oog nie oor die stadsmuur gaan.

127:2 Vergeefs om voordag op te staan,
en brood van smart met smart geëet,
vergeefs die werk-uur lank gemeet
tot ná die son al ondergaan.
God gee, hoe ander ook mag raap,
dit sy bemindes in die slaap.

127:3 Seuns is 'n erfdeel van die HEER;
die gawe van die moederskoot
is 'n beloning eind'loos groot.
Soos pyle wat die vyand keer,
so is die seuns 'n bron van vreug,
gebore in ‘n mens se jeug.

127:4 Geseënd met wie dit so mag gaan,
wat soos 'n held sy hand kan vul
met sulke pyle; dit is hul
wat nie verleë hoef te staan,
wanneer die vyand in die poort
vermetel spreek sy hoë woord.

## Psalm 128

128:1 Wie deur Gods vrees bewoë,
trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë
en klaar geteken staan –
die arbeid van sy hande
sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande
met seën hul opbrings bied.

128:2 Soos ons met welgevalle
die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle
deur blare toegevou –
so sal sy in jou lewe,
– die jong vrou van jou jeug –
aan jou die volheid gewe
van huis- en kindervreug.

128:3 Soos jong olyfboomplante,
wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante
jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is,
hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is –
hy sál geseënd wees.

128:4 Mag ryke seëninge
uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge
van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede,
’n nakroosseën verkry!
En, God van alle vrede,
mag Israels vrede bly!

## Psalm 129

129:1 Al van my jeug af was ek martelaar!
Laat Israel so kla sy lewensklagte.
Al van my jeug af was ek martelaar! –
Oorweldig deur 'n vloed van groter kragte.

129:2 Soos met 'n ploeg wat gaan oor akkerland,
het hul my rug geploeg met diepe vore;
hul het die skaar gedryf met harde hand,
maar nooit, nooit was my saak by God verlore.

129:3 Hoe groot die troos dat God die onreg wreek!
Hy wat regverdig oor my lot gewaak het,
Hy het die ploegtou met een slag verbreek
waarmee die mens sy vore lank gemaak het.

129:4 Laat hul wat Sion haat, verneder wyk
en wees soos saad wat winde uitgesaai het
hoog op die dak, wat gou met spruite pryk,
maar gou verdor as skroeiwind dit verwaai het;

129:5 waarin geen snyer ooit sy sekel slaan
om handevol die goue graan te maai nie;
waar nooit die gerwebinder langs sal gaan
om armsvol sy koring op te laai nie;

129:6 waar wie verbygaan, nooit met handgebaar
en oestydsgroet die snyer sal begroet nie,
en sê: “Mag God jul arbeid seën daar!”
waar niemand roep: “Mag God jul daar behoed!” nie.

## Psalm 130

130:1 Uit dieptes, gans verlore,
van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore
in wanhoop ondergaan;
uit diep van donker nagte
roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte
tog opklim in u oor!

130:2 As U, o HEER, die sonde
na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde[34]
voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.

130:3 Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure
met sy gedagte tel –
só wag my siel, en sterker,
gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daeraad keer.

130:4 Hoop, Israel in jou klagte;
vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte,
sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn Gods lig van vrede:
En Hy maak Israel vry
van ongeregtighede.
HEER, doen ook so aan my!

.

[34] Stonde: tyd, tydstip, onbepaalde onderdeel van ‘n tydperk, meesal van ‘n dag of ‘n uur

## Psalm 131

131:1 My hart is nie hoogmoedig, HEER!
My oog nie trots nie; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot,
te diep is vir u gunsgenoot.

131:2 Voorwaar my siel is in my stil,
weer één met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by
sy moeder, is my siel in my.

131:3 Laat Israel op die HEER vertrou,
sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid
van nou af tot in ewigheid.

## Psalm 132

132:1 Dink tog aan Dawid; hoe hy, HEER,
u woning met sy sorg wou eer!
Onthou sy eed, aan U gesweer;
aan Jakobs sterke God het hy
geloftewoord só toegewy:

132:2 “Ek sal nie na my woning gaan,
die kamer waar my bed in staan;
ek sal nie rus of slaap, of aan
’n ooglid gun ’n sluimering,
voordat ek hierdie eed volbring –

132:3 “voordat ek Hom, die eewge HEER,
die Magtige van Jakob, eer;
voor ek by al die stamme weer
die eerbied-stille plek ontdek,
waar Hy sy woning kan betrek.”

132:4 Die tyding gaan van mond tot mond:
in Efrata – so klink dit rond –-
daar is die ark op Jaärs grond!
Daar het ons as geheimenis
dit weer gevind, die heil’ge kis.

132:5 Kom, laat ons na sy woning gaan
en, biddend in sy voorhof, aan
die voetbank van sy voete staan.
Staan op, u rusplek wag, o HEER,
U met die ark van krag en eer!

132:6 Beklee, o hoogste Majesteit,
u priesters met geregtigheid!
U volk moet juig, in U verblyd.
En wys om Dawids wil nie meer
u ryksgesalfde af, o HEER!

132:7 U het aan Dawid in u trou
gesweer dat U sy troon sal bou
– wie kan U in u mag weerhou? –
“Jou seuns, tot in die verste lid,
sal Ek steeds op jou troon laat sit.

132:8 “Hou hulle my verbond in eer,
– getuienis wat Ek hul leer –
belowe Ek, jou God en Heer:
wat ook mag val of ondergaan,
jou troon sal ewig vas bly staan.”

132:9 Want Sion word deur God geëer,
as woonplek het Hy dit begeer.
“Dit is my rusplek,” sê die HEER.
“Hier vestig ek my huis en troon,
en hier wil Ek vir ewig woon.

132:10 “In Sion is my seën groot,
hier red Ek armes uit die nood,
hier is versadiging met brood.
My priesters sal 'k met heil beklee,
my gunsgenote jubel mee.

132:11 “Aan Dawid gee Ek heerskappy;
'n Lamp is vir hom toeberei,
en skaamte⁀oordek sy teenparty.
Maar op sy hoof sal wonderskoon
en ewig blink die gloriekroon.”

## Psalm 133

133:1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! –
dat broers daar woon in onverstoorde vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei,
om Aärons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek –
so sal die liefde liefde wek.

133:2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

## Psalm 134

134:1 O priesters, wat voor God bly staan,
wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet –
o loof die HEER in sang en lied!

134:2 O hef vir ons 'n naglied aan,
wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef op u priesterhande, pleit,
as alles rus in donkerheid.

*Die priesters:*

134:3 Die HEER se seën sal met u gaan,
en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied,
Hy sal sy seën oor u gebied.

134:4 Laat, HEER, u seën op hul daal,
u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied,
wil, HEER, u seen oor hul gebied!

## Psalm 135

135:1 Prys die Naam van onse HEER!
hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer,
dié wat in sy voorhof staan!
Loof Hom in gedagtenis
aan sy Naam wat lieflik is.

135:2 Loof die HEER se goedheid luid,
dié wat in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit,
Israel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer –
groot, dit weet ek, is die HEER.

135:3 In die hoogte sit die HEER;
daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer,
en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil,
met die dieptes, na sy wil.

135:4 Hy wat wolke⁀en dampe stuur
van die aard' se verste land,
Hy’s dit wat die weerligvuur
in die onweerswolk laat brand.
Hy bring winde deur sy woord
uit sy hemelkamers voort.

135:5 Hy‘t sy strafbevel gegee:
eersgeborenes verslaan,
van die mens af tot die vee.
Wonders het Hom voorgegaan –
tekens van sy strenge hand
wys Hy jou, Egipteland!

135:6 God het Faraos mag weerstaan.
Volke⁀en konings het beswyk.
Sihon het Hy neergeslaan
met die vors van Basans ryk.
Kanaäns ryke‘t neergestort,
vir Gods volk 'n buit geword.

135:7 Ná die veertig jaar van swerf
het die HEER vir Israel,
vir sy volk, die land laat erf
na sy vaste bondsbestel.
HEER, U Naam verduur die tyd:
dit bestaan in ewigheid!

135:8 U Gedenknaam, HEER, sal leef
tot die verste nageslag.
U sal nooit u volk begeef,
maar U hou oor hul die wag.
Was u knegte soms ontrou,
U vergeef; U bly getrou!

135:9 Gode van die heidendom,
goud of silwer, mooi gegiet
– waar die mens sy knie voor krom –
gaan as mensewerk tot niet:
daar’s 'n mond, maar sonder taal;
daar’s 'n oog, maar sonder straal.

135:10 Ore het hul, maar dis doof
vir die klank van stem of taal;
ook 'n mond, maar afgodshoof
kan daarmee nie asemhaal.
Laat dié wat hom dien en vrees,
soos die afgod, net só wees.

135:11 Huis van Israel, loof die HEER!
Huis, van Aäron, loof die HEER!
Huis van Levi, loof die HEER!
Almal wat Hóm vrees en eer –
laat dit klink op hoogste toon:
“Loof God wat in Sion woon!”

## Psalm 136

136:1 Loof die HEER met blye klank,
loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:2 Loof die hoogste God en HEER,
wat oor aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:3 Loof die God wat onbeperk
wonders in sy almag werk;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:4 Hy‘t alwys die eewge blou
van die hemele gebou;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:5 Vaste aarde, dit het Hy
oor die seevlak uitgebrei;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:6 Loof God! Ligte, groot van glans,
stel Hy aan die hemeltrans;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:7 Aan die son gee Hy gesag,
heerskappy die hele dag;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:8 Maan en sterre vir die nag
om te vonkel in hul prag;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:9 Hy't Egipte hard geslaan
eersgeboornes dood laat gaan;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:10 En sy Israel uitgelei
uit die land van slawerny;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:11 Sterk van hand, sy arm gestrek,
het Hy hul van daar laat trek;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:12 Hy‘t die Skelfsee deurgesny
en hul veilig deurgelei;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:13 Far’o met sy leër word
in die diepte neergestort;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:14 En hy het sy volk gelei
deur die wilde woesteny;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:15 Konings is deur Hom gedood
wat geweldig was en groot;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:16 Hy het voor sy volk gegaan –
Og en Sihon neergeslaan;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:17 En hul land is toe geheel
aan sy Israel uitgedeel;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:18 Hy‘t aan ons gedink in druk;
ons uit vyandshand geruk;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:19 Loof die HEER wat ewig leef,
voedsel gee aan al wat leef;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

136:20 Loof dié God, dié Hemelheer,
allerhoogste⁀in mag en eer;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

## Psalm 137

137:1 Aan die rivier’ het ons gesit
in Babel en geween,
as swerfgedagtes hartseer wek,
ons trek na Sion heen.

137:2 Ons het aan wilgerbome daar
ons siters opgehang,
want hul by wie ons slaaf was, het
'n lied van ons verlang;

137:3 hul wat ons onderdruk het, wou
van ons 'n feessang hoor:
“Kom, sing vir ons 'n Sionslied,
'n tempellofsang voor!”

137:4 Die HEER se lied in vreemde land! –
ons kan dit hier nie sing.
Ons rou en treur, maar Sion leef
in ons herinnering!

137:5 My hand sal weier om te speel
voordat ek ooit, ontrou,
Jerusalem sal kan vergeet.
Nee, ek, ék sal onthou.

137:6 My tong sal aan my mond bly kleef
as ek nie aan jou dink,
Jerusalem, waarin ek hier
my hoogste vreugde vind.

137:7 O HEER, vergeld aan Edom tog
die dag van Sions nood,
toe hul gesê het: “Kom, breek af!
Breek tot die grond, lê bloot!”

137:8 O Babel, wat verwoes sal word,
gelukkig prys ek hóm
wat gruweldaad ons aangedoen,
weer op jou neer laat kom.

137:9 Jy wat in Sion vrou en kind
verdelg het in jou trots –
gelukkig hy wat nou jóú kroos
verpletter teen die rots.

## Psalm 138 [35]

138:1 Ek sal van ganser harte, HEER,
U loof en eer,
u hoogheid huldig,
en voor die gode,⁀in psalmgeklank,
U bring die dank,
aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis,
na u paleis,
die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam,
u heil'ge Naam
eerbiedig lowe.

138:2 Hoe hoog is nou in elke oord
u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed,
verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER,
u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor
en aansweef oor hul aardse trone.

138:3 Dan breek hul saam in sangstem uit;
'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlikheid;
sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog,
op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan
van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

138:4 As in my angs en teëspoed
die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand,
dan kéér u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk:
Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar,
tog nóú nie vaar, en nimmermeer nie.

---

[35] Volgens die versstruktuur en die rym, moet elke strofe in vier groepe van een lang en twee kort reëls gedruk word. Dit staan ook so in die onveranderde 1937-uitgawes en in die Versamelde Werke, en kan steeds soos gewoonlik gesing word. Die eerste vers diens as voorbeeld.

## Psalm 139

139:1 Daar’s niks voor U bedek, o HEER!
U kyk uit eewge dieptes neer
en sien my hart en wandel aan:
al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het –
U weet al wat my hart bedink het.

139:2 My gaan en lê, waar ek my wend –
my weë is aan U bekend;
geen woord het nog my tong ontval
of kyk, o HEER, u weet dit al.
U sluit my in: ek is gevange,
u hand is op my in my gange.

139:3 Dié kennis is te hoog vir my,
te wonderbaar – wie kom daarby?
Waar sou ek heengaan voor u Gees,
of vlug, om van U weg te wees?
'k Kan nêrens my aan U onttrek nie,
want niks kan my voor U bedek nie.

139:4 As ek op vleuels die hemel raak,
of diep omlaag my slaapplek maak;
vlieg ek met dagbreekvlerke mee,
of woon ek aan die verste see –
daar is geen afstand wat my skei nie,
dat daar u hand my nie sou lei nie.

139:5 Wanneer ek sê: “Die donkerheid
bedek my voor u majesteit,”
dan is die nag 'n helder lig
wat my ontbloot voor u gesig.
Vir U, HEER, is die nag se duister
net soos die dag in glans en luister.

139:6 U‘t my geheel en al deurgrond,
selfs voor my eerste lewenstond.
So wonderbaarlik voortgebring,
sal ek verbaas u grootheid sing
as ek aanskou u grootheidsmerke.
Hoe wonderlik is al u werke!

139:7 U oog kyk in die dieptes neer,
U het my reeds gesien, o HEER,
toe ek, deur mense ongemerk,
soos kunsborduursel fyn gewerk,
gemaak is in die aarde onder –
'n toonbeeld van u skeppingswonder.

139:8 U het, waar niks u oog weerhou,
my ongevormde vrug aanskou.
U wysheid, HEER, wat nimmer faal,
het my geboorte-uur bepaal;
voor iets in my kon roer of lewe,
was alles in u boek geskrewe.

139:9 Hoe kosbaar u gedagtes, HEER!
Ek tel - en hul word altyd meer.
Geweldig groot is hulle som,
waar nooit my syfers by kan kom:
meer as die sand van see en mere.
Ontwaak ek – ek is by U, HERE!

139:10 Mag U die goddelose tref
wat hulle trots teen U verhef!
Wyk almal weg wat my omgeef,
aan wie se hand 'n bloedvlek kleef,
dié wat geveins God wel geag het,
maar vir Gods hoogheid geen ontsag het!

139:11 Sou ek nie haat van ganser hart
wie in hul hoogheid U wil tart?
Sou ek my nie met afsku keer
van dié wat teen U opstaan, HEER?
Ek smaad – omdat hul U gesmaad het;
ek haat – omdat hul U gehaat het.

139:12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart,
verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees,
'n skadelike weg mag wees.
En lei voortaan my wankelskrede
tog op die weg van eewge vrede.

## Psalm 140

140:1 O HEER, verlos my van die man
wat heil soek in geweld en kwaad,
wat dag vir dag net kwaad beplan
tot stryd en goddelose daad.

140:2 Hul maak hul tong skerp soos 'n slang,
vol gif van adders is hul mond.
Help my, dat manne my nie vang
wat my wil neergooi teen die grond.

140:3 Die trotse man beloer my gang:
digby my voet, daar lê sy net!
Ek móét daarin, ek word gevang
as U, o God, dit nie belet.

140:4 Ek het toe tot die HEER gespreek:
U is my God, wat my verhoor.
Ag, luister dan wanneer ek smeek,
as ek U roep, wil my tog hoor!

140:5 O HEER wat U oor my ontferm,
in wie my lewe vastheid het –
U is dit wat my hoof beskerm
en in die stryd my val belet.

140:6 Laat dit die bose nie geluk,
maar stuit sy hand voor hy my tref;
verhinder tog sy gruwelstuk,
sodat hy hom nie trots verhef.

140:7 Aanstigters van die leuenwerk,
wat steun op lis en slinkse taal –
mag die vergelding, vol en sterk,
nou op hul hoofde neer kom daal.

140:8 Gooi kole vuur op hulle af,
laat vlamme om hul heupe slaan;
'n diepe kuil – maak dit hul graf
waaruit hul nooit weer op sal staan!

140:9 Die trouelose nietigheid
van leuenaars hou nimmer stand;
geweldenaars het korte tyd
en onheil jaag hul uit die land.

140:10 Die HERE sal, dis wat ek weet,
die arm mens se saak besleg;
in druk sal Hy hom nie vergeet,
sy lydenslas verlig deur reg.

140:11 Gewis, regverdiges sal, vry
van smaad, U loof op hoë toon,
opregtes nie meer onreg ly,
maar altyd veilig by U woon.

## Psalm 141

141:1 As daar vir my geen hulp of raad is,
roep ek, o HEER, hoor my gebed!
Ag, haas U tot my hulp, en red
voordat dit hier vir my te laat is.

141:2 Laat soos die geur van wierookbrande
my bede wees, aan u gewy;
soos offermaal, saans toeberei,
my biddend opgehewe hande.

141:3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie!
Rys smaadtaal uit die hart se grond –
ag, wil dit wegkeer van my mond,
dat ek u Naam nooit mag onteer nie!

141:4 Bewaar my hart, gedagte⁀en handel,
sodat ek nooit die vreug mag smaak,
of deel mag neem aan feesvermaak
van wie in goddeloosheid wandel.

141:5 Ek is aan liefdetug verbonde:
dis salwing van die hoof vir my
as die opregte my kasty;
want liefdetug die laat geen wonde.

141:6 Teen bose daad bid ek my bede.
Word hulle regters swaar gestraf,
gestort van hoë bergkrans af,
dan sal hul weet: my woord was vrede.

141:7 Net soos 'n ploeg langs donker vore
die kluite her- en derwaarts gooi –
so lê ons beendere verstrooi,
op velde van die dood verlore.

141:8 Op U rig ek my droewe oë
en vra U met u sterke hand,
beskerm my lewe soos ’n pand;
ek soek my krag in u vermoë.

141:9 HEER, hou my in die regte spore,
want manne, vreemd aan trou en reg,
verberg hul vangnet langs my weg:
een misstap, en ek is verlore.

141:10 Laat hulle staan waar ek gestaan het;
laat hulle met hul plan en al
tesaam sélf in hul vangkuil val,
terwyl ék stil verbygegaan het.

## Psalm 142

142:1 Ek roep tot God met groot geluid;
ek stort my klag soos water uit;
ek kla my node in Gods oor,
want Hy sal my gebed verhoor.

142:2 Wanneer my gees van druk versmag,
ken U my pad in lydensnag.
Hul het hul vangnet, HEER, vir my
bedrieglik op my weg gesprei.

142:3 Na regs draai ek my oë – en
daar' s niemand wat my nou wil ken;
daar' s nou vir my geen toevlug meer,
en niemand sorg vir my, o HEER!

142:4 Ek roep U aan, U is my deel,
U is my skuilplek, U alleen.
U is my deel solank ek leef,
dié God tot wie ek my begeef.

142:5 Hoor in die nood my roepstem, HEER,
want ek is swak en uitgeteer;
maak my van my vervolgers vry,
want hul getal oorweldig my.

142:6 Voer my uit die gevangenis
waarin ek vasgeketting is;
dan sal 'n skare my omring
en vrolik van u weldaad sing.

## Psalm 143

143:1 O HEER, ek roep, hoor my gebede.
Daar is in my geen rus of vrede!
Ek smeek tot U, o hoor my nou!
Ek pleit op u geregtighede,
en ek verlaat my op u trou.

143:2 Ag, reken met u kneg nie af nie,
en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan,
kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.

143:3 Die vyand jaag my moeë lede,
vertrap my magtelose lewe,
en laat my woon in duisternis:
soos een wat dood is, lank gelede,
uit die geheue uitgewis.

143:4 So diep ontstel dwaal my gedagte;
my hart en gees sug deur die nagte.
Maar ek onthou ‘n beter dag;
oordink u vroeë reddingsmagte
en al die tekens van u krag.

143:5 Ek hef my hande na die Hoë,
ek kwyn voor U in onvermoë
net soos 'n dorre akkerland,
wat in die son lê, uitgedroë
en gloeiend van die somerbrand.

143:6 Verhoor my, Heer; moet nie meer wag nie,
en laat my gees tog nie versmag nie!
Verberg u oë nie vir my,
dat mense my nie nou al ag nie
as dooie wat die kuil ingly!

143:7 Laat vroeg in elke nuwe môre
u goedheid fluister in my ore!
Op U vertrou ek, wys die weg,
die veil’ge pad en regte spore,
as ek my siel tot U verhef!

143:8 Verlos my, HEER, uit hinderlae;
en leer my tog u welbehae.
Ek skuil by U, vat U my hand,
en laat u Gees in al my dae
my voortlei in 'n veil’ge land.

143:9 Laat hier u guns my nooit begewe;
Gee my, u Naam tot eer, die lewe!
Maak U my siel weer eens verblyd,
bo sy benoudheid hoog verhewe.
Ek pleit op u geregtigheid.

143:10 Laat dit die vyand nooit geluk nie.
Vernietig hul, laat mý nie buk nie;
bring almal om wat my beveg.
Laat hulle my nie meer verdruk nie,
want, HEER, ek is, ek is u kneg!

## Psalm 144

144:1 Gee lof aan God wat my in wank'le tyd
'n rotssteen is, my toerus tot die stryd;
wat vir die stryd my hande voorberei,
so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek,
by wie ek skuil; sy skild sal my oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak
en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

144:2 Wat is die mens, o HEER; wat sy geslag?
En wat is hy dat U op hom sou ag?
Soos skaduwees verdwyn sy lewenstyd:
en sy bestaan is enkel ydelheid.
Buig, HEER, die hoë hemel en daal af!
Strek uit u hand, tref berge met u straf,
dat rook kan opstyg uit hul ingewand,
en slinger neer van bo u weerligbrand!

144:3 Verwar, verstrooi my sterke teenparty,
stuur uit u pyl en laat dit vir my stry.
Strek uit u hand van hoë hemel neer
en hef my hoof uit wilde waters, HEER!
Verlos my uit 'n see van ramp en nood,
want vreemdes dreig my met gewisse dood.
Hul mond praat leuens en hul regterhand
doen by hul eed dié leuenwoord gestand.

144:4 O God, ek wil opnuut my dank U bring
en by die harp my psalms vir U sing,
U wat aan Dawid die oorwinning gee
oor reuse-swaard, vir sy verderf gesmee.
Verlos my uit 'n see van ramp en nood,
want vreemdes dreig my met gewisse dood.
Hul mond spreek leuens en hul regterhand
doen by hul eed dié leuenwoord gestand.

144:5 Dan sal ons seuns soos plante ons verheug:
hoog opgekweek en sterk wees in hul jeug;
ons dogters soos pilare, na die eis
gebeitel van 'n skone rotspaleis;
ons skure vol van voorraad ongeteld,
ons kleinvee talloos hupp'lend oor die veld,
ons beeste vet, die muur te sterk rondom
dat krygsgeskreeu ons stad kan binnekom.

144:6 Welsalig – só hef ek my slotsang aan –
welsalig is die volk wie ‘t só mag gaan!
Welsalig hul wat by dié groot genot
van volle heil, die HEER het as hul God!

## Psalm 145

145:1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid,
wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat elke kroon oorstraal,
wil ek verhoog in onvermoeide taal.

145:2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid
wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet,
dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

145:3 Omdat, o God, in dié geheimenis
vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag,
van kind tot kind, tot in die nageslag.

145:4 Die skitterglans wat uit u majesteit
u wonderwerk bestraal met heerlikheid,
gedugte krag wat ons van angs laat vrees,
u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.

145:5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink
en vir u jubelsange op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer,
barmhartig en 'n redder is die HEER.

145:6 Al wat deur Hom die lewe mag geniet,
is met 'n stroom van goedheid mild oorgiet.
Daarbuite juig, gehoor en ongehoor,
sy skeppingswerk – 'n hele skeppingskoor!

145:7 Maar bo hul uit weerklink 'n ander lied:
Gods gunsvolk sing sy roem soos Hy gebied,
dat elke volk kan hoor die groot geluid
van koningsheerlikheid en majesteit.

145:8 U magdaad blink – 'n son aan die gewelf!
U koninkryk is ewig soos Uself.
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig,
wie neerstort, word deur U weer opgerig.

145:9 Daar's oë wat met sterk verlange smag,
hul wag op U, ja, alle skepsels wag:
U voed hul, en u wonderhand alleen
versadig hul en strooi 'n volle seen.

145:10 Die HEER is reg in al sy weg en werk,
sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug,
Hy troos die hart wat angstig tot Hom vlug.

145:11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees;
op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar
dié wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

145:12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...
Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat al wat leef vir ewig en altyd
sy Naam verhef, so hoog in heerlikheid!

## Psalm 146

146:1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar's ryke stof!
Ek sal lewenslank my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

146:2 Moet op prinse nie vertrou nie,
by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie,
want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer
en hul planne stort ook neer.

146:3 Salig hy wat in die lewe,
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe,
vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag
op die HEER alleen bly wag.

146:4 Dis die HEER wat aarde⁀ en hemel,
die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel,
voortgebring het deur sy krag;
wat, onwrikbaar in sy trou,
altyd sy beloftes hou.

146:5 Dis die HEER wat aan die arme
in sy druk laat reg geskied,
wat uit liefde en erbarming
hongeriges voedsel bied;
wat gevang'nes vryheid skenk
en hul in hul smart gedenk.

146:6 Dis die HEER se mededoë
wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë,
word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin dié wat opreg
wandel in sy woord en weg.

146:7 Dis die HEER wat vreemdelinge
sy beskerming bied, en trou
weduwees in twisgedinge,
met hul wese, staande hou.
Maar sy arm, hul steun en hoop,
stuit die bose in sy loop.

146:8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing dié God tot eer,
prys sy grootheid, loof die HEER!

## Psalm 147

147:1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys!
Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om dié lof te sing,
die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou,
Hy wil Jerusalem herbou
en Israel wat verstrooid nog swerf,
versamel op die heil'ge erf.

147:2 Hy heel gebrokenes van hart,
en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver;
Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet,
oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer,
maar goddeloses werp Hy neer.

147:3 Sing daarom voor die HEER jul dank,
psalmsing Hom by die siterklank!
Hom wat die lug met wolke⌒oorsprei
en vir die aarde reën berei,
wat op die berge gras en kruid,
die voedsel vir die vee laat spruit.
Hy voed die kraaie in die bos
wanneer hul honger roep om kos.

147:4 Gods mag is nie soos mensemag
wat heil van oorlogsperde wag,
of van die bene, sterk gebou,
waarop die krygsman vas vertrou.
Maar húl alleen kan Hom behaag
wat needrig na sy sterkte vra,
en, hoe dit ook mag teëloop,
Hom vrees en op sy goedheid hoop.

147:5 Laat nou jou stem, o Salem, rys!
O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig teen slag en stoot,
versterk jou poorte teen die nood.
Hy seen jou kinders met jou mee
as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan
en voed jou met die beste graan.

147:6 Hy stuur van bo sy koningswoord,
snel vlieg dit heen van oord tot oord.
Dit is die God van lug en weer,
Hy strooi sy wolwit sneeuvlok neer.
Natuur moet op sy wenke pas:
Hy strooi oornag sy ryp soos as,
die waters vries tot ysblok aan –
sy koue – wie kan dìt deurstaan?

147:7 Hy stuur sy woord, sy wind – hul smelt,
die waters stroom weer oor die veld.
So laat Hy guns op almal daal.
Oor Jakob laat hy helder straal
sy waarheidskennis en gebod.
Net Israel kry dit van God.
Húl ken sy ryksverordening;
húl moet uit dank sy grootheid sing!

## Psalm 148

148:1 Loof uit die heemle, loof die HEER!
Loof in die hoogtes, sing sy eer!
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon,
die God wat in die hoogte woon!
Loof almal saam, o leërmagte,
wat Hom omring as troue wagte!
Loof, al die sterre, maan en son:
Hy is van alle lig die bron.

148:2 Loof, allerhoogste hemel hoog,
en waters van die wolkeboog,
ver bo die aarde op jul vlug
tot in die boonste, ligte lug!
Want deur sy woord is hulle wording;
Hy't hul bevestig en 'n orde
vir ewig en altyd gegee –
geeneen van hul sal dit oortree.

148:3 Loof van die aard' die HEER se Naam,
o walvis, met die dieptes saam!
Loof, sneeu en damp! Loof, vuur en hael
wat uit die onweershemel daal!
Loof, wind wat aanstorm oor die velde
en suisend ons sy woord vermelde!
Loof, berg en bult, en boom en vrug,
en seders van die hoë lug!

148:4 Loof, wilde diere⁀en alle vee;
en al wat kruip, loof almal mee!
Loof, voëls in die vrye lug!
Loof, volke⁀en konings hoog gedug!
Loof, regters in jul regsgedinge;
die dogters en die jongelinge!
Sing, oud en jonk, verruk van vreug –
wees in die God van heil verheug!

148:5 Laat almal saam die HERE prys:
sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde en die hemel, wyd,
sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë,
die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met groot geskal
die lofsang van die groot heelal!

## Psalm 149

149:1 Sing tot Gods eer met lof en dank
'n nuwe lied met nuwe klank,
o al sy gunstelinge!
Laat Israel voor sy Maker juig,
laat Sion voor sy Koning buig,
die HEER van alle dinge!

149:2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor
in feesgesang en sangerskoor,
met harp en trommelslae!
Die HEER‘t sy volk weer guns betoon,
sagmoediges met heil gekroon
uit vrye welbehae.

149:3 Laat hulle juig met roem en eer,
juig op die bed waar hul weleer
die lydensug geslaak het!
Gods lofverheffing in hul stem,
die swaard vas in hul hand geklem,
wat tot die straf ontwaak het!

149:4 Selfs konings moet in kettings gaan,
en eedles, in die boei geslaan,
is magt'loos krygsgevange.
Die eeu’ ou oordeel word voltrek;
die HEER‘t sy volk met roem oordek.
Loof Hom, my jubelsange!

## Psalm 150

150:1 Loof God, loof sy Naam alom!
Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag
in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy almagsdade,
om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit –
voor sy troon en hier op aarde!

150:2 Loof God met basuingeklank!
Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit!
Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare!
Al wat klank het, – laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor
van 'n juigend-blye skare!

150:3 Loof God – dit is sy bevel –
Met simbaal se helder spel!
Loof Hom met die klinkmetaal
van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere –
al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die HERE!

# SKRIFBERYMINGS

## 1 Lofsang van Maria (*Magnificat*)
***Lukas1:46-55***

1:1 Ek wil die hoogste Heer
met blye roemtaal eer,
my Redder en Bewaker.
In nederige staat
wou Hy my nie verlaat,
my God en Saligmaker.

1:2 Van nou af sal hul roem:
hul sal my salig noem,
want God was my gedagtig;
sy wonderwoord aan my
het God bevestig, Hy
wat heilig is en magtig.

1:3 Barmhartigheid verleen
Hy deur geslagte heen
aan wie in Godsvrees lewe.
Sy arm is kragtig, sterk
en doen sy wonderwerk –
is magtig, hoog verhewe.

1:4 Soos stoppels voor die wind
dryf Hy die mensekind,
met al sy trotse planne.
Sy arm, met krag beklee,
het van hul troon gevee
maghebbers en tiranne.

1:5 Wie klein is voor sy oog,
het God in eer verhoog,
wie honger is, versadig;
maar Hy't in teenspoedsuur
die rykes weggestuur,
verlee en onversadig.

1:6 Hy het sy bondsbestel
vervul aan Israel,
sy eewge heilsgedagte;
ontferming toegesê
aan Abraham, sy kneg
tot verre nageslagte.

## 2 Lofsang van Sagaria (*Benedictus*)
***Lukas 1:67-79***

2:1 Loof nou die God van Israel
wat op sy volk se roepstem merk,
wat na sy vaste bondsbestel
vir ons verlossing wil bewerk.
Hy het 'n horing opgerig:
'n krag in Dawids huis gestig,
tot heil van al sy knegte.
Profetestem het dit geprofeteer
van die begin af, altyd weer,
totdat die raad vervul was van die Heer.

2:2 Die Heer hou sy verbond in stand
en maak ons van ons vyand vry,
Hy red ons van die harde hand
wat ons verkneg in slawerny –
om aan ons vaders te gedenk
en hul barmhartigheid te skenk.
Aan sy verbond gedagtig,
sal ewiglik sy eed Hom nie berou,
maar sal Hy, aan sy woord getrou,
aan Abraham al sy beloftes hou.

2:3 Hy maak soos sy belofte is,
dat ons – verlos van band en vrees,
verlos van wie ons vyand is –
sy knegte altyddeur sal wees;
om, tot 'n hoër diens bereid,
Hom reg te dien in heiligheid
in al ons lewensdae.
En jy, o kindjie, aan die Heer gewy,
die Hoogste se profeet is jy,
herout van Hom wat groot is en naby.

2:4 Jy sal, o kind, vooruit moet gaan
om voor die Heer se aangesig
die weë voor sy voet te baan:
jy sal sy volk eers moet verlig
met kennis van die saligheid;
want God skeld nou die sondes kwyt
uit liefde en ontferming.
Nou rys 'n ligglans aan die donker boog,
nou sal die Heer op hart en oog
die lewenslig laat neerstraal van omhoog.

2:5 Dié ligstraal sal hul ook verlig
wat nou nog woon in duisternis;
dit sal ons wank'le voetstap rig
op paaie waar daar vrede is.

## 3 Lofsang van Simeon (*Nunc dimittis*)
***Lukas 2:29-32***

3:1 Neem nou maar, Heer, u kneg
na u belofte weg,
en laat hom gaan in vrede –
nou hy die saalge dag,
so lank deur hom verwag,
gesien het op sy bede.

3:2 'n Lig het opgegaan,
'n helder stralebaan
skiet deur die donker wolke.
Dit is Immanuel,
die Vors van Israel,
die Lig van alle volke.

## 4 Engelesang
***Lukas 2:8-20***

4:1 En daar was by Betlehem
in die stilte van die nag
herders in die vrye veld
by hul skape op die wag,
toe 'n engel van omhoog
skielik neerdaal voor hul oog.

4:2 Voor die heerlikheid van God
het die donker nag geswig,
maar die herders het gevrees
vir die wonderbare lig
wat met hemelse gestraal
skielik oor die velde daal.

4:3 Maar die engel het geroep:
“Moenie skrik nie, moenie vrees,
want ek boodskap vreugde wat
vir die hele volk sal wees.”
“Die Verlosser", juig sy stem,
“is gebore⁀in Betlehem.

4:4 “Hy, die Heer en Christus, lê
– dis die teken van die Kind –
rustig in die voerkrip neer
en in doeke toegebind.”
En toe klink 'n lofsang daar
van 'n hele engelskaar:

4:5 “Eer aan God, die hoogste Heer!”
ruis dit uit 'n stemmesee.
“Vrede⁀op aarde, vrede weer!”
En die donker nag ruis mee.
“Welbehae, eind'loos groot,
in die mens, Gods gunsgenoot!”

4:6 Toe die engele weer gaan
na die hemel, hoog en klaar,
en dit stil was op die veld,
sê die herders vir mekaar:
“Ons gaan self kyk na die saak
deur die Heer bekend gemaak!”

4:7 En die herders het gegaan;
en hul het die Wonderkind
in die voerkrip toegedek
by die moedermaagd gevind,
en hul het in blye taal
van die Wonderkind verhaal.

4:8 Almal was verwonderd oor
wat die herders openbaar;
maar Maria het die woord
peinsend in haar hart bewaar.
En hul stem het God geprys
vir sy woord en gunsbewys.

## 5 Die Woord het vlees[36] geword
***Johannes 1:14***

5:1 Die Woord het mens geword
en hier by ons kom bly.
Ons het sy heerlikheid aanskou,
Gods eenge Seun is Hy;

5:2 dié heerlikheid van Hom
wat van die Vader kom,
wat vol genade⁀en derenis
en vol van waarheid is.

[36] Die word **vlees** wat letterlik vleis beteken, dui in hierdie konteks die swakheid van die menslike natuur aan, vgl. Jes. 40:6,7

## 6 Die Kruiswoorde

***Matteus 27:45, 46; Lukas 23:34, 43, 46; Johannes 19:26, 27, 28-30.***

6:1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy:
“Vader, ag vergeef hul dit,
want hul weet nie wat hul doen nie.”
As Hy so sy bede bid,
dan weerklink daar, slag ná slag,
hamerhoue van die wag.

6:2 Aan die moordenaar, die sondaar,
word die hoogste guns bewys:
“Saam met My sal jy vandag wees
in die vredesparadys.”
Dan vertroos ’n vredevloed
die verbryselde gemoed.

6:3 By die kruispaal staan Maria,
en Johannes word haar kind:
deur die kruiswoord: “seun” en “moeder”,
word sy aan sy sorg verbind.
En hy‘t haar, van armoed vry,
al sy liefde toegewy.

6:4 Middaghelder son word duister.
In sy eensaamheid roep Hy :
“O my God, my God en Helper,
waarom tog verlaat U My?”
Jesus sink, ná sware stryd
in dié dubbel donkerheid.

6:5 In 'n wêreldwye donker
met 'n brandend-droë bors,
roep die Heer van alle dinge,
Skrifvervullend: “Ek het dors!”
En hul het Hom in sy wee
suur wyn uit 'n spons gegee.

6:6 Toe die offerwerk verby was,
na Gods hoë ordening,
het die Heer, sy daad deurgrondend,
uitgeroep: “Dit is volbring!”
En, die hoof omlaag gebuig,
het Hy sterwend dit betuig.

6:7 Luid en helder klink die bede
wat sy laaste woord sou wees:
"Vader, in u veil'ge arm,
in u hand – ontvang my gees."
Met sy helse stryd volstry,
is Hy eindelik nou vry.

## 7 Die Lydenspsalm
***Jesaja 53***

7:1 Wie het gelowig hart en oor
geopen om Gods Woord te hoor?
Die arm van God, aan wie en waar
is dit in krag geopenbaar?
Hy tog, die swakke loot, het uit
'n dorsland voor Hom opgespruit,
en prag of heerlikheid vir wie
Hom aansien, het die spruitjie nie.

7:2 Hoe sou ons Hom dan kon begeer?...
Hy was verlate, ongeëer,
vir almal net 'n smarteman,
die lydensnaar altyd gespan.
Vir Hom, deur wreedste smart geterg,
het ons die aangesig verberg;
en in die bitter lydensnag
het ons Hom in sy leed verag.

7:3 Hy het ons smart op Hom geneem;
gely wat ons van God vervreem;
en al die smarte wat ons pla,
het Hy gewilliglik gedra.
Maar ons het in sy ongeluk
gesien die hand van God wat druk,
wat, om sy lyde te verskerp,
Hom altyd dieper neer wou werp.

7:4 Die misstap wat ons voet begaan,
die misdaad deur ons hand gedaan,
die straf uit swaarste regsgeding,
wat ons die volle vrede bring,
die wonde wat ons wonde heel –
dit alles was sy lydensdeel.
Ja, al die kwaad deur ons gedaan,
het God die HEER oor Hom laat gaan.

7:5 Terwyl ons op die dwaalweg gaan,
storm al ons sondes op Hom aan;
maar Hy‘t mishandel, neergebuk,
sy mond nie oopgemaak in druk.
'n Lam, tot slagting heengelei,
so stil en stemmeloos was Hy,
en soos 'n skaap voor wie hom skeer,
so stil en sonder 'n verweer.

7:6 Uit druk en strafgerig bevry,
merk niemand dit met medely
dat Hy van mense weggestoot
en prysgegee is aan die dood.
My volk se sonde het op Hom
as sware smartplaag neergekom,
'n graf vir Hom het hulle by
die goddelose voorberei.

7:7 En Hy, al was sy armoed groot,
was by 'n ryke in sy dood;
geen onreg het by Hom bestaan,
geen leuen het uit sy mond gegaan.
Dit het die HERE self behaag
Hom te verbrysel. Toe sy plaag
Hom in die dieptes neer laat stort,
het God sy kneg doodsiek laat word.

7:8 Hy het sy offerbloed gestort
sodat ons God se kinders word;
en eeu-omvattend bring sy hand
met voorspoed God se werk tot stand.
Hy sal, vir al sy sielsverdriet,
sy werk aanskou en vol geniet,
en deur sy suiwer kennislig
regverdig maak en vryheid stig.

7:9 Dan kom 'n leërskaar daarna
vir wie Hy al die skuld wou dra;
en aan Hom word mét grotes mee,
mét magtiges 'n deel gegee,
omdat sy siel in lydensnood
vol uitgestort is in die dood.
Hy is, deur laster diep gekwel,
met die oortreders saamgetel.

7:10 Hy het die sondelas gedra
wat op sy hart gebind was, ja,
Hy het – 'n lydenswonder dit! –
om hul vergiffenis gebid.

## 8 Die lied van die Lam
***Op. 5:9-14***

8:1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang!
Want U is waardig om die wonderboek te⁀ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede
en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.
U’s waardig, U alleen, omdat die werk volbring is,
toe U as offer vir ons sondeskuld gebring is.

8:2 U‘t van die hemel hoog op aarde neergedaal,
en ons vir God gekoop uit elke volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,
waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
en konings ewig in die ryk van volle vrede,
om God te dien en te regeer in ewighede.

8:3 Toe sien ek hoog bo my die skaar van eng’le staan
en hoor hul sanggeluid wat deur die hemel gaan.
Hul staan wyd om die troon, self heerskappye⁀en magte,
rondom die oudstes en die serafs groot van kragte;
ontelbaar is hul tal, dis duisende maal duisend,
ek hoor hul koorgesang soos baie waters bruisend:

8:4 “Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag,
is waardig om te⁀ontvang die rykdom, wysheid, krag,
en eer en heerlikheid en dank en seëninge!”
En al wat leef en roer, al die geskape dinge
diep onder, op die aarde, in die hoë hemel,
al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –

8:5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon:
“Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,
en aan die Lam van God, self eewge Skeppings-Here,
sing ewig lof en prys en krag en roem en ere!“
Met “Amen, Amen!” het die serafs opgeswewe.
Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

## 9 Die lied van Verlossing
***Openbaring 7:9–17***

9:1 Toe staar ek deur die wêreldnagte
–lighoogtes het my oog geboei –
en sien uit alle mensgeslagte
'n skaar, ontelbaar, saamgevloei.
Hul staan, uit alle volke⁀en lande,
nou voor die Lam en voor Gods troon,
die vredespalmtak in die hande,
hul wit gewaad in eenvoud skoon.

9:2 Ek hoor hul stem die lug deurbewe:
“Die reddings-eer,” so hef hul aan,
“bring ons aan God, so hoog verhewe,
en aan die Lam wat by Hom staan!”
En om die troon en ouderlinge,
en viertal wesens wonderbaar,
sien ek in altyd wyer kringe,
oneindig ver, die engelskaar.

9:3 Toe kniel hul neer, die engelkringe
al verderweg in ordekring,
en almal het, ook ouderlinge,
die lof van God die Heer gesing
met “Amen! Lof aan God die Here,
en wysheid, dank en majesteit,
en mag en krag en lof en ere,
van nou af tot in ewigheid!”

9:4 Ek sien toe weer in hemelsfere
die skaar wat biddend voor God staan.
Hul was beklee met lang wit klere:
maar wie is hul, en waarvandaan?
Van die gesig nog in verrukking
kom toe ’n stem my tegemoet:
“Dié skaar kom uit die groot verdrukking,
gereinig in die Lam se bloed.

9:5 “Hul‘t in dié bloed, deur Gods genade,
hul kleed gewas, en vlekloos rein
mag hul nou in hul feesgewade
as priesters voor Gods troon verskyn;
hul mag aan Hom hul dienswerk heilig,
en altyd in sy tempel bly.
God self sal hulle daar beveilig
as Hy sy tentseil oor hul sprei.

9:6 "Hul sal nie langer honger kry nie,
geen son sal oor hul hoofde brand;
hul sal nie langer dors meer ly nie
van sonstraal in die somerland.
Langs altyd helder waterbane
lei nou die Lam hul voetstap heen:
en God vee van hul oog die trane
deur hul in droefenis geween”

## 10 Paastriomf
***Romeine 8:33-36***

10:1 Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verkla?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem?

10:2 Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid.

10:3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry,
van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag?
Benoudheid wat ons hier nog wag?

10:4 Of honger, naaktheid of gevaar?
Die swaard van die geweldenaar?
As skape word ons nou geag,
klaar vir die mes wat ons wil slag!

10:5 Maar nee, ons sál oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ek weet gewis, geen lewe⁀of dood,
geen eng'lemag, bo-menslik groot,

10:6 geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly.

## 11 Hemelvaart
***Handelinge 1:8–12***

11:1 Die laagte deur waar die olywe staan,
het hul met Jesus na die berg gegaan;
en dáár het Hy, in stilte ongestoord,
tot hul gespreek sy laaste lewenswoord:

11:2 “Jul wat al na die Godsryk só verlang,
sal nou die kragte van die Gees ontvang,
en oor die wydtes heen van land en see
uit nuwe krag van My getui'nis gee.”

11:3 En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar,
geruisloos opgestyg en weggevaar.
'n Digte waas het Hom geheel oordek,
'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.

11:4 Terwyl hul smagtend na die hemel kyk
en Jesus altyd verder van hul wyk,
het daar twee mans in wit geklee kom staan;
dié spreek hul met 'n hemelboodskap aan:

11:5 “O manne, nou vereensaam en alleen,
wat staan en staar jul na die hemel heen?
Dié Jesus wat gevaar het na omhoog,
sal net so kom, verheerlik voor die oog.”

11:6 En van die berg waar die olywe staan,
het hul met blydskap na die stad gegaan.

## 12 Vreugde en Wee[37]
***Openbaring 12:10–12***

12:1 'n Engelstem het ek hoor juig,
wat aanswel uit die hemel aan:
"Nou moet voor God die Here buig
die magte teen Hom opgestaan:
want heil en krag en heerskappy
bring God nou glansend aan die lig,
en Christus – so 'n glans het Hy
dat Satan blind daarvoor moes swig.

12:2 “Nou sal die duiwel nimmermeer
kan opstyg van die aarde laag,
en in die hemel nog ’n keer
by God sy kinders gaan verkla.
Want Migael se hemelleër
was tot die kragdaad aangegord,
hul gooi die Satan woedend neer
en laat hom na die aarde stort.

12:3 “Die Lam wat hul laat triomfeer,
sy bloed het hul gedek as skild
en al die pyle afgeweer.
Getuienis wat nooit verstil,
dit was hul wapen in die stryd.
Hul het hul lewens as ’n skat,
as martelaars in sware tyd,
tot in die dood nie liefgehad.

12:4 “Kom, jubel dan op hoë toon,
o heemle, sing jul vreugde-psalm!
Laat dié wat in die hoogte woon,
sy vertes met hul lied deurgalm!...
Maar jul op aarde en die see,
die duiwel het na jul gestort.
En daarom treur ons oor jul: Wee!
Hy’s woedend, want sy tyd is kort.”

[37] Wee (sonder deelteken): pyn smart, ramp    HAT:p. 1377

## 13 Pinkster
***Handelinge 2:1–4, 16–21***

13:1 Toe kom daar skielik ’n geluid
wat aanwaai uit die hemel uit:
soos van ’n rukwind se gedruis;
die klanke vul die hele huis.

13:2 Hul sien in hierdie wonderuur
verdeelde tonge soos van vuur,
deurgloei en wonderbaar deurstraal,
wat glansend op hul hoofde daal.

13:3 Toe was dit, op die dag van fees,
dat hul vervul is met die Gees.
In loftaal het hul uitgebreek
net soos die Gees dit uit laat spreek.

13:4 Dit is die saak wat die profeet
aan ons verkondig en laat weet:
“Die laaste tyd, dan sal dit wees
dat Ek sal uitgiet van my Gees.

13:5 “Dan stort Ek met 'n groot geluid
die Gees soos reëndruppels uit,
jul seuns en dogters, dan nie meer
van spraak ontneem, sal profeteer.

13:6 “Jul kinders, wat verlangend wag,
sal vergesigte sien bedags;
jul grysaards, in hul krag al loom,
die allerskoonste drome droom.

13:7 “Op man en vrou, van werkplig vry,
wat nou hul dienswerk aan My wy,
stort Ek my Gees in volheid neer,
en hul sal almal profeteer.

13:8 “En Ek sal wonders gee daar bo
en tekens op die aarde, só
dat bloed en vuur en rookkolom
oor al die aardbewoners kom.”

13:9 Die dag sal kom, ondenkbaar groot,
maar elkeen wat in sielenood
Hom aanroep wat die Redder is,
hoor dan dat hy behoue is.

## 14 Pinksterbelofte
***Esegiël 36:25–28***

14:1 “Water sal Ek op hul sprinkel,
water uit 'n springfontein.”
En van alle onreinhede
was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee Ek julle,
en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder,
aan jul gee 'n hart van vlees.

14:2 “Ek gee ook my Gees aan julle,
Hy verleen jul krag en trou
om te wandel in my weë
en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën
deur my seën weer verkry
waar Ek God sal wees vir julle,
jul 'n volk sal wees vir My.”

## 15 Laat jul kinders tot My nader
***Matteus 18:10–14; 19:14–15; Markus 10:14-16,***

15:1 “Laat jul kinders tot My nader
en geen hindernis hul keer,
want die Godsryk van die hemel
is hul erfdeel,” sê die Heer.

15:2 “Wie nie needrig soos die kindjie
wat hier tussen julle staan,
só die Godsryk wil ontvang nie,
sal daar geensins binnegaan.”

15:3 En die Here het sy arms
koest'rend om hul heen geslaan,
met sy hande op hul hoofde,
hul geseën, en weer laat gaan.

15:4 “Sal die herder van die kudde
wat maar net een skaap vermis,
hom nie haas en in die berge
opspoor wat verlore is?

15:5 “En as hy sy skaap gevind het,
is hy daaroor bly, verras,
meer as oor die hele kudde
wat nog nooit verlore was.

15:6 “Dis die wil ook van my Vader,
onverander bly dit staan,
dat geeneen van die geringes
ooit meer sal verlore gaan.”

15:7 En die Menseseun op aarde,
soos die Vader hom gelas,
het gekom, en Hy maak salig
hulle wat verlore was.

## 16 Die lied van Saligheid
***Matteus 5:3–12***

16:1 Salig die wat arm van gees is
en van God hul wysheid leer,
want die Godsryk van die hemel
is hul erfdeel, sê die Heer.

16:2 Salig die wat kwyn in droefheid,
in hul smarte troosteloos,
want hul droefheid word dan vreugde
as die Heer hul hart vertroos.

16:3 Salig die wat stil, sagmoedig
hier geen hoogheid wil verwerf,
want 'n aarde sonder moeite,
nuut-herbore, sal hul erf.

16:4 Salig die wat, dors en honger,
smag na die geregtigheid,
want God self sal hul versadig
en hul lawe ná die stryd.

16:5 Salig die wat nou, barmhartig,
hul ontferm oor die wat ly,
want hul sal, as God gaan oordeel,
sélf barmhartigheid verkry.

16:6 Salig die wat rein van hart is
en die oog na bo bly hou;
as die newels weggetrek het,
sal hul helder God aanskou.

16:7 Salig is die vredemakers
in 'n wêreld oud van twis;
“God se kinders” sal hul naam wees
as daar eendag vrede is.

16:8 Salig die wat hier vervolg word
en vir reg en waarheid ly,
want vir hul is as beloning
God se koninkryk berei.

16:9 Salig die wat hier gesmaad word,
in hul leed geduldig, stil;
die wat wegkwyn onder laster
en dit dra om Christus wil.

16:10 Juig, want hul het die profete
ook gemartel en gehoon!
Juig en jubel! In die hemel
wag die groot oorwinnaarsloon.

## 17 Die hart na Bo (*Sursum corda*)
***Matteus 6:25–34***

17:1 Wees nie besorg nie oor jul lewe,
oor wat die harte neerwaarts trek:
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis?
Wie gee die klere wat ons dek?”
Is lewe⁀en liggaam dan nie meer nie
as alles wat net kommer wek?

17:2 Kyk na die voëls van die hemel,
dat hul nie saai of oes of swoeg.
Tog voed die Hemelvader hulle.
Het Hy vir jul dan nie genoeg?
En wie kan ooit in sy besorgdheid
één el maar by sy lengte voeg?

17:3 En wat is jul besorg oor klere?
Let op die lelies, hoe hul leef,
hoedat hul opbloei uit die velde,
dat hul nie swoeg of spin of weef.
En Salomo in al sy glorie
was nie met soveel prag beklee.

17:4 As God die gras, in duur kortstondig, –
wat in die veld vandag nog groei,
maar môre vroeg alreeds verwelk is,
verskrompel in die vuurvlam gloei –
so mooi beklee, hoe meer dan julle
wat jul in kleingeloof vermoei?

17:5 Vra dan nie meer: “Hoe sal ons lewe?
Waar kry ons klere om te dra?”
Want hierdie dinge jaag die heid'ne
met kwelling en besorgdheid na.
Maar julle Vader in die hemel,
ken jul behoefte voor jul vra.

17:6 Soek eers die Godsryk van die hemel
en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën neerdaal uit die hemel –
vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge
vir elke dag se nuwe kwaad.

## 18 Kom na My toe
***Matteus 11:25–30***

18:1 Ek loof U, Vader, groot van mag,
dat U dié dinge, diep en swaar,
vir wêreldwyses onbekend,
aan kindertjies wou openbaar.

18:2 Ja, Vader, dis u guns alleen,
die guns van al wat dwang is, vry,
waardeur ook alle dinge saam
al oorgelewer is aan My.

18:3 Wie kan die Seun ooit ken, as net
die Vader, met Hom wesens-een?
of wie die eewge Vader ken,
as net die Seun, net Hy alleen?

18:4 Wie kan die eewge Wese ken,
so diep, geheimnisvol en wáár?
Alleen die mens aan wie die Seun
die heilgeheim wil openbaar.

18:5 Kom dan tot My, o almal wat
vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet
waarvoor daar nêrens rusplek was;

18:6 verligting vir die skouer wat,
deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom,
'n altyd swaarder las moet dra.

18:7 Maar leer dat Ek sagmoedig is,
en Ek is nederig van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel
en vrede by die wreedste smart.

18:8 En dra my juk: dié juk is sag,
wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: dié las is lig,
wat nooit gekneus het of gekwel.

## 19 Die Vaderliefde van God

***Lukas 15: 18–24***

19:1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer,
die vaderhuis, onvas my voetstap keer.
“My vader,” sal ek sê, van misdaad sku,
“my sonde’s teen die hemel en voor u.

19:2 “Ek het van hoë kindskap neergestort
en is nie werd u seun genoem te word,
as ek, my vader, wat u straf nou vrees,
as ek by u 'n huurling maar kan wees.”

19:3 Hy‘t opgestaan, sy swerfpad weer gegaan:
“Dalk neem my vader my as huurling aan.”
Dié‘t hom van ver gesien, – hy‘t steeds bly hoop –
hom jammerhartig tegemoet geloop,

19:4 tot waar hy was, hom aan sy hart laat rus,
geliefkoos deur die vaderlike kus.
“My vader”, roep hy uit, van misdaad sku,
“my sonde’s teen die hemel en voor u.

19:5 “Van hoë kindskap het ek neergestort
en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees,
as ek by u 'n huurling maar kan wees.”

19:6 Die vader sien sy slawe wagtend staan;
“Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed
en skoene vir sy afgesloofde voet,

19:7 “want hy, my seun, oor wie ons vrolik is,
was dood en het weer opgestaan en is
weer lewendig terug; en hy, my kind,
vir my verlore, is nou weer gevind.”

## 20 Lied van die sugtende skepsel
***Romeine 8:19–27***

20:1 Bo ’n strandelose, donker see
van eindelose wêreldwee
verhef die skepsel hom.
Verlangend wag hy deur die nag
en speur wanneer die gloriedag
van al Gods kinders kom.

20:2 Die skepping, uit die oer-ou tyd,
is slaaf van die verganklikheid,
maar nie gewillig; nee,
ter wille van die mensekind
se oerskuld is dit vasgebind,
dié lydensboei gesmee.

20:3 Die hele skepping het in druk
altyd weer aan die boei geruk,
sterk smagtend na die tyd
dat dit weer, los van die verderf
die vryheid mét Gods kind sal erf
van onverganklikheid.

20:4 [38] Ons weet die hele skepping sug,
en ons ook wat die eers’tlingsvrug
van God se Gees ontvang.
Ons sal ons kindsdeel van Hom kry:
ons liggaam van verderwing vry
sal opstaan uit die graf.

20:5 Ons sug, want ons sien geen bewys!
Maar in ons het die hoop bly rys,
ons stry die goeie stryd;
want as ons sién, hoop ons nie meer;
maar as ons hoop dan leef ons weer
en wag in lydsaamheid.

20:6 En is ons swak en moedeloos,
dan kom die Heil’ge Gees ons troos.
Gods duif, so hoog van vlug,
het diep gedaal om saam te smeek,
in donker dal tot U te spreek
met woordelose sug.

---

[38] Strofes 4 en 5 se beste dele is saamgevoeg nadat die onnodig wrede gedeeltes en niksseggende vulstof verwyder is.

20:7 En God wat in die hart kan lees,
die ken die sugstem van die Gees
en neig in guns sy oor.
So help die Gees ons om te bid
tot God wat in die hemel sit,
en ons gebed verhoor.

## 21 Die Liefde
***1 Korintiërs 13:1–8***

21:1 Sou ek die skoonste taal kon spreek,
in engel-lofstem uit kon breek,
maar het die liefde nie daarby,
dan was nogtans my stem en taal
net maar 'n klinkende simbaal
wat harteloos sy klank versprei.

21:2 Al sou ek kennis hê, dat ek
al wat verborge is, ontdek
en gawe van die profesie;
al het ek die geloof, ook dit,
sodat ek berge kon versit,
en het daarby die liefde nie –

21:3 al deel ek my besittings uit,
gee ek my liggaam self as buit,
al laat ek dit verbrand tot as –
dan was dit net vergeefse vlyt,
vergeefse moeite, ydelheid,
indien ek sonder liefde was.

21:4 Lankmoedig sal die liefde bly;
en vriendelik, vol medely.
Afgunstig is die liefde nooit,
dis nie verwaand of liggeraak;
niks wat hier onwelvoeglik maak,
kleef aan die ware liefde ooit.

21:5 Sy soek haar eie voordeel nooit,
niks maak haar hart verbitter ooit,
en sy vergeld geen kwaad met kwaad.
Die liefde laat geen onreg ly,
maar net die waarheid maak haar bly –
die woord se waarheid en die daad.

21:6 Die liefde krap die kwaad nie oop,
sy dra, verdra en glo en hoop.
Die profesie bly nie bestaan,
ons taal en kennis gaan verby;
geloof en hoop en liefde bly –
maar liefde, dié sal nooit vergaan.

## 22 Troos
***Jesaja 40:1–11***

22:1 Troos, troos my volk, sê God die HERE;
dreig nou nie meer met oordeelstem,
genees die wond, o sienerherder,
die hartseer van Jerusalem.

22:2 Vertel haar dat haar stryd verby is,
haar skuld vereffen is geheel,
dat sy ontvang het uit my hande
vir al haar skuld 'n dubbel deel.

22:3 Daar klink 'n roep: Baan vir die HERE
'n weg waar nou net woestheid is;
en maak vir onse God al verder
'n grootpad in die wildernis.

22:4 Laat elke dal rys uit die diepte,
en elke berg en heuwel wyk.
Die bulte – laat hul wees 'n vlakte,
en maak die skurwe plek gelyk.

22:5 Want kyk, Gods heerlikheid verskyn weer,
en al wat leef, sal dit aanskou.
Die HEER self het die Woord verkondig,
Hy spreek, en wie sal dit weerhou?

22:6 'n Stem sê: Roep! –Wat moet ek uitroep? –
Ek hoor van ver die antwoord kom:
dat elke mens net soos die gras is,
en al sy skoonheid nes 'n blom.

22:7 Die gras verdor, die blom verwelk weer
as winde oor die velde raas:
wanneer die asem van die HERE,
die winterstormwind daaroor blaas.

22:8 Voorwaar, die mens is maar 'n stingel,
'n grasspriet wat verdor, vergaan,
'n blom wat wegkwyn op die velde.
Alleen die Woord van God bly staan.

22:9 Klim op 'n berg, o vreugdebode,
o Sion, en verhef jou stem!
Verhef dit hoog en vrees nie langer,
roep uit met vreug, Jerusalem!

22:10 Sê aan verwoeste dogter-stede:
Hier is jul God, en sterk is Hy!
Al voor Hom uit gaan sy beloning,
sy hoë arm voer heerskappy.

22:11 Hy lei sy kudde soos 'n herder,
die lammers sluimer in sy arm,
die lammerooie dryf Hy saggies –
oor almal sal Hy Hom erbarm!

## 23 Verby
***Openbaring 21:1–4***

23:1 Toe sien ek: alles was verby –
'n nuwe aard⁀en hemel skyn;
die eerste aard⁀en hemel het
in donker oordeelsnag verdwyn;
Die see, wat altyd woel en keer
in rusteloosheid, was nie meer.

23:2 Ek sien toe dat Jerusalem,
waarby geen ander stad kan haal,
van God, haar bouheer-kunstenaar,
hoog uit die hemel neer kom daal.
Net soos ‘n bruid, so mooi is sy,
wat vir haar man haar voorberei.

23:3 Ek hoor 'n hemelstem wat sê:
Die tabernakel van die Heer,
die woning van sy heiligheid,
is by die mens op aarde weer.
Húl is sy volk, Hy’s hul naby
en sal hul God vir ewig bly.

23:4 En God sal self, en vir altyd,
die trane van hul oë vee;
die dood sal dan nie meer daar wees,
geen smart of kommernis of wee.
Dis alles nuut, van sonde vry;
die eerste dinge is verby!

## 24 Verkiesingsjubel
***Efesiërs 1:3–14***

24:1 Geseënd is bo alle dinge
die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge
vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore
en ewig in sy wese vas,
is ons in Christus uitverkore
voordat daar tyd of wêreld was.

24:2 Hy het in sy verordeninge,
dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, as eerstelinge
ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe,
in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe,
wat lewe⌒in dooie harte wek.

24:3 Tot roem en prys van Gods genade,
wat grond van ons verlossing is
sing ons nou van sy reddingsdade
in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is
van skuld, deur sy verlossingsbloed, –
in Hom, in wie die heil berei is,
kom seënstroom ons tegemoet.

24:4 Die bron wat God vir ons laat kry het,
wat heerlik aanvloei deur die tyd –
dis wysheid wat dié stroom gelei het
en suiwere bedagsaamheid.
Geheimenis eers diep en grondig
verborge in Gods diepe wil,
word nou die wêreld deur verkondig –
die ewigheid is nie meer stil.

24:5 Nou bring die tyd in volheidskringe
die vrug van Gods geheimenis –
tót Christus Hoof van alle dinge
op aarde⌒ en in die hemel is.
In Hom is dit dat ons verkry het
die erfdeel ons verordineer,
wat God se wil ons voorberei het,
die wil wat alles hier regeer.

24:6 Gods werk, eers eind’loos hoog verhewe,
daal op die aarde⁀ in sonde oud,
sodat nou uit ons donker lewe
sy lof kan opstyg duisendvoud.
In toebereide hart en ore,
van volk tot volk, van oord tot oord,
ruis nou – 'n mensheid word herbore! –
die nuwe reddingsboodskap voort.

24:7 Ons sal, in lewe en in sterwe,
Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe,
verseël deur die Heil’ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe,
die Eerst’ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe –
die gloriedag van God, wat kom.

## 25 Seënbede
***Op. 1:4-6***

25:1 Genade⁀en vrede bly oor ons
van God wat in die hemel woon,
wat is, wat was en kom, en van
die sewe Geeste voor sy troon;

25:2 van Jesus Christus, onse Heer,
in sy getui'nis altyd trou;
die Eersgeboorne uit die dood,
wat dood en doodsmag nie kon hou,

25:3 wat oor die konings heers tot hul
hul krone neersit aan sy voet –
Hy wat ons liefgehad het en
ons rein gewas het in sy bloed!

25:4 Tot konings het Hy ons gemaak,
tot priesters wat sy Vader eer;
aan Hom vir ewig eer en krag,
wat nou oor alles triomfeer.

## 26 Die Tien Gebooie

***Eksodus 20:1–7; Strofe 11: Romeine 3:10–12, 6:4***

26:1 My siel onthou met vrees en bewing:
God het, met majesteit beklee,
deur wolke-donkerheid omswewe,
op Horeb ons sy wet gegee:

26:2 Ek is die HEER, jou God en Koning,
wat uit Egipte jou bevry;
jou uitlei uit jou slawewoning:
dien dan geen gode buiten My.

26:3 Ek is jaloers teen al my haters;
maak dan geen beeld om te aanbid;
Ek straf hul streng, die wetverlaters,
tot in die derde⁀en vierde lid.

26:4 Maar Ek bewys barmhartighede
en bly aan duisende getrou,
wat tot My kom met hul gebede
en wat my wette onderhou.

26:5 Misbruik die Naam van God die HEER nie,
bly altyd aan jou eed getrou,
want hulle wat sy Naam nie eer nie,
sal God nie een onskuldig hou.

26:6 Gedenk die sabbat: in ses dae
het God die wêreld toeberei;
maar Hy het, na sy welbehae
die rusdag aan sy diens gewy.

26:7 Gee eer aan vader en aan moeder,
want God regeer ons deur hul hand;
dan sal die HEER, die troue hoeder,
ons seën in ons vaderland.

26:8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie,
maar liefde moet jou stukrag wees.
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie,
maar, kuis van hart, die HERE vrees.

26:9 Laat nooit jou voet die weg betree nie
van hom wat roof nóg diefstal vrees.
Jy mag geen vals getui'nis gee nie,
maar laat jou woorde waarheid wees.

26:10 Daar mag nooit in ons hart meer kom nie
die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie
as U beveel, o heil'ge God!

26:11 Ons het u wet oortree, o HERE,
genade is waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe,
om dit te doen uit dankbaarheid.

## 27 Ek Glo
***Die Twaalf Artikels / Apostoliese geloofsbelydenis***

27.1 Ek glo vas in God die Vader
wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge
en dit nog in wese hou;
en ek glo in Jesus Christus,
wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader,
in sy hoogheid onse Heer.

27:2 Hy wat deur die Gees ontvang is
– die geheimenis is groot! –
en gebore uit Maria,
uit die maagdelike skoot;
wat gely het toe Pilatus
onregsvonnis oor Hom vel –
kruis en doodsmart ondergaan het,
ál die angste van die hel.

27:3 Wat die derde dag verrys het,
want die dood kon Hom nie hou;
na die hemel opgevaar het
deur onpeilbaar-diepe blou.
Wat nou aan Gods regterhand sit,
deur Gods eer en krag omgeef,
tot Hy weer kom as die regter
van wat dood is en wat leef.

27:4 Ek glo stil en met aanbidding,
in die Heil'ge Gees wat my
uit my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei.
Ek glo aan 'n heil'ge eenheid,
wêreldwyd, in Christus één,
wat sy roepstem sal vergader,
deur die lange eeue heen.

27:5 En ek glo aan die gemeenskap,
heilige verbintenis
van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer één liggaam is.
Ek glo aan die skuldvergewing;
weeropstanding deel te wees,
en 'n lewe⁀in eewge duurte,
as die dood nie meer sal wees.

## 28 A Onse Vader

***Matteus 6:9–13***

28:1 O Vader, in die hemel hoog,
tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stil eerbiedenis:
Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees,
in alles mag geheilig wees.

28:2 Gee dat u koninkryk mag kom,
in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos!
En laat ons op die aarde, soos
die eng’le wat u troon omring,
gewillig, Heer, u wil volbring.

28:3 Gee ons – want ons gebrek is groot –
vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid
en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergiffenis,
vir hul wat aan ons skuldig is.

28:4 Lei ons nie in die donker land,
die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van
die Bose wat sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit
en krag en eer in ewigheid.

## 28 B Onse Vader

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen
vir ewig en ewig, amen.

## 29 Halleluja
***Openbaring 19:1–9***

*Eerste Hemelkoor*

29:1 Bo lug en wolke kon ek hoor
die “Halleluja” van 'n koor
wat aarde⁀en lug laat beef het.
Dit was die stem, die lofgeskal
van engelskare sonder tal
wat om my heen gesweef het.

29:2 “Die heil en heerlikheid en eer
en krag aan Hom, ons God en Heer!
Hy het as Vonnisspreker
die groot verleidster neer laat stort;
van mart'laarsbloed, al droog geword,
is Hy die strenge Wreker.”

29:3 En nog eens het die sangerskring
hul “Halleluja” uitgesing
en daardie straf verhewig.
Vir haar wat alles wou verderf,
sal nou die pyniging nie sterf:
haar rook gaan op vir ewig.

*Tweede Hemelkoor*

29:4 Die oudstes, om die troon geskaar,
en viertal wesens wonderbaar
het neergekniel tesame.
Hul het die sterke God aanbid
wat op sy hoë magstroon sit,
met “Halleluja, Amen!”

29:5 'n Stem het uit die troon gegaan.
Dit spoor tot groter ywer aan
al wie Gods lof gesing het:
“Laat wie God vrees en dien, Hom eer
totdat sy glans en glorie weer
die groot heelal deurdring het.”

*Derde Hemelkoor*

29:6 Die grote menigte, as koor
se stemmesang is wyd gehoor
– dis die verloste volke –
geweldig soos 'n donderslag,
swaar soos die dreuning in die nag
van opgesweepte golwe.

29:7 Hul sing die “Halleluja” weer.
“Want,” sê hul, “onse God en Heer
is aan sy Woord gedagtig:
die groot verlossingsdag is daar,
Hy het die koningskap aanvaar
en heers as God almagtig.

29:8 “Laat ons verheug wees en verblyd,
en gee aan God die heerlikheid!
Ná leed wat ons gely het,
staan nou die bruilofsmaal gereed,
waarvoor die Lam se bruid haar kleed
van fynste stof berei het.

29:9 “Dié skoonheid is aan haar gegee,
Gód het haar met dié kleed beklee
van rein en regte dade.”
Skryf: “Salig hul wat na dié maal
deur God genooi word en mag straal
in daardie feesgewade.”[39]

[39] Feesgewade: Feesklere

## 30 ‘n Nuwe Wêreld
***Openbaring 22:1–5***

30:1 Hy‘t my die lewenstroom getoon
wat voortkom uit die hoë troon
van God en van die Lam, dit sal
bly vloei so helder soos kristal.

30:2 En in die middel van die straat,
in altyd vars en frisse staat,
aan weerskant van die lewenstroom,
staan immergroen die lewensboom.

30:3 Dié boom wat langs die water staan,
dra twaalf keer vrug, van maand tot maand.
Sy blaar, wat nooit meer sal verwelk,
gee nasies ‘n genesingskelk.

30:4 Die vloek is uit die stad verban;
die troon van God en van die Lam
is nou daarin. Hul sal Hom sien,
en al sy knegte sal hom dien.

30:5 Sy Naam sal nie in glorie kwyn
maar helder op hul voorhoof skyn.
En nag, wat somber skadu sprei,
is daar nie meer: dit is verby.

30:6 Geen lamp of son is nodig meer:
hul lamp en son is God die Heer.
Hul sal ná smaad en druk en stryd
as konings heers in ewigheid.

## 31 Christus die Oorwinnaar (*Christus Triumphator*)
***Openbaring 19:11–16***

31:1 Toe sien ek teen die bloute, ver
'n ruiter op sy haelwit perd;
dit was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd
en oordeel in geregtigheid;
sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur,
sy krone skitter in die uur
van langverwagte⁀oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een,
deurgrond geen mens, net Hy alleen
in helder selfbesinning.

31:2 Die kleed vol bloed vertel sy roem.
Die Naam waarmee sy volk Hom noem,
is “Woord van God”. Daar binne
volg hemelruiters Hom; hul sit
op spierwit perde, in gelid,
geklee in fyn wit linne.
Dié hemelleër, skitterwit,
hul is dit wat in streng gelid
saam met Hom uitgetrek het.
En uit sy mond het uitgegaan
'n swaard waarmee Hy nasies slaan
wat trots sy toorn gewek het.

31:3 Hy sal nou met 'n ysterstaf
sy vonnis oor hul, streng en straf,
met oordeelsdaad bekragtig.
Hy trap die parskuip met sy voet
en bring oor hul in volle gloed
die toorn van God almagtig.
En op sy kleed met bloed geverf,
en op sy heup wat heil verwerf,
staan daar 'n Naam van ere:
dié oorlog het die pleit beslis
dat Hy die “Hoogste Koning” is,
die ”Heer van alle here”!

## 32 God is Koning

***Openbaring 11:15–19***

32:1 Die hoë lug het toe gebeef
en engelstem het neergesweef:
“Nou is die koninkryke weer
die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgesalfde wat
die wêreld in sy vuis omvat.
Hy sal – beslis is nou die stryd –
as Koning heers in ewigheid.”

32:2 Toe het die vier-en-twintigtal,
die ouderlinge, neergeval
–hul wat voor God op trone sit –
en het die hoë God aanbid:
“Ons dank U, onse God en Heer,
U wat oor alles triomfeer,
wat is en was en kom – u mag,
o Koning, tree nou aan die dag.

32:3 “Die volke, woedend opgestaan
is deur U toorn neergeslaan.
Grysskemer breek die oordeelsdag,
as dooies op hul vonnis wag:
verderwers van die aarde erf
'n eewge toestand van verderf,
maar al Gods knegte kry ’n kroon
en uit genade arbeidsloon.”

32:4 Die tempel het toe oopgegaan
waarin die heil’ge bondsark staan.
Daar straal sy glorie onbesmet,
daar lééf die woorde van sy wet:
daar’s weerlig wat geen weerstand stuit
en donderstemme gee geluid;
die aarde beef, daar’s haelslag –
dit is die grote oordeelsdag.

## 33 Wat ‘n Liefde
***1 Johannes 3:1–5***

33:1 Wat 'n liefde⁀en volheidslewe,
waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe
dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié
wat uit God gebore⁀is, nie,
het die kennis van die Heer nie
as hul hoogste skat begeer nie.

33:2 Wat die Heer nog meer beloof het,
bly verborge; tot dié uur
ál die wonders eers onthul het:
vredesbond wat ewig duur.
Ja, wanneer die Here kom,
dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in skerp omlyning
Hom aanskou in sy verskyning.

33:3 Wie die Middelaar sal inwag
as Hy uit die hemel kom,
word gereinig deur die volmag
wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd:
"Sonde⁀is ongeregtigheid!
Maar ons lewe, weergebore,
is tot heilig-wees verkore!”

## 34 Die HERE is God

***Jesaja 45:1–11***

34:1 Die HEER is God, 'n eenge HEER;
die HEER is God, en niemand meer.
Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink
tot waar dit in die purper sink
van sagte skemerwolke.
Die HEER is God, want Hy vermag
die kom en gaan van dag en nag
wat loop in vaste kringe.
Hy bring die heil en onheil voort,
hul luister na sy almagswoord –
die HEER doen al dié dinge.

34:2 Stuur God ons sy bevrydingswoord -
bring dan, o hemel, wolke voort,
waaruit dit redding reën,
geregtigheid van uitkoms sing
en ons die blye boodskap bring
van God se rykste seën.
Dan sal die aarde⁀ uit vrugb're kluit
die heil en vrede uit laat spruit –
geen onheil is daar meer nie!
Die reg sal uit die aarde breek,
want God die HEER het dit gespreek,
en niemand kan dit keer nie.

34:3 Wee hom wat met sy Maker twis,
wat, waar hy net 'n potskerf is,
Gods weg met hom bevraag het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid,
kan dit sy Maker ooit verwyt
dat Hy hom só gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer;
ons wil die hoë hande eer
wat ons só toeberei het,
ons in dié hande altyd stel,
as kinders, HEER, die werk vertel
waardeur U ons verbly het.

## 35 Aan God alleen die eer (*Soli Deo Gloria*)
***Romeine 11:33–36***

35:1 O dieptes vol geheimenis
wat vir ons oog onpeilbaar is!
O wysheidsbron en kennis wat
die som van alle dinge⁀omvat!
Nog dieper as die hemelrond
is God se oordeel, sonder grond.
En dieper as die diepste seë,
so onnaspeurlik is sy weë.

35:2 Het ooit 'n mens of hemeling
in Gods gedagtes deurgedring?
Of wie is daar so groot van gees,
dat hy sý raadsman ooit kan wees?
Wie het aan God 'n guns bewys
dat hy van Hom vergelding eis?
Wat is by God, so hoog verhewe,
die mens wat in die stof moet lewe?

35:3 Uit Hom – die Bron van alle goed;
deur Hom – wat alles dra en voed;
tot Hom – die doel van al wat streef,
wat is en word, wat roer en sweef,
tot Hom is alle dinge wat
Hy met een wilsgreep gans omvat.
Aan Hom, die God wat ewig lewe,
word ewig lof en eer gegewe.

## 36 Lofsang van die 144 000

***Openbaring 14:2–5***

36:1 Toe hoor ek uit die hemel uit
'n sangstem groot soos die geluid
van golwe wat die seekus slaan,
of donder wat die stormpad gaan.
Dit het my oor ook sag gestreel
soos siters waar hul sag op speel.

36:2 Die duisendtalle stemme bring
die nuwe lied wat hulle sing.
Dit was 'n lied in nuwe toon
wat hulle aanhef voor die troon
en voor die hofstoet wat met glans
van vlammelig Gods troon omkrans.

36:3 En buiten hul kon niemand meer
die klanke van dié loflied leer,
só diep was hulle ingelei,
in Gods geheime ingewy!
Hul lewe, deur die Lam gekoop,
gaan soos 'n spierwit lelie oop.

36:4 Dis hulle wat, op aarde rein,
voor God volkome skoon verskyn,
as eerstelinge,⁀aan God gewy
en aan die Lam, deur loskoop vry.
Al agter Hom kom hulle aan;
hul volg Hom waar sy voetstap gaan.

36:5 Deur Gods genade⁀in Christus ryk,
was hulle aan sy beeld gelyk:
geen valse skyn het hul verblind,
geen leuen is in hul mond gevind,
geen letsel het húl aangekleef,
wat nou by God in reinheid leef.

## 37 Oorwinnarslied by Eindgerig
***Openbaring 15:2 – 4***

37:1 Toe sien ek soos 'n see van glas,
deurstraal met geel-rooi vlammelig.
En die oorwinnaars van die dier
– hul wat nie voor sy mag wou swig –
het langs die see van glas gestaan,
en daar was siters in hul hand.
Hul het gesing soos Israel
gesing het aan die Skelfseestrand.

37:2 Die lied van Moses, kneg van God,
het hul tot eer van God gesing,
en aan die Lam, vir hul geslag,
oorwinnaarshulde toegebring:
“Hoe groot en wonderbaar, o Heer,
hoe billik, reg en almagsterk,
hoe waar en trou, o Koning van
die heiliges is al u werk!

37:3 “Wie sal, o Regter, U nie vrees,
wie sal u hoë Naam nie prys?
Wie sal U na u oordeelswerk
nie lofsing en U eer bewys?
U’s heilig, Heer: die nasies kom
om U te eer, en hulle sing,
want hulle sien regverdigheid
in elke daad wat U volbring.”

## 38 Die eerste liefde

***Openbaring 2:1–7 Aan Efese***

38:1 Ek wat die sewe sterre dra
wat vonkel in my regterhand;
wat wandel waar die kandelaars,
die sewe goues, om My brand –
Ek ken jou werk, al die geswoeg,
en hoe geduldig dat jy ly,
dat jy die kwaad en leuen nie duld
en vir my Naam en waarheid stry.

38:2 Helaas, dié bruidstyd is verby!
Jou eerste liefde‘t jy verlaat.
Dink tog daaraan en soek dit weer,
dié liefde met die liefdesdaad.
En as jy tog my Woord verwerp,
dan kom Ek, maar met oordeel, weer:
Jou kandelaar verloor sy plek
indien jou hart My nie begeer.

38:3 O, luister na My as Ek roep –
dit is die roepstem van die Gees.
Al wie 'n oor het, laat hom hoor,
dat jy my bruidskerk weer kan wees.
Aan die oorwinnaar in die stryd
gee Ek te ete van die boom,
die altyd-nuwe vrugte van
Gods paradys se lewensboom.

## 39 Getrou tot die dood
***Openbaring 2:8–11  Aan Smirna***

39:1 Dit sê die Eerste⁀en Laaste, Hy
wat dood was maar nie dood kon bly:
Ek ken jou werk en lydenslot,
jou armoed, maar jy’s ryk in God.

39:2 Ek hoor die lastering en roem
van wie hulself Gods Bondsvolk noem,
maar wat dié volk se wese mis
en Satans sinagoge is.

39:3 Wees nie bevrees as jul moet ly;
die duiwel self sal jul bestry.
Jul mart'laarskap is kort van duur:
jul lyde⁀is Gods beproewingsvuur.

39:4 Jy wat volhard in stryd en nood,
jy moet getrou wees tot die dood.
Genade sal Ek jou betoon
en aan jou gee die lewenskroon.

39:5 En luister, elkeen wat kan hoor,
die Gees sê in jul hart en oor:
Die tweede dood sal nimmermeer
oor die oorwinnaar triomfeer.

## 40 Word wakker
***Openbaring 2:12–17   Aan Pergamus***

40:1 Ek wat die swaard dra, weerskant skerp,
waarmee 'k my vyand neer sal werp,
Ek ken jou werk, weet waar jy woon –
die plek van Satan op sy troon.

40:2 Jou liefde, trou, aan My verpand,
hou in die martelvure stand;
en jou geloof is vas ten spyt
van Satans felste toorn en nyd.

40:3 Maar in jou midde sluip die slang
wat siele met sy liste vang.
Die lokwoord uit sy leuenmond
verlei die volk van my verbond.

40:4 Word wakker, stuit die kwaad! Waarom
sal Ek in gramskap na jou kom
en met die skerp swaard van my mond
my vyand neerslaan teen die grond?

40:5 Ek roep dit uit voor wie 'n oor,
voor wie 'n hart het – laat hom hoor,
gewillig as die Gees getuig
om na my wil sy wil te buig.

40:6 Aan die oorwinnaar in die stryd
skenk Ek 'n groot verborgenheid:
die manna uit die wildernis,
maar wat tog diep verborge is.

40:7 Wit keursteen uit die marmerberg
– sy naam reeds daarop uitgekerf –
gee Ek aan hom; daar is geeneen
wat dit kan lees, net hy alleen.

## 41 Bewaar my Woord
***Openbaring 2:18–28   Aan Tiatira***

41:1 Die Seun van God, die hoogste Heer,
Hy stuur sy magsbevele neer!
Sy oog is soos 'n vlam van vuur,
sy voet soos koper, blink geskuur.

41:2 Ek ken jou ywer, ongedoof,
jou liefde, diens en jou geloof,
jou lydsaamheid, nog onverkort,
en dat jou werk al beter word.

41:3 Maar daar is een wat strikke weef:
Isébel het by jou herleef;
sy wat die offermaaltyd sprei,
my volk tot sedeloosheid lei.

41:4 Aan hulle wat my Woord bewaar,
die Satansdieptes nie ervaar,
aan dié getroues gee Ek las:
kleef enkel aan my woorde vas.

41:5 Aan wie oorwin, onwankelbaar
my werke tot die end bewaar:
hy sal oor nasies triomfeer,
met ysterstaf sal hy regeer;

41:6 die leërs wat hom teëstaan,
sal hy soos kruike stukkend slaan.
Dis toonbeeld van die heerskappy
wat Hy, die Vader, gee aan My.

41:7 Boodskapper van die dag wat kom,
die môrester, gee Ek aan hom.
Ontwaak dan, slapers van die nag,
gee op die Gees se roepstem ag!

## 42 Jy is dood
***Openbaring 3:1–6   Aan Sardis***

42:1 Ek wat die sewe Geeste het,
en wat die sewe sterre hou –
Ek gee die boodskap deur aan jou:
dis Ek wat op jou werke let.
Jou werke ken Ek, maar dis skyn,
die lewe het uit jou verdwyn.

42:2 Word wakker uit die sluimerdood!
Jou werk is nie opreg en waar,
jou wese troebel, duister, maar
voor God lê al jou werke bloot!
Word wakker uit jou slaap en red
wat amper nie meer lewe het!

42:3 My Woord was helder soos kristal,
jou bruidstyd fris soos môredou.
En hoe is dit verdonker nou!
Bewaar dié skatte, of Ek sal
net soos 'n dief kom, onverwag,
en jou verskrik in oordeelsnag.

42:4 Daar is wel enkeles, maar min
wat nie hul kleed besoedel het.
Hul sal Ek uit die oordeel red,
en hul sal met My wandel in
'n wit gewaad, ‘n fyn blink kleed,
omdat Ek van hul egtheid weet.

42:5 Oorwinnaars sien ek sonde-vry
en in die lewensboek hul naam,
wat Ek voor al die eng’le saam
en voor my Vader sal bely.
Elk wie 'n hart het en 'n oor,
laat hy die Gees se roepstem hoor.

## 43 Omdat jy my Woord bewaar het
***Openbaring 3:7–13 Aan Filadelfia***

43:1 Hy wat heilig en waaragtig
en beklee is met gesag,
wat die sleutel dra van Dawid,
hoogheidsteken van sy mag –
daar is niks wat Hom kan hinder,
wat sy magsvermoë stuit,
wat kan sluit as Hy wil open,
wat kan open as Hy sluit.

43:2 Al jou werke sien en ken Ek,
in hul skoonheid blink hul uit.
En Ek het 'n deur geopen
wat geeneen vir jou kan sluit.
Dat jou krag gering is, weet Ek,
maar jy eer my Woord as skat,
en jy‘t nie my Naam verloën
wat die kennis vol omvat.

43:3 Oë-dienaars, trotse pronkers
uit die huis van Israel,
is 'n satansinagoge
wat jou met verdrukking kwel.
Maar uit hul sal Ek laat aankom
wat hul voor jou voet sal buig;
en dat Ek jou liefgehad het,
sal hul bly voor jou getuig.

43:4 Omdat jy die Woord bewaar het
van my lyde⁀en lydsaamheid,
is Ek jou ook 'n Bewaarder
in die uur van sware stryd
as die tye van besoeking[40]
– elke mond sal dan verstom!–
oor die aarde⁀ en sy bewoners
in die felste smarte kom.

43:5 Ek kom gou! Hou dan bestendig
wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand
ooit jou eerkroon van jou roof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig:
as pilaar sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie,
in my God se pragpaleis.

[40] Besoeking: beproewing, kwelling. HAT p.88

43:6 Op hom sal 'k die Godsnaam skrywe,
onuitwisbaar sal dit straal,
met die naam ook van die Godstad
wat vanuit die hemel daal.
Daar skryf Ek my nuwe Naam ook,
waar hy draer van sal wees.
Laat wie ore het, dan luister
na die roepstem van die Gees.

## 44 Ek wag al voor die deur
***Op. 3:14-22   Aan Laodisea***

44:1 Dis die woord van Hom, die Amen,
die Getuie, trou en waar,
die Begin van God se skepping,
sterke Skeppingsmiddelaar.
Al jou werke sien en ken Ek:
daar’s by jou geen koue⁀of gloed.
En daar rys vir jou 'n walging
uit die grond van my gemoed.

44:2 “Ek is ryk, verryk,” so roem jy.
En jy ken nie jou gebrek,
dat jy, arm en blind, ellendig,
niks het om jou toe te dek.
Koop van My dan goud, gelouter,
wat die ware rykdom gee.
Koop van My die fyn wit klere
wat jou naaktheid kan beklee.

44:3 Koop van My die fyne mengsel
wat as oogsalf jou kan dien,
en bestryk daarmee jou oë,
dat jy, blinde, weer kan sien.
Ek bestraf dié wat Ek liefhet,
en Ek tugtig in my trou.
Wees dan yw'rig tot bekering,
vurig om my Woord te hou.

44:4 Ek staan wagtend voor die deur al,
waar Ek aanklop, lank en luid.
Hoor dan een my roepstem buite,
word vir My die deur ontsluit,
dan sal Ek sy woning ingaan.
Na die maaltyd heengelei,
sal 'k in vriendskap met hom aansit,
hy sal aansit saam met My.

44:5 Ek sal gee aan die oorwinnaar,
in my hoë heerskappy,
dat hy sit as wêreldheerser
op my rykstroon saam met My,
net soos Ek ook met my Vader
triomfeer die wêreld oor.
Dis die Gees se laaste roepstem –
wie 'n oor het, laat hom hoor!

## 45 Die Nuwe Jerusalem
***Op. 21:10-27***

45:1 Hy het my die stad getoon,
groot en van die hemel dalend,
en, deur God se ligglans skoon,
soos 'n kleurgesteente stralend,
helder soos 'n blink kristal
waardeur God se glanse val.

45:2 Rondom rys, gedug in krag,
twaalftal poorte in die mure.
Elkeen voor sy poort op wag,
staan die eng’le, glansfigure.
Bo hul blink, in vlammespel,
twaalf stamname⁀uit Israel.

45:3 Lokkend staan die poorte oop,
oop na al die wêreldoorde,
dat die nasies in kan loop:
van die suide en die noorde
en van daar waar son en maan
nie meer op- en ondergaan.

45:4 Daardie muur was swaar van bou,
dis die stad se skut en wering.
Sterk in twaalfvoud uitgehou
lê die ewige fondering:
daarop staan die name van
twaalf apostels van die Lam.

45:5 In die stad se mate was
daar geen kleinheid en geen engte.
Van die klimmende terras
het die hoogte, breedte, lengte
in hul maat geheel gelyk,
tot die hemelblou gereik.

45:6 Ringmuur vas en sterk gebou
wat die grote stad omring het;
glanse soos die môredou
was die lig wat dit deurdring het.
En die stad se boustof was
goud, deurskynend net soos glas.

45:7 Fondament uit edelsteen
was dit wat die stad omlyn het.
Pêrelpoorte daaromheen
wat met sagte lig geskyn het.
Stad en straat se boustof was
goud, deursigtig, blink soos glas.

45:8 Maar 'n tempel, God gewy
– waar ek ook al kyk, gedagtig
aan Gods huis – kon ek nie kry,
want die Here God almagtig
is sy tempel, en die Lam
is die helder altaarvlam.

45:9 En geen lig van son en maan,
wat hul wentel langs die transe,
sal daar op- en ondergaan:
God self skyn daar met sy glanse,
en die Lam is self die lig
waar 'n eewge nag voor swig.

45:10 Nasies, vry van die gerig,
kom uit nuwe wêreldlande
om te wandel in dié lig.
Konings bring hul offerande
uit 'n volle wêreldskat:
eer en glorie, in die stad.

45:11 Vir 'n nag van skrik en vrees
word die poorte nie gesluit nie,
want daar sal geen nag meer wees
en geen kla- of skrikgeluid nie.
Heerlikheid en eer alleen
trek dan deur die poorte heen.

45:12 Daar sal in dié heiligdom
niemand wat die kwaad bedrywe,
ooit of immer binnekom.
Hul van wie die naam geskrywe
in die Lewensboek sal staan,
húlle sal daar binnegaan.

## 46 Dag van wraak
***Openbaring 20:11–15***

46:1 Bo die kimme van verdwyning
rys die marmerwit verskyning –
oordeelstroon van God die Heer.
Aarde⁀en hemel‘t, skrikbewoë,
weggevlug van voor sy oë;
daar’s geen plek vir hulle meer.

46:2 Voor die regterstoel vergader,
Kom die dooies almal nader,
en die boeke‘t oopgegaan,
so ook die grote Lewensboek
en al die werke word gesoek
wat daarin geskrywe staan.

46:3 Alles deur die mens bedrywe,
's in dié boeke neergeskrywe
van die skeppingsdag af aan.
Alles – eeue word nou ure! –
doem dan op uit dié Skrifture:
dis waaroor die vonnis gaan.

46:4 Langs hul diep, verborge weë
gee die wêreldwye seë
hulle dooies almal weer.
Dood en doderyk aan bewe,
gee hul dooies; oor hul lewe
daal die laaste vonnis neer.

46:5 En die dood, die strawwe koning,
met die doderyk, sy woning,
stort dan in die vlammegraf;
hul met name ongeskrewe
in die Groot Boek van die Lewe,
stort dan in die steiltes af.

## 47 Priesterlike Seën
***Numeri 6:24–26***

47:1 Die HERE sal ons seën,
en Hy sal ons behoed.
Die HERE sal sy aanskyn
altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig.
Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons sy vrede gee.
Amen, Amen.

## 48 Apostoliese Seën
***2 Korintiërs 13:13***

48:1 Die genade van die Here Jesus Christus
en die liefde van God
en die gemeenskap van die Heil’ge Gees,
bly met ons almal!  Amen.

## 49 Môresang

49:1 Barmhartige, getroue God,
Beskikker van ons lewenslot,
ons dank U vir die troue wag
ons weer betoon in hierdie nag.

49:2 Verleen ons, ná die soete rus,
opnuut gesondheid, krag en lus,
wanneer ons, deur die slaap verkwik,
ons vir die dag se arbeid skik.

49:3 Laat ons ons amp en plig, o Heer,
getrou behartig tot u eer;
en laat u guns ons werk bekroon,
u Gees ons lei en in ons woon!

49:4 Sien op ons in genade neer,
en maak ons werk voorspoedig Heer;
skeld ons, na u barmhartigheid,
o HEER, ons skuld en misdaad kwyt.

49:5 Verlig ons hart wat duister is;
laat ons, na u getuienis,
die duiwel en sy werk weerstaan
en ywerig u weë gaan.

49:6 Gee ons 'n seën by u Woord;
plant self die Kerk van Christus voort;
sterk leraars, sterk die aardse mag
wat U beklee met u gesag.

49:7 Troos almal wat deur smart getref,
hul hart vol angs tot U verhef:
maak ons in teëspoede stil;
hoor ons, o God, om Jesus wil.

## 50 Aandsang

50:1 O grote Christus, eewge Lig,
niks is bedek vir u gesig,
wat ons bestraal waar ons ook gaan,
al skyn geen son, al blink geen maan.

50:2 Toon ons u goedheid en u mag
deur u beskerming hierdie nag;
wil in die donker oor ons waak,
sodat geen plaag aan ons sal raak.

50:3 Verkwik ons deur 'n soete rus,
dat ons mag werk met nuwe lus;
laat ook ons luisterende oor
die nag se diepe wysheid hoor.

50:4 Leer ons om in die lewensnag
verlangend op u koms te wag,
daar ons in stil vertroue leef
dat U ons al ons skuld vergeef.

50:5 Beskerm ons in die bange tyd
van sielsversoeking en van stryd;
help as die Bose ons bestry
dat hy oor ons geen voordeel kry.

50:6 Bewaar die Kerk wat nou nog stry,
en wil haar onder kruis verbly;
vertroos die neergeboë hart,
genees die krankes in hul smart.

50:7 O Vader, laat u liefde blyk;
o Seun, maak ons u beeld gelyk;
o Gees, stuur u vertroosting neer;
Aan God drie-enig, al die eer!